DIE FUNKSIONALISTIESE BESKOUINGS

VAN

MALINOWSKI

MET BESONDERE AANDAG

AAN

SY METODOLOGIE.

deur

EDWARD JAMES DE JAGER, Honns. B.A.

Verhandeling ingehandig ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad M.A. in die Departement Volkekunde, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

POTCHEFSTROOM.

1961.

"Wer will was Lebendig's erkennen und beschreiben,
Sucht erst den Geist heraus zu treiben,
Dann hat er die Teile in seiner Hand,
Fehlt leider nur das geistige Band!

(Goethe.)

V O O R W O O R D.

Malinowski troon in die Volkekunde as 'n reus onder die reuse. Veel wat die moderne volkekunde bereik het, is aan hierdie veelsydige volkekundige toe te skryf. Hy het homself onderskei nie alleen as volkekundige navorser onder die Trobrianders nie maar ook as leermeester deur wie se hande veel van die vooraanstaande volkekundiges van ons tyd gegaan het. Dat die keuse op hom geval het by die kies van 'n onderwerp vir hierdie verhandeling is dus te begrype.

Die verhandeling val in twee dele uit een. In die eerste deel, bestaande uit hoofstukke I, II, III en IV, is getrag om 'n beskrywing en verklaring van Malinowski se funksionalistiese beskouings en sy metodologie te gee. In hoofstuk I is 'n algemene inleiding as agtergrond gegee. In hoofstuk II is getrag om sy opvattings van die biologiese fundering van kultuur, teorie van behoeftes en begrip instelling te gee en aan te toon hoe dit die grondslae vorm van sy funksionalisme. Vervolgens is in hoofstuk III sy opvattings ten opsigte van die historiese en kultuurkontak en - verandering geskets. Hoofstuk IV handel oor sy navorsingspraktyk en die tegnieke deur hom daarin toegepas. Hier is 'n onderskeid gemaak tussen sy algemene grondslae vir die navorsingspraktyk en sy navorsingstegniek. In die tweede deel, bestaande uit hoofstukke V, VI en VII, is gepoog om 'n waardering te gee van die sake in die eerste deel genoem. In hoofstuk V word die algemene grondslae van sy navorsingspraktyk sowel as sy tegniek van navorsing gewaardeer. (Dit is dus 'n waardering van sy opvattings soos uit eengesit in hoofstukke II en IV). Hoofstuk VI is 'n waardering van sy beskouings oor die historiese en kultuurkontak en - verandering. Veral is hier getrag om die saak ook in perspektief te stel en veral om te wys op die plek van die Volkekundige en sy navorsing ten opsigte van beleid wat voortspruit uit kultuurkontak studies. In hoofstuk VII is samevattend die negatiewe en positiewe aspekte aangetoon in Malinowski se beoefening van die volkekunde. Deurgaans is getrag om die ambivalensie tussen sy teorie en praktyk aan te toon.

Van/....

Van die gebreke in hierdie studie is die skrywer terdeë bewus en wil daarvoor ook geen verskonings aanvoer nie. Om Malinowski in al sy fasette en aspekte te behandel bly steeds 'n buitegewone groot taak en hierdie studie moet beskou word as 'n poging van die skrywer om vir homself duidelikheid omtrent Malinowski se volkekundige beoefening te verkry.

Die doel van 'n meestersgraad is volgens Newson en Walk (Form and Standards in Thesis writing) viervuldig van aard.

(1) Dit moet aantoon dat die navorser vertroud is met die literatuur en metodologie van sy vak.

(2) Dit moet vir die student dien as 'n voorbereiding en 'n leerskool vorm vir verdere navorsing;

(3) Dit moet die student leer om 'n onderskeidingsvermoë te ontwikkel.

(4) Dit moet 'n bydrae (sekerlik nie so groot as die doktorsverhandeling nie) tot die wetenskap lewer. Ten opsigte van punte (1), (2) en (3) moet ondergetekende erken dat hy daar veel by gebaat het en dat dit die moeite werd was. Ten opsigte van punt (4) hoop ondergetekende dat hy daarin geslaag het.

E.J. De Jager.

Universiteitskollege van Zoeloeland,
Empangeni.
1960.

BEDANKINGS.

In die eerste plek gaan my dank uit tot my promotor en leermeester, Prof. Dr. J.H. Coetzee. Hy was vir my nie alleen 'n leermeester nie maar ook 'n vriend vir wie daar by my alleen die hoogste waardering bestaan. Ek is veel dank aan hom verskuldig vir sy altyd simpatieke houding en duidelike leiding. Om onder hom te mag studeer het was vir my 'n groot voorreg.

Graag wil ek ook my innige dank uitspreek teenoor Mnr. en Mevr. J. van der Wateren vir hulle persoonlike belangstelling in my.

Ek wens verder hartlik te bedank Mnr. en Mevr. J. Blignault en Mevr. A.J. Faure vir hulle leiding op ander gebiede. Sonder hulle simpatie en bemoediging sou die pad veel swaarder gewees het.

Opregte dank ook aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek van die P.U. vir C.H.O. en aan Mnr. Ungerer van die biblioteek van die Universiteitskollege van Zoeloeland.

In die laaste plek my opregte dank aan my moeder van wie ek die eerste beginsel van die wysheid nl. die vrese van God geleer het. Dit is met innige liefde, hoewel sy vandag nie meer daar is nie, dat ek hierdie verhandeling aan haar nagedagtenis opdra.

E.J. de Jager.

INHOUDSOPGAAF.

VOORWOORD.

BEDANKINGS.

INHOUDSOPGAAF.

HOOFSTUK I. BLADSY.

ALGEMENE INLEIDING. 1 - 13

(A) LEWENSKETS VAN MALINOWSKI.
(B) MALINOWSKI SE BELANGRIKSTE WERKE.
(C) PLEK IN DIE VOLKEKUNDE.
(D) BASIESE GRONDBEGRIPPE.
  (a) Biologiese fundering van kultuur.
  (b) Die begrippe: instelling en funksie.
  (c) Die teorie van behoeftes.
  (d) Holistiese kultuurbeskouing.
  (e) A - Historiese opvatting.

HOOFSTUK II.

MALINOWSKI SY FUNKSIONALISTIESE OPVATTINGS: BIOLOGIESE FUNDERING VAN KULTUUR, TEORIE VAN BEHOEFTES, INSTELLINGS. 14-42

(A) ALGEMENE INLEIDING.
(B) BIOLOGIESE FUNDERING VAN KULTUUR.
(C) TEORIE VAN BEHOEFTES.
  (a) Algemeen.
  (b) Basiese behoeftes.
  (c) Afgeleide behoeftes.
(D) INSTELLINGS.
(E) DIE BELANGRIKHEID VAN HIERDIE OPVATTINGS VIR DIE FUNKSIONALISME.
  (a) Beskrywend.
    (1) Biologiese fundering van kultuur.
    (2) Teorie van behoeftes.
    (3) Instellings.
  (b) Verklarend.

HOOFSTUK III.

MALINOWSKI SE BESKOUINGS OOR DIE HISTORIESE EN KULTUURKONTAK EN - VERANDERING. 43-62

(A) DIE HISTORIESE :
  (a) Die historiese gedagterigting in die volkekunde.
    (1) Verteenwoordigers daarvan.
    (2) Tipering daarvan.
  (b) Malinowski se afkeer van die historiese rigting.
  (c) Ontstaansgronde vir sy afkeer :
    (1) Sy funksionalisme.
    (2) Sy empirisme.
    (3) Sy beskouing van die taak van die volkekunde.
  (d) Malinowski se besware teen historiese rekonstruksie.

(B) KULTUURKONTAK EN -VERANDERING.
  (a) Algemene inleiding.
  (b) Sy opvatting van kultuurkontak en - verandering.
  (c) Sy metode vir die bestudering van kultuurkontak en -verandering.
  (d) Funksionalistiese inslag in hierdie beskouing.

HOOFSTUK IV. BLADSY

MALINOWSKI SE NAVORSINGSPRAKTYK EN METODES. 63-81

(A) ALGEMENE INLEIDING.
(B) ALGEMENE GRONDSLAE VAN SY NAVORSINGSPRAKTYK EN METODES.
(a) Biologiese fundering van kultuur.
(b) Die begrip instelling.
(c) Teorie van behoeftes.
(d) Holistiese beskouing van kultuur.
(e) Funksie.
(f) Empirisme.
(C) ALGEMENE TEGNIEK VAN MALINOWSKI SE NAVORSINGS-PRAKTYK EN METODES.
(a) Algemeen.
(b) Voorbereiding.
(c) Taal.
(d) Die beginsel van "going native".
(e) Gebruik van informante.
(f) Gebruik van tabelle, statistieke, ens.
(g) Benadering tydens navorsing.
(h) Tydsduur van navorsing.
(D) GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING.

HOOFSTUK V.

WAARDERING VAN MALINOWSKI SE NAVORSINGS-PRAKTYK EN METODES. 82-106

(A) ALGEMENE GRONDSLAE DAARVAN.
(a) Biologiese fundering van kultuur.
(b) Teorie van behoeftes.
(c) Die begrip instelling en funksie.
(d) Empirisme en a-historiese opvatting.
(B) ALGEMENE TEGNIEK DAARVAN.
(C) BEPERKINGS OP SY NAVORSINGSPRAKTYK EN METODES.

HOOFSTUK VI.

WAARDERING VAN MALINOWSKI SE OPVATTINGS VAN DIE HISTORIESE EN KULTUURKONTAK EN -VERANDERING. 107-127

(A) DIE HISTORIESE.
(B) KULTUURKONTAK EN -VERANDERING.

HOOFSTUK VII.

SAMEVATTENDE WAARDERING.

(A) NEGATIEWE ASPEKTE. 128-133
(a) Biologiese fundering van kultuur.
(b) Gebreke in terminologie.
(c) Gebruik van die begrip instelling.
(d) A-historiese opvatting.
(e) Beperktheid van sy navorsing.
(f) Veralgemenings.
(g) Onregverdige kritiek.
(h) Weersprekings.
(B) POSITIEWE ASPEKTE.
(a) Stimulerende invloed.
(b) Sy eie veldnavorsing.
(c) Tweeslagtigheid van sy navorsing.
(C) ALGEMENE SLOTSOM.

BRONNELYS.

H O O F S T U K I.

ALGEMENE INLEIDING.

Ten einde Malinowski ten volle en ten regte te kan waardeer is dit nodig dat 'n algemene agtergrond van sy lewe, sy belangrikste werk en sy algemene betekenis vir die volkekunde gegee word. Dit is dan ook die doel om baie kursories bogenoemde inligting in hierdie algemene inleiding te verskaf.

(A) LEWENSKETS VAN MALINOWSKI:

Bronislaw Kaspar Malinowski is op 7 April 1884 in Cracow, Pole gebore : oorlede op 16 Mei 1942 te Yale, V.S.A.(1) Sy opvoeding geniet hy aan die Koning Jan Sobieski-skool in Cracow. Daarna gaan hy na die Universiteit waar hy in 1908 die graad Ph.D onderneem met fisika en wiskunde as hoofvakke. Hy word egter deur 'n baie ernstige siekte verhoed om sy studies te voltooi. Tydens sy siekbed kom hy in aanraking met volkekundige werke van Frazer,(2) en sy belangstelling vir die volkekunde word dadelik daardeur opgewek. Na sy herstel het hy vir 'n tydperk onder Büchner en Wundt in Leipzig gewerk deur wie sy volkekundige belang-stelling besonderlik gestimuleer is. In 1910 gaan Malinowski na Engeland.waar hy in 1916 aan die London School of Economics die graad D.Sc. behaal met twee verhandelinge oor die Australiese inboorlinge. Tydens 1913 - 1914 tree hy hier op as lektor in die Departement sosiologie.

In 1914 tree 'n nuwe fase in sy lewe in toe hy, grootliks met die hulp van Seligman, daarin slaag om twee beurse te verower waarmee hy navorsing in Nu-Guinea onder-neem. Hiervan verklaar Lowie(3): -

those/

---

(1) Malinowski, B :- "Sex and Repression in Savage Society". Meridian Books, New York 1959. p.4
Firth, R(red) :- "Man and Culture". Routledge & Paul. London. 1957. p.2

(2) o.a. "The Golden Bough".

(3) Lowie, R.H. :- "The History of Ethnological Theory". Harrap & Kie., London. p.231

"..... <u>those three expeditions of his to New Guinea marked an epoch in his life. All his subsequent publications, descriptive and therretical, stand rooted in that major experience</u>".

Tydens 1918 gaan hy na Australie waar hy in die huwelik tree met Elsie Masson. Tydens 1921 - 1922 aanvaar hy weer 'n tydelike lektoraat aan die London School of Economics, hierdie keer in die Departement etnologie. Vervolgens word hy aangestel as lektor in die sosiale antropologie gedurende die akademiese jaar 1922 - 1923. In 1924 aanvaar hy 'n permanente betrekking aan die Universiteit van London en 1927 word hy aldaar aangestel as professor in antropologie.

Malinowski se akademiese tuiste was nou London maar hy het gedurende die somermaande uitgebreide reise onderneem. In Europa het hy tydens sy reise lesings gegee in Rome, Oslo, Wene, ens. In Mei 1934 het Malinowski ook Suid-Afrika besoek en hier navorsing gedoen, onder andere onder die Swazi. Sy reis het ook ander dele van Afrika ingesluit waar hy navorsing gedoen het onder die Masai, Kikuyu en Bemba. In 1926 besoek hy die V.S.A. waar hy veral onder die Peublo navorsing doen. In 1933 keer hy terug na die V.S.A. as gas van die Universiteit van Cornell. Tydens sy 1936-besoek aan die V.S.A. ken die Universiteit Yale aan hom die oregraad D.Sc. toe. In 1938 gaan hy weer na die V.S.A. waar hy bly tot sy dood in 1942. In 1939 word hy as besoekende professor in antropologie aan Yale aangestel. Aan die begin van 1942 verkry hy 'n permanente professoraat in antropologie aan Yale maar is oorlede voordat hy die pos kon aanvaar.

Uit bogenoemde kort lewensskets kan daar 'n aantal baie belangrike en ook interessante afleidings gemaak word.

(a) Malinowski, soos die geval was met Boas [4] en andere, het oorspronklik in die natuurwetenskappe gestudeer, iets waarteen veral Radin [5] sterk te velde getrek het.

Ook/.....

---

(4) Ibid. p. 128.

(5) Radin, P :- "<u>Method and Theory of Ethnology</u>" MacCraw Hill. New York. 1933. p.5

Malinowski, B:- "<u>A Scientific Theory of Culture</u>" North Carolina U.P. 1944. p.V

Ook Malinowski het dus onderrig in die eksakte wetenskappe gehad. Soos ons later sal sien was dit ook grootliks 'n verklaring vir Malinowski se eis vir empiriese waarneming in die veldwerk-metode van die volkekunde.

(b) Nes die geval was met soveel ander antropoloë het Malinowski se belangstelling vir die volkekunde ook bloot toevallig ontstaan. Het die siekte hom nie vroeg in sy akademiese loopbaan oorval nie en het hy nie tydens sy siekte toevallig kennis gemaak met die volkekundige werke van Frazer nie, sou ons waarskynlik nooit van hom as volkekundige gehoor het nie. (6)

(c) Uit die voorafgaande lewenskets blyk dit baie duidelik dat Malinowski veel gereis het en dat hy nie slegs 'n studeerkamer-volkekundige was nie. Sy etnografiese visie het ingesluit Australië, New-Guinea, Afrika en Amerika. (7) Sy groot etnografiese kennis het Malinowski verder verkry vanweë sy uitnemendheid as veldwerker - want dit was hy in die eerste plek. (8) Maar ook Malinowski se kennis van die teoretiese volkekunde was besonderlik omdat dit in die eerste plek gebaseer was op die resultate van sy eie navorsing. Hy het dus beheer oor sy argumente en bewysmateriaal met sekere beperkinge waarop nog gewys sal word. Sy teoretiese kennis is veral ook verbreed deur sy assosiasie met soveel bekende figure in die volkekunde. Ons hoef hier maar slegs te dink aan name soos die van Wundt, Seligman, Westermarck Frazer, Haddon, Rivers (9) ens.

(B) Malinowski/.....

---

(6) Firth, R (red) :- Op. cit. p.3

(7) Sy belangrikste veld van ondersoek en navorsing was egter in die Suidsee-gebiede en veral onder die Trobrianders van Nieu-Guinea.

(8) Lowie, R.H. :- Op.cit. p.231.
Malinowski, B :- Op.cit. p.v.

(9) Firth, R :- Op.cit. p.p. 5 - 6.
Malinowski, B :- Op.cit. p.v.

(B) MALINOWSKI SE BELANGRIKSTE WERKE.

Dat Malinowski een van die indrukwekkendste volkekundige bibliografië nagelaat het, is baie duidelik.(10) By die nagaan van sy navorsingstukke en artikels tref veral die volgende :-

(a) Die groot aantal wetenskaplike tydskrifte waarvoor Malinowski geskryf het en wat o.a. die volgende insluit :-

1. "Africa"
2. "American Journal of Sociology".
3. "Bulletin of the School of Oriental Studies."
4. "Economica".
5. "Economic Journal."
6. "Forum".
7. "Zeitschrift fur Völkerpsychologie und Soziologie".
8. " The Listerner".
9. "Man."
10. "Nature".
11. "Psyche".
12. "Scientific Monthly".
13. "Sigma Quaterly".
14. "Transactions and Proceedings of the Royal Society of South Australia".

Geen groter bewys as bogenoemde is seker nodig om sy wetenskaplike aansien en status te illustreer nie.

(b) Oorsigtelik kan die volgende gegee word as sy belangrikste groter werke :-

1. "The Family among the Australian Aborigines" (1913)
2. "Argonauts of the Western Pacific." (1922).
3. "Crime and Custom in Savage Society." (1926)
4. "Sex and Repression in Savage Society". (1927)

5/.....

---

(10) Vgl. : Firth, R (red) - Op. cit. p.p. 265 - 271

5. "The Father in Primitive Psychology" (1927)
6. "The Sexual Life of Savages in North - Western Malanesia" (1929)
7. "Coral Gardens and their Magic" (1935)
8. "A Scientific Theory of Culture" (1944)
9. "The Dynamics of Culture Change" (1945)
10. "Freedom and Civilization" (1947)
11. "Magic, Science and Religion and other Essays" (1948)

(c) Om kortliks kommentaar en waardering te gee van sy wetenskaplike publikasies word die volgende genoem:

(1) Malinowski se werke oor die teoretiese volkekunde volg almal betreklik laat in sy loopbaan. Hy formuleer dus sy teoretiese beskouinge eers nadat hy 'n grondige kennis deur eie ondervinding opgebou het. Dit dien as bewys vir die wetenskaplikheid waarmee hy gewerk het. Die feit is dat sommige van sy werke eers na sy dood voltooi is. (11) Dit toon verder duidelik dat Malinowski bewus was van die feit dat wat hy as volkekundige teorie wou lewer iets nuuts was en dat hy daarom getrag het om in die formulering daarvan baie versigtig te wees. Ten spyte van sy versigtigheid egter het hy dikwels gekom tot oorhaastige konklusies en onlogiese redenasies soos weldra aangetoon sal word in verdere hoofstukke.

(2)/.....

---

(11) Hierdie werke is :

Kaberry, P.M. (red.) - "The Dynamics of Culture Change" Yale University Press. New Haven. 1958.

Malinowski, B - "A Scientific Theory of Culture"

Die inhoud van hierdie latere werke was basies dieselfde as sy gedagtes vroeër uiteengesit bv. "culture" in die Encyclopaedia of Social Science : dit is egter in die latere werke veel verbreed, uitgebrei en toegelig.

(2) 'n Tweede kenmerk wat mens tref van Malinowski se werk is dat hy onderwerpe aanpak en navors wat vir jare deur volkekundiges as taboe beskou is bv. die seksuele lewe van die inboorlinge van Melanesië. (12) Die toestand met betrekking tot die studie van onderwerpe soos die seksuele lewe van inboorlinge word mooi beskryf deur Ellis (13) as hy verklaar :

"In the nineteenth century the more sombre view prevailed. The explorers were now mainly English and they carried with them the Anglo - Saxon Puritanism for which all sexual customs that are unfamiliar are either shocking or disgusting."

Soos Ellis (14) duidelik aantoon het Malinowski hier die kompleksiteit van die menslike natuur (15) in aanmerking geneem gepaard met geduldige waarneming en simpatieke insig. (16) Dit is egter nie alleen toepaslik op hierdie besondere werk nie (17), maar deurgaans op al sy navorsing. Die verskyning van sy werk "The Sexual Life of Savages" het egter nog 'n ander groot betekenis nl. dat hy daarmee weggebreek het van die ou eensydige Puriteinse beskouinge en vir die volkekunde nuwe weë gebaan het deur te wys dat sulke onderwerpe soos seksuele lewe op 'n wetenskaplike wyse nagevors kan word.

(3) Malinowski se werke word almal daardeur gekenmerk dat hy een spesifieke aspek neem en dit deeglik navors. Hy kom nooit tot die volle beskrywing, in geheel van die kultuur en sosiale organisasie van 'n stam of gemeenskap nie. Hy wyk dus af daarvan dat hy nie die tradisionele sistematiese monografieë lewer nie maar 'n reeks boeke wat elkeen 'n spesifieke tema behandel (18).

Afgesien/.....

---

(12) "The Sexual Life of Savages" Routledge & Paul. London. 1957.
(13) Ibid. p. viii.
(14) Ibid. Voorwoord.
(15) Ibid. p. ix.
(16) Loc. cit.
(17) "The Sexual Life of Savages".
(18) Vgl.: Lowie, R.H. - Op.cit. p.231.

Afgesien van die feit dat elk van die spesifieke werke klassiek oor die besondere tema is, het dit tog die beperking dat dit baie moeilik is om 'n geheelbeeld van 'n gemeenskap wat beskryf word te kry aangesien, teneinde dit te doen, dit meebring dat 'n aantal lywige bande gelyktydig gehanteer moet word. Hierdie bestudering van een aspek moet gekoppel word aan sy funksionalisme : die funksie van een instelling word bestudeer soos dit voorkom as 'n funksionerende deel van die groter geheel van die kultuur.

Desnieteenstaande getuig elke individuele werk van Malinowski se besondere bekwaamheid, sy doeltreffende beheer oor sy materiaal, die kontrole oor sy metodologie en veral dat hy 'n besondere veldwerker was. So beskryf Ellis (19) sy "Argonants of the Western Pacific" as " ..... a brilliant achievement of ethnographic research" Frazer (20) beskryf dieselfde werk met die volgende woorde "..... It promises to be one of the completest and most scientific accounts ever given,of a savage people" Dit dan kortliks as 'n waardering oor die navorsing en publikasies van Malinowski.

(C) DIE PLEK VAN MALINOWSKI IN DIE VOLKEKUNDE.

Om in die inleidende hoofstuk die plek van 'n persoon in sy vak te skets, terwyl die behandeling van die persoon eers later volg, kom sekor enigsins ongerym voor. Ons wil dit egter hier doen omdat dit noodsaaklik is as agtergrond waarteen Malinowski as volkekundige gesien en gewaardeer moet word.

Malinowski/.....

---

(19) Malinowski, B - "The Sexual Life of Savages"

(20) Malinowski, B - "Argonauts of the Western Pacific" Routledge & Paul. London. 1950. p.xiv.

Malinowski se naam sal altyd saam met die van Firth, Richards, Mead, Fortune, Junod [21] ens. in verband gebring word met die sogenoemde funksionalistiese skool in die volkekunde. Dat Malinowski die vader of stigter van hierdie skool was, is 'n foutiewe stelling. [22 (a)] Weliswaar was hy miskien die belangrikste uitbouer daarvan hoewel hy tog selfs in die skool altyd afsonderlik staan. Lowie verklaar dan ook : [22 (b)]

"In short Malinowski is hardly the father or the sole exponent of functionalism. We gladly hail him as its most articulate, its most persuasive herald. Others have either preached or practiced the faith, he has done both."

Ook Haddon [23] wys daarop dat die idee van funksionalisme nie geheel iets nuuts was nie maar dat Dapper dit reeds so vroeg as 1668 gebruik het in sy navorsing, miskien nie in so 'n duidelike vorm nie. Tog verklaar Haddon van Dapper :

"In more enlightened days he would have founded a School of functional anthropology."

Malinowski self ontken dat hy die stigter van die funksionalistiese skool was.

..... "Any small contribution I may have made consists in writing out and pinning the label of functionalism on an existing body of doctrine, method and interest; and in doing even that I referred in my original article on the subject to no less than twenty-seven predecessors." [24] Dit is geensins buitengewoon dat

Lowie/.....

---

(21) Haddon, A.C. - "History of Anthropology" Watts & Co. London 1949. p.125

Bidney, D. - "Theoretical Anthropology" Columbia U.P. New York 1960. p.223.

(22)(a) Coser & Rosenberg (red) "Sociological Theory" Mac Millan & Co. New York 1959. p.520

Die funksionalistiese opvatting kan reeds teruggevind word by Bastian, Lazarus, Steinthal, Robertson - Smith; dit is ook reeds aanwesig by Amerikaanse volkekundiges soos Boas, Wissler, Cole, ens. en in die Franse skool by Mauss en Rivet.

(22)(b) Lowie, R.H. - Op. cit. p.240.

(23) Haddon, A.C. - Op. cit. p. 125.

(24) Malinowski, B. - "A Scientific Theory of Culture" p.147

Lowie spesifiek die funksionalisme 'n"faith" [25] noem nie want dit was wat dit waarlik vir Malinowski beteken het in sy beoefening van die volkekunde. Hoe belangrik hierdie funksionalisme vir Malinowski was, kan miskien die beste gesien word in sy eie woorde :

"The essential dynamic character of cultural elements and of their relations suggests that it is in the study of cultural function that the most important task of anthropology consists."[26]

In een van sy ander werke skryf hy :[27]

"A much fuller analysis must replace the vague blanket terms employed to describe the phenomena of partial conservatism, of rapid detribalization.. The solution of these problems can only be found through the functional analysis of Native Society....."

In alles, kultuurontleding, metode en teorie van veldwerk, suiwer teoretiese benadering, sien Malinowski die funsionalistiese opvatting as oplossing. Om hom dus te beskou as die belangrikste uitbouer en gebruiker van die funksionalistiese gedagte in die volkekunde is geensins vergesog nie. Ook Lowie erken dit.[28]

Nadat nou die belangrikheid van die funksionalistiese gedagte vir Malinowski aangetoon is, kan kortliks gelet word op wat hy daaronder verstaan. Hy deel self mee dat dit hoofsaaklik op vyf aksioma's of beginsels berus:[29]

Kultuur/.....

---

(25) Lowie, R.H. - Op. cit. p.240.

(26) Malinowski, B - "Culture"
Encyclopaedia of Social Science.
Mac Millan & Co. London. 1930 p.625

(27) Malinowski, B - "The Dynamics of Culture Change" p.240

(28) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 240

(29) Malinowski, B - "A Scientific Theory of Culture" p. 150

(1) Kultuur is essensieël 'n instrumentele apparaat waardeur die mens in staat gestel word om die konkrete spesifieke probleme wat deur sy omgewing meegebring word, in die proses van die bevrediging van sy behoefte, op te los.

(2) Kultuur is 'n stelsel van voorwerpe, aktiwiteite en houdings wat elk 'n doel dien of 'n middel tot 'n doel is.

(3) Kultuur is 'n integrale geheel waarin die verskillende elemente onderling inter-afhanklik is.

(4) Sodanige aktiwiteite, houdings en voorwerpe is gesentreer rondom basiese behoeftes in die vorm van instellings (institutions) soos die familie, die klan, die plaaslike gemeenskap, die stam en georganiseerde groepe vir ekonomiese samewerking, politieke-, regs-, en opvoedkundige aktiwiteite.

(5) Met betrekking tot die tipe aktiwiteit is dit moontlik om kultuur te ontleed in 'n aantal aspekte soos opvoeding, sosiale kontrole, ekonomie, stelsels van kennis, geloof en moraal en wyses van skeppende en artistieke uitinge.

In latere hoofstukke sal breedvoerig stil gestaan word by hierdie funksionalistiese gedagtes van Malinowski. Voorlopig kan beweer word dat Malinowski se plek in die volkekunde is dat hy die belangrikste uitbouer en draer van die funksionalistiese rigting is en dat sy invloed op die ontwikkeling van die volkekunde in die afgelope eeu geensins onderskat moet word nie.

Vervolgens 'n saak waarmee Malinowski se invloed, betekenis en posisie in die ontwikkeling van die volkekunde nog duideliker sal blyk : hy was 'n persoon wat nie alleen veel volkekundige werke gelewer het nie; hy het ook volkekundiges onderrig en dan veral het hy hulle onderrig in sy funksionalistiese opvatting van die volkekunde. Hy was dus daarmee ook 'n bewuste bouer van sy volkekundige skool.

Firth/.....

Firth (30) verklaar dan ook van Malinowski dat hy meer as enigiets anders 'n leermeester van die vak was en dat sy studente nie alleen van oor die hele wêreld gekom het nie maar dat hy hulle uit verskei vertakkinge van die wetenskap getrek het. Firth (31) deel voorts mee dat Malinowski veral van die Seminaar-metode van onderrig gebruik gemaak het en dat dáár meer as op enige ander plek, sy perspektief nugtere logika, pynlike opmerksaamheid en konstruktiewe kritiek voor die dag gekom het. Onder Malinowski het onder andere die volgende vooraanstaande volkekundiges van ons tyd gestudeer : Firth, Richards (32), Nadel (33), Driberg (33) Goodfellow (35), ens. Dus ook as leermeester van die volkekunde het Malinowski groot betekenis.

Malinowski neem ongetwyfeld 'n baie belangrike plek in in die ontwikkeling en geskiedenis van die volkekunde. Hy was veldwerker, teoretikus, kritikus en onderwyser van die volkekunde en in dit alles het hy homself onderskei as 'n buitegewoon begaafde akademikus en mens. Waardering vir hom kan miskien nie beter uitgedruk word as deur een van sy eie studente aan te haal nie: (36)

"Malinowski is like an Oriental teacher - he is a father to his pupils; he has us to his home; he gets us to run messages for him; sometimes we even cook for him. And we like to do these things for him."

Om/.....

---

(30) Firth, R (red.) - Op.cit. p.8

(31) Loc. cit.

(32) Loc. cit.

(33) Nadel, S.F. - "A Black Byzantium. Oxford U.P. London 1946. p. xii

(34) Driberg - "At Home with the Savage" Routledge & Co. London. p. v

(35) Goodfellow - "Principles of Economic Sociology" Routledge & Co. London 1939.

(36) Firth, R (red) - Op. cit. p. 9

Om altyd mens te bly is 'n kwalifikasie vir enige persoon. Dit was Malinowski : geleerde, kenner, mens!

"Wherever he went, he left the impact of a powerfull personality. Whether it was at a academic gathering or at a party ..... he stood out, by his appearance, his manner, his clear intellegence and his brilliance of conversation." (37)

(D) BASIESE GRONDBEGRIPPE IN MALINOWSKI SE FUNKSIONALISTIESE BESKOUINGS:

Hier word baie kursories die basiese grondbegrippe in Malinowski se funksionalistiese beskouing aangestip. Hulle word in latere hoofstukke breedvoeriger bespreek.

(a) Biologiese fundering van kultuur:

Dit is vir Malinowski 'n primêre uitgangspunt in sy navorsingspraktyk en kultuurbeskouing. Dit kom daarop neer dat kultuur die bevrediging van die mens se basiese behoefte is. Kultuur het dus ontstaansgrond daarin dat dit die resultaat is van die versadiging van basiese behoeftes wat ontstaan as gevolg van sekere biologiese impulse. Die belangrikheid van bogenoemde vir die funksionalistiese navorsingspraktyk van Malinowski is dat dit in kultuur 'n universeelgeldende beginsel is dat daar verband bestaan tussen menslike behoeftes en kultuuraspekte.

(b) Die begrippe : instelling en funksie.

Beide is kardinale begrippe in Malinowski se funksionalistiese kultuurbeskouing en navorsingspraktyk. Instellings, omdat dit die ware eenheid van analise is in kultuur en omdat dit 'n funksie het. Funksie, omdat met die bestudering daarvan gekom kan word tot 'n waardering van die verhouding tussen instellings, instellings en die persone wat dit organiseer en die ganse kultuur teenoor die natuurlike omgewing. Instellings is gebou om menslike behoeftes en het daarom 'n funksie.

(c)/.....

---

(37) Ibid. p. 12.

(c) Teorie van behoeftes:

Malinowski onderskei tussen twee klasse behoeftes nl. basiese behoeftes wat gebasseer is op biologiese impulse, en afgeleide behoeftes wat gebaseer is op vereistes waaraan voldoen moet word teneinde kultuur se voortbestaan te verseker. Die behoefte-skema van Malinowski volg dus eintlik uit sy biologiese fundering van kultuur. Dit is vir hom belangrik omdat deur die behoefte te ken die kulturele reaksie daarop beter verstaan kan word. Dit is ook belangrik omdat om elke behoefte 'n instelling gebou is met 'n bepaalde funksie. Dit is dus 'n belangrike begrip vir beide sy funsionalistiese kultuurbeskouing en sy navorsingspraktyk.

(d) Holistiese kultuurbeskouing:

Dit is sy grondliggende uitgangspunt van kultuur. Daarvolgens is elke kultuur 'n eenheid waarvan die onderdele, vir hom meestal instellings, inter-afhanklik is. Geen kultuur kan volgens hom verstaan word sonder hierdie geheelbeskouing nie. Vir sy navorsingspraktyk beteken dit dat kultuur met enige aspek as uitgangspunt bestudeer kan word omdat weens die inter-afhanklikheid daarvan met die res van die kultuur, dit sal lei tot 'n begrip van die ganse kultuur. Hierdie opvatting lei tot sy verwerping van die vergelykende metode in die volkekunde en in besonder by die bestudering van kultuur.

(e) A - Historiese opvatting.

Malinowski se a-historiese opvatting is 'n uitvloeisel van sy ander funksionalistiese opvattings. Dit kom neer op die verwerping van die historiese metode omdat sake uit die verlede niks te doen het met kultuur soos dit op die huidige stadium funksioneer nie ; dit kan nie lei tot 'n beter begrip van die kultuur nie en is dus oorbodig.

--ooOoo--

H O O F S T U K II

MALINOWSKI SE FUNKSIONALISTIESE OPVATTINGS : BIOLOGIESE FUNDERING VAN KULTUUR, TEORIE VAN BEHOEFTES, INSTELLINGS.

(A) ALGEMEME INLEIDING:

In hierdie hoofstuk sal 'n nadere omskrywing van Malinowski se funksionalistiese opvattings : biologiese fundering van kultuur, teorie van behoeftes en instelling gegee word. Dit is uit die aard van die saak, en ook vir latere bespreking, noodsaaklik dat 'n duidelike begrip verkry sal word van wat hy presies daaronder verstaan aangesien dit ten grondslag lê van sy kultuurbeskouing en sy navorsingspraktyk. In hierdie hoofstuk word nie 'n wetenskaplike kritiek daarop gegee nie omdat dit volledig gedoen word in latere hoofstukke.

(b) BIOLOGIESE FUNDERING VAN KULTUUR :

"We have implied first that the theory of culture must take its stand on biological fact. Human beings ... are subject to elemental conditions which have to be fulfilled so that individuals may survive, the race continue and organisms one and all be maintained in working order." (1)

Op die vraag hoe die mens dit reg kry en wat hy doen om te kan voortbestaan, waarmee hy die konkrete probleme oorkom waarvoor sy biologiese behoeftes hom stel, gee Malinowski s elf die antwoord : "man creates a secondary evironment" (2) Die sekondêre omgewing wat so geskep word, is kultuur. (3) Malinowski fundeer kultuur dus biologies.

Volgens Malinowski spruit hierdie biologiese fundering van kultuur voort uit 'n aantal universele beginsels :

(a) die feit dat die mens 'n liggaam het wat onderworpe is aan sekere organiese of biologiese behoeftes, (4)

(b)/.....

---

(1) Malinowski, B - "A Scientific Theory of Culture" p. 36
(2) Loc. cit.
(3) Ibid. p. 37
(4) Loc. cit.

(b) Die feit dat die mens leef in 'n omgewing wat aan die een kant sy beste vriend is omdat dit aan hom die materiaal lewer om aan sy biologiese behoeftes te voldoen, aan die ander kant is dit weer sy grootste vyand ook omdat dit sy voortbestaan bedreig.

Kortliks saamgevat kom dit hierop neer :

Mens :	biologiese of basiese behoeftes.	+	Aanpassing by omgewing	= Kultuur.

Kultuur ontstaan en bestaan dus daarin dat die mens deur gebruik te maak van sy omgewing om die probleme van sy biologiese (basiese) behoeftes op te los 'n sekondêre omgewing skep en hierdie sekondêre omgewing is kultuur. Hieruit vloei baie duidelik 'n aantal noodwendighede :

(a) Die omgewing (primêre sowel as sekondêre) is daarvolgens die enigste voorsiening vir die menslike voortbestaan. Die mens het geen ander middel as die omgewing om sy basiese behoeftes te bevredig nie.

(b) Die mens pas hom aan in grade van geslaagtheid. Dit verklaar dan ook die groot verskeidenheid kultuurverskynsels wat om een menslike behoefte sentreer.

(c) Kultuur, dit wil sê die aanpassing van die mens se basiese behoeftes by sy omgewing is nooit absoluut staties nie maar ook dinamies. Soos die mense se behoeftes verander, so verander ook kultuur.

(d) Kultuur, hoewel dinamies in sy ontwikkelingsgang, is ook staties in die sin dat nuwe geslagte daarvan gebruik maak. Daar bestaan 'n kulturele tradisie wat van een geslag na die ander oorgedra word. Die voortsetting van die kulturele tradisie is dus gekoppel aan die biologiese voortplanting van die mens. (5)

Malinowski/.....

---

(5) Ibid. p. 75.

Malinowski se term "human nature" [6](menslike natuur) vereis nadere omskrywing. Hy verstaan onder menslike natuur die biologiese determinisme wat op kultuur en op elke individu die verpligting lê van liggaamlike funksies soos slaap, rus, voeding, asemhaling, voortplanting, ens.[7] Daar is ook nog 'n ander begrip "basic needs" (basiese behoeftes) wat nadere omskrywing vereis. Malinowski definieer dit as die omgewings- en biologiese omstandighede waaraan voldoen moet word vir die voortbestaan van die individu en die gemeenskap.[8] Sy begrip "organised human behavior" (menslike georganiseerde gedrag) kan nie sonder die ander twee begrippe verstaan word nie; hulle lê ten grondslag daarvan.

Malinowski wys vervolgens daarop dat daar sekere aktiwiteite is - hulle word noodwendig meegebring deur die omgewing en die menslike fisiologie - wat universeel is aan alle vorme van kultuur. Hy som hulle soos volg op:[9]

(A) IMPULS.	(B) DAAD	(C) BEVREDIGING
Asemhaling	Inneem van O2.	Uitskakeling van O2.
Honger	Inneem van voedsel.	Versadiging van honger.
Dors	Inneem van vloeistof.	Les van dors.
Seksuele drif	Seksuele daad.	Seksuele bevrediging.
Afgematheid	Rus.	Herstel van spier - en senuwee energie.
Rusteloosheid	Aktiwiteit.	Bevrediging deur moegheid.
Lomerigheid	Slaap.	Ontwaak met hernude energie.
Vrees	Ontsnapping van gevaar.	Ontspanning.
Pyn	Voorkoming of verligting daarvan.	Herstel na normale toestand.
Drukking op die blaas	Ontlasting.	Verwydering van drukking.
Drukking: Caecum-Rectum	Ontlasting	Verwydering van drukking.

Die/.....

(6) Loc. cit.
(7) Loc. cit.
(8) Loc. cit.
(9) Ibid. p.77

Die eerste kolom (A) gee die impuls wat primêr veroorsaak is deur die fisiologiese staat van die liggaam. In die tweede kolom (B) het ons die fisiologiese daad wat die impuls versadig. Die derde kolom (C) bevat die eindresultaat van die fisiologiese aktiwiteit in verhouding met die oorspronklike impuls. Malinowski beskou hierdie impulse wat veroorsaak is deur die fisiologiese staat van die liggaam as 'n determinerende faktor in menslike gedrag en daarom ook determinerend in alle kultuur. (10) Hy beklemtoon dat al drie die stadiums dit wil sê impulse - daad - bevrediging in elke kultuur voorkom. Dit is die biologiese basis van kultuur.

Malinowski voer vier redes aan waarom kultuur biologies gefundeer is : (11)

(1) Die impulse en hulle bevrediging wat, soos reeds gesê is, in alle kulture voorkom, moet in die eerste plek altyd biologies omskryf word.

(2) Impulse is verwant aan kultuur deurdat kultuur die vorm is waarin die daad van bevrediging plaasvind : die kultuur self bevredig dus die impuls.

(3) Die bevrediging van die impuls of die behoud van die impuls as drif, is 'n konstante fisiologiese faktor met sielkundige gevolge, wat die menslike gedrag bepaal in al sy aktiwiteite. (12)

(4) Die voortbestaan van die kulturele aktiwiteit is direk afhanklik van die impuls en die bevrediging daarvan.

So/.....

---

(10) Ibid. p. 79.

(11) Ibid. p. 81.

(12) Ons sal nog later sien dat Malinowski altoos kom tot 'n psigo-biologiese verklaring in kultuur.

"So far we have learned that human nature imposes on all forms of behaviour a certain determinism. This consists of a number of vital sequences ..... These vital sequences constitute crystallizing points for a number of cultural processes, products and complex arrangements." (13)

Daar is egter ook 'n tweede faktor wat op die sekondêre omgewing inwerk of dit bepaal. Hierdie faktore noem Malinowski "cultural determinants" (14) (Kulturele determinante) Die impuls of biologiese behoefte is nie absoluut onbuigbaar nie omdat die kulturele faktore wat voortvloei uit die kulturele ontwerp die versadigsvorm, dit wil sê indirek die impuls, kan wysig en omvorm om aan te pas by die kulturele ontwerp; die vereiste is egter dat aan die minimum eis van die behoefte of impuls bevrediging gegee word.

In enige bespreking of besinning oor kultuur moet volgens Malinowski beide reekse faktore nl. biologiese - sowel as kulturele determinante in aanmerking geneem word. Die dinamiese krag in die kulturele ontwerp is egter die menslike natuur.

Met die skepping van kulturele determinante beperk Malinowski vanself weer sy biologiese faktore en kan daar nie meer sprake wees van absolute biologiese determinisme nie.

Uit hierdie twee reekse faktore lei Malinowski sy begrip "needs" (behoeftes) af.

(c)/.....

---

(13) Ibid. p. 85

(14) Ibid. p. 86.

(C) TEORIE VAN BEHOEFTES :

(a) Algemeen:

Onder 'n behoefte verstaan Malinowski daardie stel van omstandighede in die menslike organisme en in die kulturele opset, en die verhouding van beide tot die natuurlike omgewing, wat noodsaaklik is vir die voortbestaan van die groep en organisme. (15) Daar is ook gesien dat die biologiese van die mens op alle menslike gedrag tot 'n sekere mate deterministies inwerk. Die impuls kom nie in sy suiwer biologiese vorm voor nie omdat die omstandighede van uiting en die vorm van uiting bepaal word deur sekere kulturele determinante. Die bevrediging van die impuls bly egter steeds 'n voorwaarde waaraan die kulturele beinvloeding en omvorming moet voldoen.

(b) Basiese behoeftes:

Malinowski kom op grond van sy biologiese fundering van kultuur, en die daaruit vloeiende begrip van wat 'n behoefte is tot die opstel van 'n reeks basiese behoeftes en die kulturele reaksies daarop in die proses van bevrediging. Dit is volgens Malinowski universieël aan alle menslike gemeenskappe en kultuur. Sy reeks is soos volg (16) :

(A) BASIESE BEHOEFTES.	(B) KULTURELE REAKSIE.
1. Metabolisme.	Kommissariaat.
2. Voortplanting.	Bloedverwantskap.
3. Liggaamlike gemak.	Skuiling.
4. Veiligheid.	Beskerming.
5. Beweging.	Aktiwiteit.
6. Groei.	Opleiding; Onderrig.
7. Gesondheid.	Higiëne.

Malinowski/.....

---

(15) Ibid. p.90
(16) Ibid. p. 91
Herskovits, M - "Cultural Anthropology" p. 112.

Malinowski self verklaar van bogenoemde lys :

"Our whole two-fold list has to be read with each pair of horizontal entries regarded as linked up inseparably. The real understanding of our concept of need implies its direct correlation with the response which it receives from culture ... we find that need and response are directly related and tuned up to each other." (17)

Laat ons kortliks let op wat Malinowski onder elk van die behoeftes verstaan.

(1) Metabolisme: (18)

Dit is die prosesse van voedselinname, vertering daarvan en die afskeiding van die afvalstowwe deur die mens. Metabolisme is aan die een kant verwant aan omgewingsfaktore, daardeur dat dit die bron vir voedsel is, en aan die ander kant aan die wisselwerking tussen organisme en buitewêreld wat deur die kultuur omvorm is.

(2) Voortplanting: (19)

Hieronder verstaan hy dat voortplanting moet geskied in 'n numeries-bevredigende wyse om te verseker dat die gemeenskap voortbestaan.

(3) Liggaamlike gemak: (20)

Hieronder verstaan Malinowski temperatuur, vogtigheid, afwesigheid van giftige stowwe ens, wat die fisiologiese prosesse van bloedsirkulasie, vertering van voedsel ens. moontlik maak.

(4)/.....

---

(17) Malinowski, B. - Op. cit. p.93.

(18) Ibid. p. 91

(19) Ibid. p. 92

(20) Loc. cit.

(4) Veiligheid: (21)

Malinowski sluit onder hierdie begrip in die voorkoming van liggaamlike beserings deur of meganiese ongeluk of aanvalle van diere en aanvalle van mense.

(5) Beweging: (22)

Die algemene toestand waaronder 'n groep mense lewe en saam werk en waaronder die lede, te enige tyd, en alle lede op een of ander tyd, oefening kan neem.

(6) Groei: (23)

Omdat die kind by geboorte hulpeloos is, die proses van rypwording stadig en stelselmatig is, en by hoë ouderdom die bejaarde weer hulpoloos is, oefen die proses van groei invloed uit op kultuur.

(7) Gesondheid: (24)

Malinowski verklaar dat hierdie omskrywing eintlik al die vorige omvat as ons dit beskou as, en dit is soos dit beskou moet word, die onderhouding van die organisme in normale toestand vir die doeltreffende vervulling van die funksie daarvan. (25)

Dit dan kursories Malinowski se basiese behoeftes wat in kolom (A) opgesom is. Vervolgens word gelet op die kulturele reaksie van bevrediging wat in kolom (B) opgesom is.

(1)/.....

---

(21) Loc. cit.

(22) Loc. cit.

(23) Ibid. p. 93

(24) Loc. cit.

(25) Die algemene "gesondheids"- opvatting van die primitiewe mens val egter eerder op die magiese dit wil sê religieuse as op die biologies - fisiologiese vlak.

(1) Kommissariaat : (26)

In sy voldoening aan die voedingsdrang neem die mens nie direk sy toevlug tot die natuur nie; dit geskied nie in isolasie nie en dit geskied ook nie bloot in slegs fisiologiese aksies nie. Sekere feite sal in enige gemeenskap gevind word wat op algemeenheid dui. So eet bepaalde mense gewoonlik saam en gewoonlik op 'n bepaalde plek wat vir die doel afgesonder is en dan op 'n vooraf bepaalde tydstip, wanneer die voedsel voorberei is; sekere materiële voorwerpe word aangetref waarmee geëet word en daar is gewoonlik sekere reëlings en reëls waarvolgens geëet word. In alle menslike gemeenskappe kom die daad van eet binne 'n bepaalde instelling voor. Die kulturele reaksie of bevrediging van die behoeftes van die metabolisme bestaan dus uit 'n reeks instellings. Die daarstelling van voorgeskrewe kodes bring 'n afgeleide behoefte of kulturele imperatief mee wat in werkende toestand gehou moet word in elke menslike gemeenskap.

(2) Bloedverwantskap of reëling van verwantskap: (27)

Die menslike kleuter het ouerlike versorging nodig. Geen kultuur kan dus voortbestaan indien die daad van reproduksie dit wil sê verwekking, bevrugting, baring en geboorte nie verbind is aan 'n wettige ingestelde ouerskap nie: daardeur word die verpligting en verhouding van die ouers teenoor die kind meegebring. Die gehele proses kom voor in spesifieke instellings en dit is duidelik omraam deur 'n kode van optrede, reëls en sanksies. Afgesien van die biologiese determinisme van gemeenskap, bevrugting, baring en geboorte is daar ook kulturele determinisme aanwesig wat insluit elemente van opvoeding, gesag en geldigheid.

(3) Skuiling: (28)

Alle materiële goedere wat hiervoor gebruik word is deel van die roetine van 'n georganiseerde lewenswyse. Skuiling, hitte-verskaffing, sanitêre reëlings ens.

kom/...

---

(26) Ibid. p.95
(27) Ibid. p. 99
(28) Ibid. p. 103

kom voor in die normale huishouding asook gewoonlik die vervaardiging van klere. Ook hier dus kom dit voor in bepaalde instellings, is dit verbonde aan 'n stelsel van kode en reëls.

(4) Beskerming: (29)

Dit behels die organisasie van beskerming en verdediging teen natuurlike gevare, aanvalle van diere en menslike geweld. 'n Belangrike element van beskerming is antisipasie en dus vroegtydige voorkoming van die gevaar. Instellings, reëls, kodes en gedragswyses bestaan ook hier.

(5) Aktiwiteit: (30)

Menslike organismes het beweging nodig. Die versadiging van hierdie behoefte word primêr bepaal deur die feit dat sonder spieraksie en oriëntasie van die senustelsel die mens niks kan doen nie. Hierdie kulturele bevrediging berus dus op die menslike spier-beweging en vrystelling van energie daardeur.

(6) Opleiding en Onderrig: (31)

Daardeur word verstaan die verskillende wyses waarop die individu van kleuter tot volwasse opgelei en onderrig word in die kultuur waarin hy opgroei. Hoe verder hy in die proses vorder hoe meer maak hy kennis met al meer en meer instellings van sy kultuur. Dit vind plaas deur middel van instellings en daarmee hang saam gedragskodes en regulasies.

(7) Higiëne: (32)

Dit is reeds gedeeltelik beskryf onder die ander inskrywings onder bespreking veral Kommissariaat, skuiling en aktiwiteit. Bygevoeg kan word dat by die primitiewe mens dit gewoonlik ten nouste saamhang en gedomineer word deur opvattings en gelowe van magie en towery.

(c)/.....

---

(29) Ibid. p. 104
(30) Ibid. p. 106
(31) Ibid. p. 107
(32) Ibid. p. 108

(c) Afgeleide behoeftes:

Daar is reeds aangetoon hoe Malinowski deur die insluiting van sy biologiese impulse in die menslike aktiwiteit gekom het tot die afleiding van biologiese behoeftes. Ons het ook gesien dat volgens Malinowski die kulturele reaksie en versadiging van die behoeftes 'n reeks instellings in die kultuur meebring wat nie elkeen geïsoleerd staan nie maar wat nou verwant is aan mekaar en in baie gevalle vervleg is. Malinowski verklaar dan ook (33):

"We are satisfied by being once more led to the conclusion that our concept of institution provides us with the legitimate unit of concrete analysis."

Opmerklik is ook dat oral in aanraking gekom is met ekonomiese belange en organisasie, invloed van opvoedkundige instansies, regsaspekte en elemente van politieke gesag. Malinowski noem hierdie vier sake instrumentele of afgeleide behoeftes. (34) Geen instelling is funksioneel verbonde aan slegs een spesifieke basiese behoefte nie. Daaruit moet ons aflei, en dit sê Malinowski self (35), dat kultuur nie 'n replika is in terme van 'n spesifieke reaksie tot 'n spesifieke biologiese behoefte nie. Die feit dat kulturele reaksies ook sekere instrumentaliteite meebring is bewys dat dit eerder die versadiging of bevrediging van 'n reeks behoeftes is. As voorbeeld neem Malinowski dan die gesin. Primêr sal ons altyd die familie herlei na die voortplantings-motief, by die individu en gemeenskap. (36) Die

liggaamlike/ ...

---

(33) Ibid. p. 110

(34) Loc. cit.

(35) Ibid. p. 112

(36) Die liefdes- en gemeenskapsimpuls is eerder eties-religieus as biologies. Die afleiding wat Malinowski hier maak is dus nie korrek nie.

liggaamlike behoefte aan beskerming, gemak en bevrediging kan egter deur dieselfde materiële apparaat en stelsel van gebruike en reëls bevredig word as wat nodig is vir reproduksie n.l. die gesin en huishouding.

"Thus the family will be always integrated on reproduction and through the principle of propinquity, a whole range of needs, nutritive and connected with health cleanliness, and bodily comforts, will be conjointly satisfied within the domestic organization."(37)

So vind ons in die huishouding 'n stel ekonomiese aktiwiteite, ons vind daarin gesag; opvoeding en opleiding is 'n belangrike taak daarvan en dit is 'n steunpilaar waarop sosiale verhoudinge grootliks rus. Wat vir die gesin geld, geld vir alle ander instellings en stelsels van georganiseerde optrede by die mens. Dit beteken egter nie dat die funksie van 'n instelling nie bepaal kan word nie. Die aktuele aard van die instelling is altyd bepaalbaar. Die familie het as primêre funksie die daarstel van omstandighede waarin voortplanting kan plaasvind. Dit het egter ook ander bykomstige of afgeleide funksies soos ons gesien het. Malinowski kom dus tot die daarstel van afgeleide behoeftes. In die proses van kultuur dit wil sê die versadiging of bevrediging van basiese behoeftes word die mens sekere afgeleide moontlikhede en potensialiteite en kragte bygelê. Dit beteken die uitbreiding van die omvang van menslike aktiwiteit, met ander woorde dat kultuur tot gevolg het 'n nuwe tipe spesifieke determinisme ten opsigte van menslike optrede.

Vervolgens word gelet op hierdie afgeleide behoeftes of soos Malinowski dit noem, kulturele imperatiewe wat die mens homself oplê in sy kulturele reaksie en bevrediging van sy basiese behoefte.

Die/.....

---

(37) Loc. cit.

Die mensheid as 'n geheel, en elke individu in elke gemeenskap, begin die lewe as naakte organisme. Ten-einde te kan voortbestaan moet die mens hom aanpas by sy omgewing en skep hy 'n sekondêre omgewing. Net so bindend as wat dit is dat die mens sy basiese en biologiese behoeftes moet bevredig, net so bindend is dit dat hy hierdie sekondêre omgewing in prinsiepe onderskei en in sy besondere vorme, wat juis ontwikkel is om sy basiese behoeftes te bevredig, moet in stand hou. Versuim hy om dit te doen lei dit tot vernietiging op die biologiese vlak. (38) Die kultuur wat die mens geskep het om aan sy biologiese of basiese behoeftes te voldoen lê dus weer aan die mens afgeleide behoeftes op waarin voldoen moet word vir die voortbestaan van die kultuur.

In die onderstaande skema is die instrumentele imperatiewe van kultuur aangetoon in kolom (A) en in kolom (B) die kulturele reaksie daarop : (39)

(A) KULTURELE IMPERATIEWE	(B) KULTURELE REAKSIE
1. Die kulturele apparaat bestaande uit implemente en verbruikersgoedere moet geproduseer, gebruik onderhou en vervang word deur nuwe produksie.	Ekonomie
2. Menslike gedrag ten opsigte van tegniese, gebruiklike, wettige en morele voorskrifte moet gekodifeer en gereguleer word deur aksie en sankies.	Sosiale kontrole
3. Die menslike materiaal, waardeur instellings in stand gehou word, moet hernu, gevorm en onderhou word deur kennis van die tradisionele.	Opvoeding en Onderrig
4. Gesag binne die instelling moet omskryf word, toegerus word met magte en gehandhaaf word.	Politieke organisasie

Die/.....

---

(38) Ibid. p. 121
(39) Ibid. p. 125

Die basiese bron van hierdie afgeleide imperatiewe en die determinisme daarvan op kultuur bly nog steeds indirek die biologiese vereistes van die mens en gemeenskap wat bevredig moet word.

Daar moet vervolgens gelet word op wat Malinowski verstaan onder ekonomie, sosiale kontrole, opvoeding en politieke organisasie as reaksie op die kulturele imperatiewe.

1. Ekonomie:

Malinowski veronderstel onder die ekonomiese stelsel van 'n kultuur, geneem as 'n geheel , nie slegs die verskillende instellings vir produksie, verspreiding en verbruik van goedere nie, maar veronderstel ook die algemene beginsels wat die ekonomie van 'n gemeenskap bepaal. Baie belangrik vir die ekonomiese is volgens Malinowski, die wettige reëls en opvattings van waarde wat grootliks die produksie, verspreiding en verbruik van materiële goedere bepaal.

"Personally, I would define economicsin its adjective form as that aspect of human behaviour, that is, the use or right of disposal of wealth, that is, material goods specifically appropriated. It is obvious that this definition implies also6the concept of economic value, that specific culturally determined drive towards exclusive appropriation of certain claims to use, to consume and to enjoy material possesion to the exclusion of others." (40)

2. Sosiale kontrole : (41)

Volgens Malinowski, beteken dit dat daar in elke gemeenskap wyses bestaan waarop mense van hulle pligte en voorregte bewus word; dat daar in elke gemeenskap redes bestaan waarom elke individu sy plig moet nakom; en dat daar waar pligsversuim voorkom wyses bestaan om die orde te herstel en te voorsien in die oemtes as evolg van die pligversuim.

(3)/.....

---

(40) Ibid. p. 128
(41) Loc. cit.

3. Opvoeding: (42)

Dit veronderstel die onderrig en leer van korrekte houding en optrede wat nodig is vir die suksesvolle werking van elke instelling. Ons vind hierdie kulturele reaksie, opvoeding, in feitlik alle instellings en sfere van kultuur.

4. Politieke organisasie: (43)

Malinowski stel dat die politieke aspek van menslike organisasie inhou die direkte gebruik van gesag, deur individue wat daarmee beklee is oor onderhoriges van die groep.

Maar Malinowski volstaan nie met die kulturele imperatiewe nie, hy erken ook nog wat hy noem "integrative imperatives" (44) Volgens Malinowski verklaar hulle aan ons sulke verskynsels soos taal, simbolisme, moraal ens. wat in die menslike samelewing voorkom. Ook hierdie integrerende imperatiewe is 'n integrale bestanddeel van georganiseerde menslike optrede. Die sentrale tema hier is, volgens Malinowski, dat die oorspronklike organisme in staat gestel word om die fisiologiese drif of behoefte te transformeer in 'n kulturele waarde. Nes die kulturele imperatiewe dra dus ook die integrerende imperatiewe by tot die instandhouding van die kultuur wat die basiese behoeftes bevredig. Hierdie integrerende imperatiewe kan ook onder die benaming simbolisme saamgevat word en sluit in tradisies, normatiewe standaarde van waardes, godsdiens, kuns, seremoniële, taal en ander vorme van simbolisme.

Aan die hand van onderstaande skematiese voorstelling kan die teorie dan soos dit in die geheel vervleg is, opgesom word :

Menslike/.....

---

(42) Ibid. p. 130
(43) Op. cit.
(44) Ibid. p. 132

M E N S L I K E O R G A N I S M E

BIOLOGIESE IMPULSE:

(1) Asemhaling.
(2) Honger.
(3) Dors.
(4) Seksuele drif.
(5) Afgematheid.
(6) Rusteloosheid.
(7) Lomerigheid.
(8) Vrees.
(9) Pyn.
(10) Drukking : blaas.
(11) Drukking : Caecum - Rectum.

BASIESE BEHOEFTES:

(1) Metabolisme	-	Kommissariaat.
(2) Voortplanting-		Bloedverwantskap.
(3) Liggaamlike gemak	-	Skuiling.
(4) Veiligheid	-	Beskerming.
(5) Beweging	-	Aktiwiteit.
(6) Groei	-	Opleiding.
(7) Gesondheid	-	Higiëne.

Versadiging van basiese behoeftes deur daarstelling van 'n sekondêre omgewing dit wil sê kultuur.

Afgeleide behoeftes wat versadig moet word teneinde kultuur in stand te hou.

KULTURELE IMPERATIEWE

(1) Ekonomiese
(2) Sosiale kontrole
(3) Opvoeding
(4) Politieke organisasie.

INTEGRERENDE IMPERATIEWE

Simbolisme:
(1) Tradisies
(2) Normatiewe standaarde van waardes
(3) Godsdiens
(4) Kuns
(5) Seremoniële
(6) Taal
(7) Ander vorms van simbolisme.

Bevrediging van afgeleide behoeftes dit wil sê instandhouding van sekondêre omgewing kultuur, oorspronklik geskep om aan die basiese behoeftes te voorsien.

(D) INSTELLINGS:

"No element, or idea is defined or can be defined except by placing it within its relevant and real institutional setting. It is maintained here that the institution is the real isolate of cultural analysis. It is also maintained that any other type of discussion or demonstration in terms of isolated traits or trait complexes, other that those which follow the institution integration, must be incorrect." (45)

Dit is uit bogenoemde baie duidelik dat die begrip instelling (institution) vir Malinowski een van die belangrikste is in sy funksionalistiese opvatting van kultuur. Ook vir die ontleding van kultuur op funksionalistiese grondslag in die navorsingspraktyk.

Malinowski self defineer 'n instelling soos volg:

"A group of people united for the pursuit of a simple or complex activity; always in possesion of a material endowment and a technical outfit; organized on a definite legal or customary charter, linguistically formulated in myth, legend rule, and maxim; and trained or prepared for the carrying out of its task." (46)

By 'n ander geleentheid het hy dit as volg gedefineer :-

"Human beings, organize under a charter that defines their common aims and that also determines the personnel and the norms of conduct of the group. Applying these norms and with the use of the material apparatus, the members engage in activities, through which they contribute towards the integral function of the institution."(47)

Kort/.....

---

(45) Ibid. p. 54
(46) Malinowski, B - "Dynamics of Culture Change" p. 50
(47) Loc. cit.

Kort gestel, en weereens in Malinowski se eie woorde, kan 'n instelling dus beskou word as "an organized system of purposeful activities." (48)

Malinowski beskou die "charter" (oktrooi) of voorreg (49) van 'n instelling as : die stelsel van waardes waarvoor, tenoinde dit te bekom, die mens organiseer of toetree tot 'n reeds bestaande organisasie. (50) Tot die personeel van 'n instelling reken Malinowski die groep wat georganiseer is op beginsel van gesag, verdeling van funksies en verspreiding van pligte en voorregte. (51) Onder die reëls of norme van 'n instelling verstaan hy : die tegniese bedrewenheid, gewoontes, regsnorme, en etiese norme wat deur die groep aanvaar word. (52)

In die begrip instelling is daar dus drie elemente van belang nl.

(1) Die oktrooi, voorreg of doel van die instelling.
(2) Die personeel van die instelling.
(3) Die reëls of norme van die instelling.

In eenvoudige taal gestel, kan 'n instelling dan soos volg verduidelik word : tenoinde die doel te bereik organiseer die groep, dit wil sê die personeel wat na die doel streef, hulself volgens sekere reëls en norme wat uitloop op aktiwiteite waarin van sekere materiële apparaat gebruik gemaak word. Dit alles geskied binne die raamwerk van die instelling. Diagramaties kan ons dit soos volg voorstel :

Oktrooi of doel van instelling	personeel reëls en norme	materiële apparaat	=	Aktiwiteit vir bereiking van doorkonde.

Die/.....

(48) Malinowski, B - "Scientific Theory of Culture" p. 52
(49) doel.
(50) Ibid. p. 52
(51) Loc. cit.
(52) Loc. cit.

Die instelling herlei Malinowski op grond van sekere algemene beginsels waarop alle menslike georganiseerde optrede gebaseer is nl. (53)

(1) Die organisasie van mense in permanente groepe : hierdie groepe is altyd verwant deur ooreenkoms, tradisionele wette en gewoontes.

(2) Die samewerking geskied altyd binne 'n bepaalde materiële opset.

(3) In hulle samewerking volg hulle die tegniese reëls van hulle status of beroep, die sosiale reëls van etiket, en religieuse, regs- en morele norme wat hulle gedrag uitmaak.

Hieruit volg daar 'n aantal baie kardinale opmerkings met betrekking tot die instelling :

(1) Geen idee, beginsel, ens. het enige sosiale of kulturele waarde tensy dit georganiseerd is nie. (54)

(2) Enige instelling is gebaseer op waardes en ooreenkomste wat deur die personeel onderskryf word. (55)

(3) Elke instelling bevredig 'n behoefte en het dus 'n funksie of 'n doel. (56)

(4) Die instelling is altyd gebaseer op en staan in noue verband met die materiële omgewingsopset. (57)
Elke instelling het, wat Malinowski noem, 'n materiële substratum. (58)

(5) Beide die organisasie van die personeel en die aard van die reëls en norme is nou verwant aan die doel van die instelling. (59)

(6) Elke instelling d.i. georganiseerde aktiwiteit het 'n bepaalde struktuur. (60).

Daar/.....

---

(53) Ibid. p. 43
(54) Ibid. p. 45 p. 54
(55) Ibid. p. 47 p. 48
(56) Loc. cit. p. 47
(57) Ibid. p. 52
(58) Ibid. p. 53
(59) Ibid. p. 52
(60) Ibid. p. 39

Daar is sekere algemene beginsels wat alle mense saambind en in permanente groepe hou. Hierdie beginsels is die volgende :

(1) Reproduksie: Malinowski self noem dit die "reproductive principle of integration." (61) Reproduksie lei in alle gemeenskappe tot die vorming van die gesin. Instellings wat op hierdie beginsel berus is verwant aan die huweliksreëls, die huwelik self, verwantskapreëling, huislike organisasie, ens. (62)

(2) Aanraking en nabyheid: Malinowski noem dit die "principle of propinquity and contiguity" (63) Waar mense naby mekaar woon en in aanraking is met mekaar moet dit gereel word. Instellings wat dus op hierdie beginsel berus, is daarop gerig om menslike verhoudinge te bepaal.

(3) Die derde beginsel is verwant aan die menslike fisiologie en anatomie. (64) Mense verskil onderling in geslag, ouderdom en patologiese toestand en instellings verwant aan hierdie beginsel sal daarop gerig wees.

(4) Assosiasie: (65) Hieronder moet verstaan word die vrywillige groepering deur persoonlike inisiatief bv. klubs, geheime verenigings, ens. (66)

(5)/.....

---

(61) Ibid. p. 55
(62) Ibid. p. 56
(63) Loc. cit.
(64) Ibid. p. 57
(65) Ibid. p. 58
(66) Maclver & Page - "Society" p.p. 12 - 15
Hier maak Macliver onderskeid tussen 'n instelling en vereniging. Maclver beskou klubs, geheime verenigings ens. as verenigings en nie as instelling nie. Verenigings onderskei hulself van instellings daarin dat hulle deur spesifieke individue met 'n spesifieke doel geskep word aldus Maclver. Hulle het ook nie die graad van permanentheid wat die instelling kenmerk nie. Malinowski maak nie hierdie onderskeiding nie.

(5) Beroepsvaardigheid, -opleiding en voorkeur :

Instellings hieraan verwant is gerig op produksie, verspreiding en verbruiking van goedere. (67)

(6) Onderskeiding deur status en rang :

Instellings verwant aan hierdie beginsel is gerig op sosiale en etniese stratifikasie bv. klasse en kaste. (68)

(7) Gesag: Dit is 'n essensiële beginsel en kom in feitlik alle instellings voor. (69)

Op grond van hierdie sewe beginsels kom Malinowski dan tot die daarstelling van die volgende lys van universele instellings-tipes : (70)

BEGINSEL VAN SAAMBINDING.	TIPE VAN INSTELLING.
1. Reproduksie.	(a) Die gesin as die huishoudelike groep bestaande uit ouers en kinders. (b) Organisasie van hofmakery. (c) Die wettige definiering en organisasie van huwelik as kontrak van verbindings tussen persone. (d) Die vergroote huishoudelike groep met sy wettige, ekonomiese en religieuse organisasie. (e) Groepe van verwante verenig deur die beginsel van afkoms. (f) Die Klan, matrilinies of patrilinies. (g) Die stelsel van verwante klans.

2/.....

---

(67) Malinowski, B - Op. cit. p. 58

(68) Ibid. p. 60

(69) Ibid. p. 61

(70) Ibid. p.p. 62 - 65

2. Territoriale aanraking en nabyheid.	(a) Die omgewingsgroepe soos bv. nomadiese hordes, die nedersetting, die dorp, die stad. (b) Die distrik, die provinsie, die stam.
3. Verskil in geslag, ouderdom en patologiese toestande.	(a) Primatiewe sekstotemgroepe. (b) Organisasie gebaseer op anatomiese geslagverskille. (c) Organisasies voortspruitende uit verdeling van aktiwiteit op grond van geslag. (d) Organisasies gebaseer op leeftyds groepe en ouderdomsgraderings. (e) Organisasie van die bonatuurlike dikwels verbonde aan magiese en religieuse opvattings. (f) Organisasies vir siekes, ontwrigtes en liggaamlike gebrekkiges.
4. Vrywillige assosiasie	(a) Primatiewe geheime verenigings, klubs, ontspanningsinstansies ens. (b) In meer ontwikkelde gemeenskappe ook nog verenigings vir wedersydse hulpverlening, loges, ontspanning ens.
5. Beroepe dws. organisasie deur besondere beroepsvaardighede, vir gemeenskaplike doeleindes.	(a) Towenaars, sjamane, priesters, toordokters, gildes van ambagsmanne en ekonomiese spanne. (b) Ekonomiese belangegroepe, verenigings van professionele werkers ens. (c) Spesifieke groepe vir georganiseerde onderrig bv. skole, kolleges, universiteite : vir georganiseerde navorsing bv. labratoriums, akademiese verenigings : vir administrasie van die gereg bv. howe, polisie : vir verdediging bv. leërs, vlote, lugmag : vir godsdiens bv. kerke, sektes, ens.
6. Status en rang.	(a) Ordes van adellikheid, kerklikes, slawe, landelikes, kaste m.a.w. sosiale stratifikasie. (b) Organisasies gebaseer op rasse, etniese en kulturele stratifikasies.
7. Insluitendheid (die integrasie deur gemeenskaplikheid van kultuur of deur politieke gesag.	(a) Die stam as kulturele eenheid ooreenstemmend met nasionaliteit op meer ontwikkelde vlak.

7(b) Die kulturele sub-groep in gebiedsin.

(c) Die politieke eenheid wat 'n deel, geheel of verskeie kulturele groepe omvat.

Dit dan is die opvatting van 'n instelling by Malinowski.

E. DIE BELANGRIKHEID VAN HIERDIE OPVATTINGS VIR DIE FUNKSIONALISME:

(a) Beskrywend:

Daar is in die vorige afdeling betreklik breedvoerig en feitlik, tot so 'n mate dat dit 'n opsomming van Malinowski se beskouings oor die biologiese fundering van kultuur, teorie van behoeftes en begrip van instelling geword het, gelet. Daar bestaan egter redes daarvoor. Die funksionalistiese inslag in sy kultuurbeskouing en navorsingspraktyk kan nie daarsonder verstaan word nie. Dit bly dan nou nog oor om te wys op die belangrikheid daarvan vir die funksionalisme en dit word gedoen deur die beginsels daarin aan te toon waarop die funksionalistiese inslag in sy kultuurbeskouing en navorsingspraktyk berus.

(1) Biologiese fundering van kultuur :

Hier is die belangrikste beginsels waarop die funksionalistiese inslag in sy kultuurteorie en navorsingspraktyk berus, as volg :

(i) Die feit dat kultuur geskep word as gevolg van die biologiese behoefte wat daardeur bevredig word. In die metodologie kan dus van die biologiese behoefte na die kulturele ontwerp óf van die kulturele ontwerp na die biologiese impuls gegaan word. Deur een van die twee te herken kan dus die ander een ook onderskei of herken word.

(ii) Deurdat biologiese behoefte nie besonderlik varieerbaar is nie beteken dit dat die kultuur wat direk op hierdie biologiese impuls gebou is tot 'n mate ook in vorm, verspreiding en tyd stabiel is.

(iii) Deurdat die mens van sy natuurlike omgewing gebruik maak om sy biologiese behoefte te bevredig is die verhouding tussen kultuur en omgewing ook betreklik stabiel omdat die verhouding tussen natuurlike omgewing en

biologiese behoefte minimaal varieer. Net soos (ii) bo het dit in die navorsingspraktyk tot gevolg dat daar 'n kultuursubstratum is wat nie in vorm, verspreiding en tyd veel varieer nie.

(iv) As gevolg van die feit dat kultuur aan die biologiese behoefte gekoppel is, beteken dit dat die omgewing die enigste voorsiening is vir kultuur, hetsy direk of indirek.In die navorsingspraktyk hoef dus by die soek na die oorsprong van enige kultuuraspek gekonsentreer te word op die materiele opgewing en biologiese behoefte. Daarom die funksionalistiese opvatting dat kultuur slegs verstaan kan word soos die gemeenskap hom op die huidige tydstip as gevolg van sy biologiese impuls by die omgewing aanpas.

(v) Die beginsel dat die mens hom in grade van geslaagdheid aanpas by omgewing is ook verantwoordelik vir die funksionalistiese opvatting dat kultuur slegs verstaan kan word soos dit op die huidige tydstip funksioneer. Beide (iv) en (v) het sy holistiese kultuurbeskouing tot gevolg.

(vi) Hoewel in (ii) en (iii) op stabiliteit gewys is in die verhouding tussen biologiese behoefte en kultuur en die verhouding tussen biologiese behoefte en omgewing, en dit impliserend die verhouding tussen kultuur en omgewing, is dit egter nie absoluut nie. Hierdie verhoudings is ook dinamies! Dit kom weereens daarop neer dat kultuur slegs verstaan kan word deur dit funksionalisties, op die huidige tydstip, te bestudeer met daaruitvloeiend die holistiese beskouing van kultuur. Die inslag van stabiliteit moet deur die biologiese determinisme, verklaar word; die inslag van dinamika moet aan die kulturele determinisme toegeskryf word en die invloed van beide op die funksionalistiese inslag moet gewaardeer word.

(2) <u>Teorie van behoeftes</u>:

Hier is die belangrikste beginsels waarop die funksionalistiese inslag in sy kultuurteorie en navorsingspraktyk berus, soos volg :-

(i)

(i) Die teorie van behoeftes vorm 'n hierargie dit wil sê afgeleide behoeftes is gebaseer op basiese behoeftes. Daarom kan dus teoreties van basiese behoeftes gekom word tot kulturele imperatiewe soos die ekonomiese, sosiale kontrole, opvoedkundige instansies en politieke gesag. Omdat kultuur, as gevolg van kulturele determinisme dinamies is, moet elke kultuuraspek op meriete funksionalisties, soos dit op daardie tydstip funksioneer in 'n kultuur, bestudeer word.

(ii) Met sy teorie van behoeftes kom Malinowski tot die daarstelling van die begrip instelling want daarmee oorbrug hy die gaping tussen kulturele imperatiewe en basiese behoeftes. Hierdie teorie het dus tot gevolg een van die belangrikste begrippe in sy funksionalistiese kultuurbeskouing en navorsingspraktyk.

(3) Instelling:

Ook in hierdie begrip van Malinowski is 'n aantal belangrike beginsels waarop sy funksionalistiese inslag in sy kultuurbeskouing en navorsingspraktyk berus.

(i) Daar is gesien hoedat Malinowski 'n lys van universele instellingstipes daargestel het. Kultuur kan dus ontleed word. Elke instelling is gebou op 'n behoefte en vervul dus 'n funksie. Hieruit vloei twee belangrike feite voort :-

(1) die instelling is die eenheid van ontleding omdat dit direk op 'n behoefte gebou is;

(11) die instelling het 'n funksie omdat dit die kultuurontwerp is waarmee en waarbinne die behoefte bevredig word.

Vir die funksionalisme is albei van groot belang.

(ii) Kultuur kan ontleed word met enige instelling as uitgangspunt. Omdat 'n instelling nie net op slegs een behoefte gebaseer is nie veronderstel dit 'n interafhanklikheid deur funksies tussen die verskillende instellings soos hulle saam die geheel van die kultuur uitmaak.

To/.....

"To explain any item of culture, material or moral, means to indicate its functional place within an institution, which has to be thus explained with reference to its aspects and this again has to be placed within the system of culture." (71)

Die grondslag van Malinowski se funksionalistiese kultuurbeskouing nl. dat kultuur die apparaat is waarmee die mens sy behoeftes versadig, dat daarin elke stelsel van voorwerpe aktiwiteite en houdings 'n middel tot 'n doel is, dat dit inter-afhanklik is en ontleed kan word in 'n aantal instellings berus op hierdie grondslae; biologiese fundering van kultuur, téorie van behoeftes en instelling. Word enige van hierdie grondslae onttrek stort die hele funksionalistiese kultuurbeskouing ineen.

(b) Verklarend.

Beskrywend is nou aangetoon die grondslae van Malinowski se funksionalisme. Verklarend moet ook nog op die volgende gewys word tencinde aan te toon waarom sy gedagterigting as funksionalisties getipeer word.

Die funksionalisme is gemik op die bestudering van die dinamiese in kultuur en wel spesifiek die funksies van kultuurelemente en instellings. Nie slegs 'n bestudering van die funksies as sulks nie maar veral soos dit ook onderling inter-afhanklik voorkom binne die geheel gegrond op bogenoemde grondslae. Nog eenvoudiger gestel beteken die funksionalisme die bestudering van die funksies van kultuurelemente en instellings as verskynsels van aanpassing van die biologiese mens aan die mileuomstandighede. Die funksionalisme is dus teleologies-biologies georiënteerd : die kultuurprosesse is doelstrewend van karakter aangesien dit gerig is op die bevordering en welsyn van die organisme in die eerste plek.

Die begrip funksie is van primêre belang want die hele funksionalisme wortel in die bestudering van funksies. Die biologiese impulse lei tot basiese behoeftes. Die daarstel van kultuur is gebaseer daarop dat dit die behoeftes bevredig en dus dat kultuur doelmatig gerig

is/.....

---

(71) Malinowski in :
Coser & Rosenberg - "Sociological Theory" p. 540

is op die bevrediging en dus 'n funksie het. Die verband tussen die afgeleide behoeftes, wat weer voortspruit uit die kultuur, en die kulturele- en integrerende imperatiewe is weereens gelee in funksie. Die imperatiewe het 'n funksie deurdat dit doelgerig is op die bevrediging van afgeleide behoeftes. Die verband tussen basiese behoeftes en kultuur en die verband tussen imperatiewe en die sekondêre omgewing (kultuur) is in beide gevalle funksie. Trouens die enigste werklik bindende gedagte tussen al die skematiese begrippe van die aangetoonde grondslag, soos dit na vore kom en die daaruit spruitende implikasies, is die begrip funksie.

Hierdie funksie-begrip blyk baie duidelik uit sy definisie van 'n instelling. Die belangrikheid van die begrip funksie lê dan ook vir die funksionalisme daarin dat elke instelling 'n funksie het. Die personeel van die instelling organiseer hulself met 'n doel nl. om in 'n behoefte te voorsien en daardeur verrig elke instelling 'n funksie. Om dus die werking van kultuur te verstaan moet die funksies van instellings bestudeer word. Die verdeling van pligte, gesag, voorregte en die reels en norme waarvolgens dit geskied binne die instelling berus alles op funksies. Juis omdat elke instelling 'n funksie het is dit van soveel belang vir die funksionalisme want daarmee kan die beste gekom word tot die toepassing van die funksionalistiese metodes. Die instelling word egter vir die funksionalisme nog belangriker omdat elke instelling nie slegs een behoefte bevredig nie, dikwels 'n aantal behoeftes, en dus selfs meer as een funksie kan hê. Daardeur is die verskillende instellings inter-afhanklik binne die kultuur en het dit vir die funksionalisme die implikasie dat 'n kultuur met enige instelling (aspek) van die kultuur as uitgangspunt bestudeer kan word omdat as gevolg van die inter-afhanklikheid dit sal lei tot ander aspekte van die kultuur. Kultuur kan dus alleen verstaan word deur die funksies van instellings soos dit dinamies in die kultuur voorkom te bestudeer.

Malinowski se begrip menslike natuur impliseer reeds funksionalisme omdat dit die mens verplig om sekere liggaamlike funksies soos slaap, eet, rus, ens. te verrig. Volgens hom verrig die mens hierdie funksies binne die raamwerk van kultuur. Deur dus die funksies van kultuuraspekte en instellings te bestudeer kan gesien word hoe

die/.....

die mens aan die eise van sy menslike natuur voldoen. Funksies is dus die begrip wat die verband tussen menslike natuur en kultuur meebring.

Sy begrip menslike georganiseerde gedrag berus ook op die funksie-beskouing. Juis omdat menslike gedrag sentreer om 'n behoefte en dus 'n funksie het is dit georganiseerd. Organisasie veronderstel 'n doel en handelswyse met ander woorde die vervulling van 'n funksie. Om dus die menslike gedrag, veral soos dit georganiseerd voorkom in die gemeenskap, te bestudeer en te begryp vereis die bestudering van die doel en handelswyse van die menslike optrede en dus die funksies wat sodanige handelswyse en optrede vervul.

Malinowski se hele biologiese determinisme van kultuur wortel in die begrip funksie. Deur funksie te veronderstel tussen die biologiese mens en elke kultuuraspek of instelling, omdat elke kultuuraspek 'n reaksie op 'n behoefte is stel Malinowski self 'n band daar waarvan moeilik afgewyk kan word. In die verband moet dus daarop gewys word dat sy daarstel van die kulturele reaksies op basiese behoeftes gegrond is op die feit dat sodanige basiese behoeftes 'n funksie vervul. Soos telkens aangetoon is die verband tussen behoeftes en kultuur gesetel in die funksie-begrip. Ook die imperatiewe se bestaansreg wortel in die feit dat dit funksies verrig. Prosesse soos ekonomiese aktiwiteit, sosiale organisasie, opvoeding en politieke organisasie het dus funksie en kan alleen ten volle begryp word deur die funksies daarvan te bestudeer.

In wese berus Malinowski se hele lys van universele instellingstipe op die funksie-begrip. Elke instelling vervul 'n behoefte en het dus 'n funksie. Die element van onderskeiding tussen die verskillende instellingstipes is dus die funksies wat die instellingstipes verrig.

Die verstaan en bestudering van kultuur, in al sy fasette soos dit in enige gemeenskap voorkom , moet dus gerig wees op die bestudering van funksies. Alleen deur die funksies van kultuurelemente en instellings te bestudeer kan die kultuur as sodanig,die verband daarvan met die biologiese mens en die verband daarvan met die natuurlike

omgewing/.....

omgewing ten volle verstaan word. Die funksionalisme is dus in al sy aspekte gerig op die bestudering van funksies as die enigste geldende metode.

--oOo--

H O O F S T U K III

MALINOWSKI SE BESKOUINGS OOR DIE HISTORIESE EN OOR KULTUURKONTAK EN -VERANDERING.

"Anthropologists thinking of their study as a kind of historical study, fall back on conjecture and imagination, and invent ‚preudo-historical' or ‚preudo-casual' explanations." (1)

A. DIE HISTORIESE:

(a) Die historiese gedagterigting in die volkekunde:

(1) Verteenwoordigers daarvan:

Die historiese gedagte in die volkekunde was 'n verklarende gedagterigting in teenstelling met die analitiese gedagterigting soos ons dit leer ken by Malinowski. Daar mag ook nie vergeet word dat die historiese gedagterigting eintlik gekom het as 'n reaksie teen die evolusionistiese gedagterigting nie. Dit was egter nie net 'n reaksie daarteen nie; dit was veel meer, dit was 'n teen (kontra) aksie. (In die volkekunde staan die historiese gedagterigting ook bekend as die diffusionistiese rigting). (2) Die vroegste eksponente daarvan was Ratzel en Frobenius. Die historiese gedagterigting is in die volkekunde veral deur drie skole gedra nl.

(i) Die Duits-Oostenrykse Historiese rigting wat ingesluit het Graebner, Schmidt, Hoppers, Foye ens. (3)

(ii)

---

(1) Radcliffe-Brown, A.R. - "Structure and Function in Primitive Society." p.3

(2) Penniman, T.K. - "A Hundred Years of Anthropology." p. 322

(3) Penniman, T.K. - Ibid. p.323v.
Lowie, R.H. - Op. cit. p. 178.
Haddon, A.C. - Op. cit. p. 118.

(ii) Die Britse Diffusionistiese rigting met as belangrikste eksponente Elliot-Smith, Perry, Rivers, ens.(4)

(iii) Die Amerikaanse Diffusionistiese rigting waar die historiese metode toegepas is deur onder andere Wissler, Boas, Dixon, Sapir, Nelson, ens. (5)

(2) Tipering daarvan:

Wanneer die historiese gedagterigting in die volkekunde getipeer moet word kan die volgende genoem word:

(i) Die uitgangspunt van die gedagterigting is dat kultuur deur kontak versprei. Kultuurelemente word dus soos hulle bestaan oorgedra van een kultuur na 'n ander. 'n Kultuurelement het so miskien sy oorsprong by een kultuur en deur kontak,handel ens. versprei dit ook na ander kulture. In elke kultuur is daar dus elemente wat ontleen is en nie selfstandige ontwikkeling is nie.

(ii) Deur die kultuurtipes aan te dui en hulle vas te stel is dit moontlik om die verskillende trappe van kultuurontwikkeling te bepaal.

(iii) Die ooreenstemming tussen verskillende kultuurtipes en kultuurelemente, deur historiese kultuurverspreidingskan uit een bron verklaar word.

(iv) Die oudere kultuurtipes sal noodwendig na die meer onherbergsame gebiede uitgedryf word. Hulle aanvaar dit dan ook as verklaring waarom primatiewe tipes soos die Boesmans, Ainu, Veddoide, Eskimos en Australiese Inboorlinge op die rand van die landmassas van die wêreld aangetref word.

(b)/.....

---

(4) Haddon, A.C. - Ibid. p.122
Lowie, R.H. - Op. cit. p.160. p.163. p.169
Penniman, T.K. - Op. cit. p.329.

(5) Penniman, T.K. - Ibid. p.232.
Haddon, A.C. - Op. cit. p. 122
Lowie, R.H. - Op. cit. p.158. p.178.

(B) MALINOWSKI SE AFKEER VAN DIE HISTORIESE RIGTING:

Malinowski verwerp die historiese metode tot so 'n mate dat Lowie hom beskryf as "avowedly antidistributional, antihistorical" (6) en Bidney verklaar :

"Malinowski may be said to have carried this antihistorical tendency to an extreme. From being the science of culture history, ethnology became the science of cultural dynamics." (7)

Daar kan dus gestel word dat Malinowski van 'n a-historiese standpunt uitgaan. (8)

Dat Malinowski se waardering van die historiese as geldige metode nie te hoog was nie is verder baie duidelik in sommige van sy uitsprake. Hy beskou die diffusie-studies as "post-mortem dissections." (9) Wanneer, na onafhanklike historiese oorsake vir kulturele verskynsels gesoek word, beskryf hy dit as: - "prescientific craving for first causes or true causes." (10) Hy beskou Graebner as a "museum mole" (11) Van kultuurreste sê hy : "Such an antiquated means of locomotion is used for retrospective sentiment, as a ride into the past : very often,I am afraid, it moves where the fare is slightly intoxicated or else romantically inclined." (12)

Malinowski se belangrikste kritiek teen ouer volkekundige opvattings, en in besonder die historiese gedagterigting, kan in die volgende punte saamgevat word :

(1)/.....

---

(6) Lowie, R.H. - Ibid. p.235.
Vgl. ook: Hoebel, E.A. - "Man in the Primitive World". p.11
(7) Bidney, D - "Theoretical Anthropology" p.223
(8) Coetzee, J.H. - "Koers" Junie 1956 Nr.6 p.324
(9) Benedict, R. - "Patterns of Culture" p.35
(10) Malinowski, B. - "A Scientific Theory of Culture" p.117
(11) Ibid. p.20
(12) Ibid. p.28

(1) Navorsers van al die ouer klassieke skole van die volkekunde het nie voldoende aandag gegee aan die volle en duidelike ontleding van die kulturele werklikheid waarmee hulle besig was nie. Malinowski verklaar:

"It would be possible to show that throughout the scores of books and articles devoted to primitive marriage, clanship and kinship from Bachofen, MaLennan and Morgan, the writings of the German school ..... there can hardly be found a single clear analysis of what is meant by a domestic institution or kinship." (13)

(2) Geen voldoende aandag is gegee aan die wetenskaplike aktiwiteit van die sosiale of humanistiese wetenskappe nie. (14) Die spesifieke bydrae wat volkekunde moes gelewer het tot die humanistiese wetenskappe is ontsien en dit het gelei tot 'n gebrek aan teoretiese analise met die gepaardgaande nadelige invloed op veldwerk en dit lei daartoe dat die waarnemers "..... collected isolated items rather than tracing natural intrinsic, and ever-recurrent relations. (15)

(3) Die onkritiese, en ten tye, anti-wetenskaplike opvatting van kultuur-reste (16) Malinowski ontken eenvoudig die bestaan van so iets.

The/.....

---

(13) Ibid. p.26
(14) Ibid. p.27
(15) Loc. cit.
(16) Loc. cit.
Bekend as "survivals" of "borrowed traits".

"The real harm done by the concept of survivals in Anthropology consists in that it functions on the one hand as a spurious methodological device ..... and, worse than that, it is an effective means of short-circuiting observation in field work." (17)

So is Malinowski se kritiek teen die gebruik van kultuurreste deur Morgan in die daarstel van sy klassifiserende stelsel van verwantskap dat ons daarmee nie die volle betekenis van die rol van taal kan snap nie en dat dit in die weg staan van veldwerk wat daarop gemik is om vas te stel hoe naamgewing verwant is aan ander aktiwiteite wat die verhouding tussen kroos en ouers, broers en susters ens. bepaal. (18)

(C) ONTSTAANSGRONDE VIR SY AFKEER:

Malinowski se afkeer vir die historiese berus egter nie slegs in die foute wat in ouer volkekundige benaderings voorgekom het nie - dit berus wesentlik in sy funksionalisme en empirisme, wat saam sy beskouing van die taak van die volkekunde beinvloed en tot 'n groot mate bepaal.

(1) Sy funksionalisme:

Hy glo dat die geheel van die kultuur bestudeer moet word. Sy hele kultuurbeskouing is in opstand teen die gebruik van die historiese skool om sekere kultuurtrekke, tot uitsluiting van ander, te isoleer en verbinding daartussen in verskillende kulture aan te toon. Volgens hom kan kultuuraspekte slegs verstaan word soos dit as deel van die groter geheel funksioneer. Kultuuraspekte mag in verskillende kulture nie identiese funksie hê nie en dit is dan foutief om 'n historiese verband tussen sodanige aspekte daar te stel. Slegs die bestudering van 'n kultuuraspek se funksie soos dit binne 'n spesifieke kultuur as deel daarvan funksioneer is 'n bevredigende grondslag vir die navorsingspraktyk.

(2)/.....

---

(17) Ibid. p.29
(18) Ibid. p.30

(2) Sy empirisme:

Geen persoon sal gou weer so 'n uiterste empiris in die volkekunde woes as wat Malinowski was nie.

"Malinowski, of course, used informants, but only to supplement what he knew already; his first line of evidence was always first-hand observation by the field-worker himself. Empiricism could hardly be carried further. Culture consists in what the field-worker himself observes; it is intelligible in terms of the fieldworker's personal private intiutions. No data outside the immediate subjective-objective, present need to be considered."(19)

Teneinde hierdie empirisme by Malinowski te kan verstaan, moet dit gesien word teen die algemene wetenskaplike agtergrond toe Malinowski in 1910 die akademiese wêreld betree het.(20) Einstein se formulering van sy teorie van relatiwiteit; die Aristoteliaanse logika soos toe pas deur Whitehead en Russel blootgelê; Freud se nuwe benadering van psigoanalise in die sielkunde, ens. Dit was alles veranderinge wat die wetenskaplike era van Malinowski uitgemaak het. Leach(21) wys ook daarop dat Wundt, wat groot invloed gehad het op Malinowski, 'n sterk empiris was. Malinowski was ook ongetwyfeld onder die invloed van die pragmatisme van William James.(22)

"It is my thesis that Malinowski found his body of theory in the pragmatism of William James. It was precisely in the period around 1910, when Malinowski first came to England..... that James's philosophy had its maximum vogue, and it is at this periode that Malinowski is most likely to have been receptive to the ideas of the English-speaking world".

Ook/....

---

(19) Firth, R. (red.) - Op. cit. p.120
(20) Loc. cit.
(21) Ibid. p. 121
(22) Vgl. p.p. 121 - 123

Ook Durkheim moes ongetwyfeld invloed op Malinowski uitgeoefen het. Leach is bv. van mening dat Malinowski sy opvatting van sosiale funksie aan Durkheim ontleen het.(23) Op grond van sy empirisme verwerp Malinowski enige metode wat nie daarmee stryk nie.

(3)Sy beskouing van die taak van die volkekunde:

Afgesien van sy funksionalisme en empirisme het ook sy beskouing van die taak van die volkekunde daartoe gelei dat hy die historiese metodes verwerp het as nie geldend vir die volkekunde nie.

"We need a theory of culture, of its processes and products, of its specific determinism, of its relation to basic facts of human psychology and the organic happenings within the human body, and of the dependence of society upon the environment." (24)

en

"The essential dynamic character of cultural elements and of their relations suggest that it is in the study of cultural function that the most important task of anthropology consists." (25)

Die taak van die volkekunde lê slegs daarin om kulture te evalueer soos hulle op die huidige tydstip funksioneer.

(D) MALINOWSKI SE BESWARE TEEN HISTORIESE REKONSTRUKSIE:

Malinowski ontken historiese rekonstruksie as geldige metode vir die bestudering van kultuur.(26) Sy besware daarteen is die volgende in die geval van kultuurkontak:-

(1) Dit het as basis hoofsaaklik die herinneringe van ou mense. Dieselfde gegewens kan nooit verkry word van verskillende ondervraagdes nie omdat hulle nie almal dieselfde waarde sal heg aan die verlede nie.

To/.....

---

(23) Ibid. p.123

(24) Malinowski, B.- "A Scientific Theory of Culture" p.12

(25) Malinowski, B.- "Culture" p. 625. Encyclopaedia of the Social Sciences Vol. IV.
Vgl. Malinowski, B.- "The Dynamics of Culture Change" p.6

(26) Malinowski, B.- "The Dynamics of Culture Change". p.28

"To some Africans who are still true to their own culture, the past becomes in retrospect the Paradise lost forever. To the progressives or the renegades, who often gain substantially by the change, the past is the time of unmitigated evil." (27)

(2) Die gerekonstrueerde verlede is ook nie altyd noukeurig bekend nie en aannames moet gedoen word wat volgens Malinowski uiters onwetenskaplik is. Hy wys verder ook daarop dat ons bv. niks van die voorgeskiedenis van die Bantoe in S.A. voor Tsjaka kan rekonstrueer nie omdat dit totaal onbekend is. (28)

(3) Malinowski het as verdere beswaar dat, indien ons die huidige toestand van die veranderde kultuur wil vergelyk met sy oorspronklike vorm (Zero-point), ons albei met dieselfde metodes en probleme voor oë sal moet bestudeer. (29) Volgens Malinowski is dit onmoontlik omdat :-

(a) Dit onmoontlik is om die verlede vir hierdie doeleindes te rekonstrueer.

(b) Ons nuwe metodes vir die bestudering van kulture eers later ontwikkel het.

(4) Wanneer ons die verskillende instellings bv. ekonomiese, regs, opvoedkundige, politieke ens. een vir een ontleed kan ons miskien die oorspronklike toestand vind (zero-condition) maar dit sal van geen belang wees nie. Rekonstruksie is dus oorbodig en nie nodig nie.

"Practically it contains no hints since there can be no return to what is destroyed." (30)

(5) Vir veldwerk het historiese rekonstruksies geen waarde nie omdat die funksionalistiese metode die Alfa en Omega is in alle veldwerk." (31)

(6)/.....

---

(27) Ibid. p.29
(28) Loc. cit.
(29) Loc. cit.
(30) Ibid. p. 32
(31) Ibid. p. 41

(6) Malinowski [32] stel verder dat die historiese, die rekonstruksie van die verlede, gebaseer is op dokumente en gegewens soos gebruik deur bv. die Argeologie. Sodanige bronne bestaan vir die volkekunde nie omdat die mense waarmee die volkekundige werk, gewoonlik analfabete is. Al moontlike bron wat die Etnograaf sal hê, sal wees vroeëre rapporte en veldstudies van bv. sendelinge. Gegewens wat hulle bied sal ook onbetroubaar wees omdat:-

(a) Ook hulle voor die probleem van dokumentasie gestaan het en in geen beter posisie was om historiese rekonstruksie te gedoen het nie;

(b) Hulle geen opgeleide volkekundiges was nie en dus nie toegerus was met die nodige tegniek van veldwerk ens. nie.

"To admit the legitimacy of the reconstructive interest, even an antiquarian passion, is one thing: to assume that reconstruction as a specific method for the study of culture contact is another." [33]

(B) KULTUURKONTAK EN -VERANDERING:

(a) Algemene Inleiding:

Malinowski stel dit telkens baie duidelik dat die studie van kultuurkontak en -verandering 'n baie belangrike deel vorm van volkekunde en veral van die moderne volkekunde.

"The modern anthropologist had to awaken to a new set of problems. In his field of research, he cannot now observe directly any primitive culture in an uncontaminated condition. Culture under conditions of change, is the only actuality open to observation. Thus the anthropologist is now forced to restate his problems and to recast his method." [34]

Dit/.....

---

(32) Ibid. p.34
(33) Ibid. p.28
(34) Malinowski, B - "Present State of Culture Contact Studies" "Africa" Vol. XII. 1939 p.27

Dit dra nie alleen by tot die verstaan van die prosesse van kultuur nie maar is ook baie waardevol vir die administrateurs en amptenare van koloniale en onderontwikkelde gebiede. Malinowski, soos ander volkekundiges,(35) besef dat studies van die aard om twee redes onderneem moet word :

(1) om die suiwer teoretiese waarde daarvan wat veel lig kan werp op die werking en wese van kultuur in die algemeen;

(2) om die praktiese waarde daarvan vir die amptenaar, sendeling, handelaar ens. ten opsigte van beleid. Hy beskou die studie van kultuurkontak en -verandering dan ook as "the new tasks of modern authoropology" (36) Hy noem hierdie studies van kultuurkontak en - verandering "practical authropology" (37) Hieruit blyk ook weer sy klem op funksie en wel in empiries-pragmatiese sin.

Malinowski wys ons daarop dat die belangrikheid van studies van kultuurkontak en -verandering deur alle koloniale moontlikhede ingesien is. (38) In Holland is sulke studies gedoen deur Snouck-Hurgronje, van Vollenhoven, Eerde en Schrieke. Die voor-oorlogse Duitse koloniale kantore was deeglik bewus van die waarde van sodanige studies asook die Duitse volkekundiges Westermann en Thurnwald. Belangrike werk op die gebied is in Frankryk gedoen deur Dellafosse, Labouret en Maunier. Ook in England moet Rivers en Pitt-Rivers se belangstelling genoem word. In die V.S.A. was dit hoofsaaklik manne soos Wissler,Redfield, Parsons, Herskovits, Boas, Radin, Buck, Keesing en Kroeber wat die waarde van sulke studies beklemtoon en uitgebou het tot een van die belangrikste afdelings van die Amerikaanse volkekunde. Dit is

interessant/....

---

(35) Mair - "The Study of Culture Contact". "Africa" Vol. VII 1934 p.415

(36) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change". p.1

(37) Ibid. p.6

(38) Malinowski, B. - "Anthropology" Encyclopaedia Brittanica. Vol.11 p.57.

interessant om in die verband op te merk dat tot 1946 daar 49 studies oor kultuurkontak uit 'n totaal van 360 volkekundige studies in Amerika verskyn het. (39)

Daar moet onmiddelik in die verband genoem word dat Malinowski nie onderskei tussen "praktiese" en "teoretiese" volkekunde nie. (40) Dit moet aan twee faktore toegeskryf word nl. eerstens sy funksionalistiese metode en tweedens sy empirisme en pragmatisme waarop reeds gewys is. Hy verklaar :

"The truth is that science begins with applications. What is application in science and when does theory become practical? When it first allows us a definite grip on empirical reality : in other words, as soon as a theory is true it is also applied in the sense that it is experimentally confirmed." (41)

en

"Thus scientific authropology must be practical ..... The field of culture change is one in which it is impossible to keep apart the theoretical and practical issues involved." (42)

(b) Sy opvatting van kultuurkontak en -verandering:

As definisie vir kultuurkontak en - verandering gee Malinowski :-

"Culture change is the process by which the existing order of a society, that is, its social, spiritual and material civilization is transformed from one type into another." (43)

en "Culture"

---

(39) Haddon, A.C. - "History of Anthropology".
(40) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change" p.5
(41) Loc. cit.
(42) Ibid. p.6
(43) Ibid. p.1

"Culture change is the process by which the existing order of society-its organization, beliefs and knowledge, tools and consumers good - is more or less rapidly transformed." (44)

'n Aantal verdere belangrike punte in Malinowski se begrip oor kultuurkontak en -verandering is die volgende:

(1) Kultuurverandering kan op twee wyses plaasvind;-(45)

(a) deur faktore en magte wat uit spontane inisiatief en groei voortkom en die resultaat is dan 'n proses van onafhanklike evolusie binne die kultuur. Sulke faktore is bv. verandering van die bestaansekonomiese lewenswyse;tegnologiese prosesse; verstedeliking; modeveranderings; revolusie ens. (46)

(b) deur die kontak tussen verskillende kulture en die resultaat wat dan gewoonlik bekend staan as diffusie. Faktore wat by so 'n kontak invloed uitoefen is bv. oorlog, kolonisasie, handelsbetrekking ens. (47)

(2) Vir Malinowski is diffusie nie 'n mengsel van kultuurelemente wat elkeen na sy oorsprong herlei kan word nie; hy verstaan daaronder 'n proses van "reorganization on entirely new and specific lines." (48) Hy verklaar :

The/.....

---

(44) Ibid. p. vii

(45) Ibid. p.p. vii, viii, 1.
Vgl. ook:
Firth, R. - "Elements of Social Organization". p.86
Piddington, R. - "An Introduction to Anthropology" Vol. II p.653.
Krause. - "Ethnology and Culture Change" "Africa" Vol. V 1932.
Herskovits. - "Cultural Anthropology" p.454.

(46) Kroeber - "Anthropology" p.386

(47) Krause - Op. cit. p.386

(48) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change". p.viii.

"The task of the fieldworker cannot consist in disengaging and re-assorting the Black and White elements of the imaginary conglomerate, for the reality of culture change is not a conglomerate, nor a mixture, nor yet a juxtaposition of partially fused elements." (49)

Met ander woorde dit is nie nuwe kultuurelemente wat oorgeneem word naas die oues nie; dit is die ou kultuurelemente wat deur die aanraking 'n nuwe funksie en vorm verkry. Hy ontken dus eintlik nie diffusie in die sin van ontleding nie - hoewel hy nie van die term hou nie en eerder praat van funksie-verandering. Sy beswaar gaan teen die meganistiese opvatting van die historiese skool.

(3) In aansluiting by (2) bo genoem, beskou Malinowski die eenheid van verandering as instellings omdat: "..... it holds that the cultural process is subject to laws and that the laws are to be found in the function of the real elements of culture." (50) Die "real elements of culture" is natuurlik instellings. In die proses van verandering verkry die instellings nuwe funksies en vorms in ooreenstemming met die nuwe behoeftes wat uit die kontaksituasie voortspruit. Hy verwerp dus die opvatting dat kultuurelemente of komplekse van elemente die media van verandering is. (51)

(4) Volgens Malinowski is kultuur-verandering ook 'n permanente faktor in die menslike beskawing; dit vind altyd, oral en gedurig plaas. Dit is dus nie gebonde deur plek en tyd nie. (52) Hy is dus tog nie wesentlik teen die historiese nie, aangesien alle verandering plaasvind in 'n historiese proses.

(5)/.....

---

(49) Ibid. p.24

(50) Malinowski, B. - "Culture" Encyclopaedia of Social Science. p. 625.

(51) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change" p.viii
Vgl. ook Ibid. p. 65.

(52) Ibid. p.1
Vgl. : Linton, R. - "The Study of Man" p. 296
Hier verklaar Linton:
"Every Culture is not only a continuum but a continuum in a constant state of change"
Vgl. ook: Kelly & Rasey - "Education and the nature of Man". p.16

(5) Volgens Malinowski is kultuurverandering ook nie 'n sensasionele dinamiese proses nie; dit geskied geleidelik en met verloop van tyd.

"The fundamental institutions of human culture have changed not by way of sensational transformations but rather through an increasing differentiation of form in accordance with an increasingly definite function. " (53)

Hoe meer ontwikkeld die kultuur word hoe meer variasie kry ons in vorm in ooreenstemming met funksie. Kultuur is dus aan die een kant staties en aan die ander kant ook dinamies.

(6) Malinowski glo verder dat kultuurverandering oral dieselfde ooreenstemming in proses en resultaat toon.(54) Hy verklaar dan ook :-

"Culture change in Africa does not differ profoundly from that which is at present transforming the rural and backward countries of Europe from peasant communities, living by indigenous age-long economic systems, by folklore and kinship organization, into a new type closely akin to the proletariat found in the industrial districts of the United States, England or France." (55)

(7) Malinowski huldig verder die mening dat studies in kultuurkontak en -verandering ten nouste verbonde is aan koloniale beleid en administrasie omdat :-

(a)/.....

---

(53) Malinowski, B. - "Culture"
Encyclopaedia of Social Science.
p.624.

(54) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change" p.x

(55) Ibid. p.2

(a) Sulke studies van geweldige belang is vir die opstel en uitvoer van beleid, besonderlik in koloniale gebiede :

(b) ons in koloniale beleid en soortgelyke omstandighede die naaste kom tot 'n benadering van 'n eksperiment; somtyds feitlik 'n eksperiment wat gekontroleer kan word, wat in enige sosiale wetenskap gevind sal word.(56)

(8) Malinowski aanvaar ook dat die blanke 'n integrale deel vorm van feitlik enige kontaksituasie,(57) maar dan sien hy dit in besondere verband. Hy stem nie saam met Schapera wat bv. die sendeling, handelaar en amptenaar as net so 'n integrale deel van die stamlewe beskou as tradisionele hoofman of toordokter nie.(58) Die blanke is die belangrikste dryfveer en stukrag in die sin dat die inisiatief grootliks by hom berus. Die administrateur of uitvoerder van die blanke beleid bly altyd bo die stam, hy word nooit gelyk aan die stamhoof nie. Ook so bv. kan industriële onderneming invloed hê op die kultuurverandering maar dit vorm nooit 'n integrale deel in die sin dat dit deel van die stamlewe word nie.(59)

(9) In enige situasie van kultuurkontak en -verandering is daar volgens Malinowski 3 ordes wat in aanmerking geneem moet word.(60)

(a) die aanslag van die hoër kultuur;

(b) die kultuur waarop die aanslag gerig is;

(c) die resultaat van die proses van kontak en reaksie tussen die kulture wat die kontaksituasie vorm. (Ons sal later sien dat dit is waarop sy hele metode vir die bestudering van kultuurkontak en -verandering berus.)

Sy/.....

---

(56) Ibid. p. 7

(57) Ibid. p. 14

(58) Schapera - "The Study of Modern Culture Contacts." "Africa" Vol. viii 1935 p. 317

(59) Vgl. Malinowski, B - Op. cit. p.16

(60) Ibid. p.26 p.62

(c) Sy metode vir bestudering van kultuurkontak en -verandering:

Vervolgens kan gelet word op die metode wat Malinowski daarstel vir die bestudering van kultuurkontak en -verandering. Soos reeds gesê is dit gebaseer op sy aanvaarding dat daar drie ordes in so 'n kontak situasie bestaan. Hy stel dan voor dat ons ons ontleding deur middel van 'n kolomme-stelsel doen. In die eerste kolom spesifiseer ons die invloed, belange en doelstelling van die dominerende groep; vir argumentsonthalwe kan aanvaar word dat dit die blanke is. In die tweede kolom word neergeskryf die proses van kultuurkontak en -verandering. In die derde kolom word neergeskryf die oorblywende vorme van die tradisionele kultuur vir so ver dit nog aktief is. In 'n vierde kolom kan die tradisionele verlede voor aanraking vir so ver dit bekend is neergeskryf word. (61) Hy merk met betrekking tot hierdie vierde kolom die volgende op :

"Column D is a legitimate part of our synoptic scheme, but it is important to realize..... that the validity of the data there presented is of an entirely different order from that of the other three columns." (62)

Wenslik is dit om ook 'n vyfde kolom by te voeg waarin die nuwe dryfvere in die ontvangende groep se reaksie kan opgeteken word. Die kolom-stelsel sal daar dus as volg uitsien : (63)

A/.....

---

(61) Dit moet ons egter net doen vir so ver die gegewens betroubaar is en dit dus wetenskaplik sal bly.
Vgl. Malinowski, B. - Op. cit. p.76

(62) Loc. cit.

(63) Ibid. p.71

A	B	C	D	E
Blanke invloed, belange en doelstellings.	Die proses van kultuurkontak en -verandering.	Oorblywende vorme van die tradisionele kultuur.	Rekonstruksie van die verlede.	Nuwe dryfvere in ontvangde groep se reaksie.

Die beginsels waarop bogenoemde metode berus, deel Malinowski mee is die volgende : (64)

(1) Die beginsel van outonome determinisme in elk van die drie ordes :

A. Blanke invloed, belange en doelstellings.

B. Kontak en verandering.

C. Oorblywende vorme van die tradisionele kultuur.

(2) Die beginsel van verwantskap en inter-afhanklikheid van die drie ordes.

(3) Die beginsel van die dinamiese oneweredigheid van die dominerende en ontvangende kulture respektiewelik in die aanslag en verandering.

(4) Die beginsel van die veelheid en uiteenlopendheid van blanke beleid, idees, doelstellings, metodes en belange.

(5) Die beginsel dat die aanslag en interaksie plaasvind tussen instellings dit wil sê stelsel van aktiwiteit, uitgevoer deur georganiseerde groepe met behulp van materiële apparaat vir 'n gemeenskaplike doel.

As reëls vir sy metode skryf Malinowski die volgende voor : (65)

(1)/.....

---

(64) Ibid. p. 74
(65) Ibid. p. 75

(1) Elke probleem moet bestudeer word deur die drie-orde benadering. Daarom maak die kolom-stelsel voorsiening vir :

A. Blanke invloed, belange en doelstellings.

B. Kontak en verandering.

C. Oorblywende vorme van die tradisionele kultuur.

(2) Die gegewens bekom moet aangebied word in die drie kolomme op so 'n wyse dat elke item in die een kolom staan teenoor die ooreenstemmende gegewens in die ander kolomme. Hierdie diagrammatiese behandeling druk die korrelasie van die gegewens, blanke, tradisionele en verandering, vir enige probleem dan duidelik uit.

(3) Die kolomme moet altyd in 'n bepaalde orde volg. Blankegegewens eerste, gegewens van die tradisionele kultuur laaste en die kontak en verandering daartussen. Laasgenoemde is die resultaat van die interaksie van die ander twee. Waarneming kan plaasvind met as begin enige van die drie kulturele realiteite.

(d) Funksionalistiese inslag in hierdie beskouing.

Ook in Malinowski se beskouing van kultuurkontak en - verandering is sy funksionalisme duidelik. So wil hy hê dat die resultate van studies van kultuurkontak 'n rol moet speel in beleid. Daarin blyk sy funksionalisme duidelik. Hy verwag selfs dat wetenskaplike studies moet funksioneer in die praktyk. Alleen wanneer sodanige studies self 'n rol speel, self funksioneer as deel van die praktyk het dit vir hom enige praktiese waarde. Wetenskap begin vir hom wanneer dit toepasbaar is met ander woorde wanneer dit 'n funksie vervul.

Ook in sy definisie van kultuurkontak en -verandering blyk die funksionalisme duidelik. Kultuurverandering is nie die oorneem van elemente uit ander kulture nie; dit is die bestaande instelling waarvan die funksie verander wat die proses van kultuurverandering uitmaak. By sodanige studies moet die navorser hom dus

toespits/.....

toespits op die bestudering van bestaande instellings want dit is hierdie instellings waarvan die funksie verander by kultuurkontak. Om te soek na kultuuraspekte wat sonder meer uit ander kulture oorgeneem word is volgens hom foutief. Aanraking met 'n ander kultuur beteken dus nie die blote oorname van elemente uit daardie kultuur nie maar dat die kultuur waarmee in aanraking gekom word bestaande instellings stimuleer en beinvloed sodat die bestaande instellings van funksie verander. Wesentlik bly die instelling dieselfde want dit is gebou op 'n basiese of afgeleide behoefte wat min of meer konstant bly; die funksie van die instelling egter verander na mate 'n meer geslaagde aanpassing moontlik word. Duidelik blyk weer die eienaardige, wat selfs 'n teenstelling genoem kan word, naamlik dat hoewel kultuur tot 'n mate staties is daar ook 'n dinamiese inslag is. Dit wil blyk dat die vorm van kultuur die statiese element vorm en die funksie van instellings die dinamiese inslag vorm.

Die funksionalistiese inslag is verder duidelik in Malinowski se opvatting van diffusie. Diffusie is nie vir hom 'n mengsel van kultuurelemente wat elkeen na sy oorsprong herlei kan word nie. Dit is in teenstelling en in stryd met sy beskouing nl. dat kultuur 'n ordelike geheel vorm waarvan elke instelling sy funksie het en bydrae tot die onderhouding van die geordende geheel van kultuur. Elemente van een kultuur kan daarom nie bloot oorgeneem word en inpas by 'n ander funksionerende kultuur nie. As dit 'n beter aanpassing is as 'n bestaande instelling in 'n kultuur kan dit alleen sodanige instelling stimuleer om sy funksie te verander om daardeur die beter aanpassing teweeg te bring.

Die instelling is natuurlik die media van verandering omdat dit die funksie van instellings is waaruit die verandering bestaan. Geen ander kultuurelement leen hom so uitstekend vir bestudering van funksie nie daarom dat die instelling die werklike eenheid is ook by die bestudering van kultuurverandering.

Ook/.....

Ook die feit dat hy verklaar dat die handelaar, sendeling, amptenaar ens. nooit 'n integreerende deel van die stamlewe vorm nie is toe te skryf aan sy funksionalisme. Hulle behoort tot 'n ander kultuur en is nie deel van die funksionerende stamlewe nie, hulle bestaan hang nie werklik af van daardie kultuur nie en hulle is dus nie ten volle afhanklik van daardie betrokke kultuur nie. Eers wanneer hulle 'n deel vorm van die stamlewe en afhanklik is van die funksionering van die stamlewe is hulle 'n deel daarvan.(65)

--oOo--

(65) Daar moet op gewys word dat hy sy beginsel van "going native", wat ons later nog sal bespreek, hiermee weerspreek. As die sendeling, amptenaar of handelaar wat miskien jare tussen die inboorlinge woon nie deel van hulle lewe kan word nie watter hoop het die volkekundige navorser wat slegs enkele maande met tussenposes tussen hulle woon om dit te bereik.

H O O F S T U K IV.

MALINOWSKI SE NAVORSINGSPRAKTYK EN METODES.

A. ALGEMENE INLEIDING:

In die Sosiale wetenskappe is dit die taak van die navorser om die waarneembare en losstaande feite van sy navorsing te ontdek, nie te ontdek in die sin dat hulle voorheen nie bestaan het nie, maar (hier bedoelende) te ontdek deur waarneming, hulle dan te verbind en te orden tot 'n samehang van dade en gedagtes van die gemeenskap en die omstandighede wat dit bepaal het. Hierdie ontdekking deur waarneming dui op 'n bepaalde metode.

Van Jaarsveld (1) maak 'n paar insiggewende opmerkings oor die metodologie van geskiedbeskrywing en hulle kan ook op die volkekunde van toepassing gemaak word. Hy merk op dat daar altyd in alle metode 'n individuele element teenwoordig is wat baie moeilik uitgeskakel kan word omdat dit saamhang met die persoonlikheid en aanleg van die navorser en dit dus eie is aan die navorser. As dit nie met die algemene beginselgrondslae van die betrokke vakmetode gepaard gaan nie lei dit dikwels tot verdraaide voorstellings van die waargenome feite wat lei tot 'n verminkte resultaat wat aan die inhoudswaarde van die navorsing afbreuk doen.

Hy maak onderskeid tussen die algemene grondslae van die metode en die tegniek van die metode. Die navorser moet altyd gebruik maak van die algemene grondslae van sy vakmetode maar hy het veel meer vryheid ten opsigte van tegniek. Die saak kan die beste soos volg verduidelik word: enige gebou se fondament word volgens sekere vasgestelde reëls gelê (algemene grondslae van die vakmetode) maar die bouer gebruik sy eie middele en werkwyses waar-

volgens/ .....

---

(1) Van Jaarsveld, F.A. - "Oor Metodologiese ondersoek in ons Geskiedbeskrywing."
Tydskrif vir Wetenskap & Kuns. p.80
S.A. Akademie. Okt. 1953.

volgens hy die materiaal aanwend (tegniek.) So is dit ook met die navorser in die volkekunde. Sy navorsingsmetodes moet gerig wees op sekere algemene grondslae maar hy het tog vryheid van tegniek dit wil sê aanwending van metodes in sy navorsing en dit is juis by laasgenoemde instansie waar die navorser wel sy eie mening, aanleg en tot 'n mate persoonlikheid mag laat geld. Die variabiliteit van die navorsingsmetodes moet dus geleë wees in die tegniek van die navorser en nie in die algemene grondslae van die vak-metode nie. Daar moet ook ten slotte op gewys word dat die navorser se navorsingspraktyk tot 'n groot mate bepaal sal word deur sy sosiale omgewing en die tyd waaraan hy gebonde is - van hierdie twee sake kan hy homself kwalik losmaak.

(B) ALGEMENE GRONDSLAE VAN MALINOWSKI SE NAVORSINGSPRAKTYK EN METODES.

Vir Malinowski is die alfa en omega van sy navorsingpraktyk die funksionalistiese metode [2] m.a.w. sy navorsingspraktyk is funksionalisties georienteer en die algemene grondslae daarvan is geleë in sy besondere (funksionalistiese) opvatting van kultuur. Die algemene grondslae van sy navorsingspraktyk moet dus geleë wees in die funksionalistiese aspekte van sy kultuurbeskouing. Vervolgens kan kortliks daarop gelet word wat hierdie funksionalistiese aspekte van sy kultuurbeskouing is wat ten grondslae lê van sy navorsingspraktyk.

(a) Biologiese fundering van kultuur:

Richards [3] wys daarop dat Malinowski die bevrediging van elke basiese behoefte sien as die reaksie van kultuur op die basiese behoefte. Vir Malinowski is dit dus 'n universele beginsel dat kultuur altyd 'n reaksie op 'n behoefte is. In die navorsingspraktyk het dit dan vir Malinowski die waarde dat deur op die funksie van die

kultuur/.....

---

(2) Malinowski, B. - "The Dynamics of Culture Change" p.35
(3) Firth, R. (red)- "Man and Culture" p.23

kultuuraspek te let die behoefte herken kan word. Dit is juis in hierdie verband tussen behoefte en die kulturele reaksie daarop dat die belangrikheid van die funksionalistiese metode geleë is want alleen daardeur kan die kultuur ten volle verstaan word. Firth (4) toon duidelik dat vir Malinowski hierdie verband tussen behoefte en kulturele reaksie daarop beteken dat 'n algemene basis daargestel kan word waarvolgens die mens se optrede en gedrag in alle kulture duideliker verstaanbaar sal wees. Terselfdertyd vorm daardie algemene basis waarvolgens menslike gedrag duideliker verstaan kan word, 'n moontlike instrument vir waarneming in die veld en verkryging van die etnografiese gegewens. Malinowski se biologiese fundering van kultuur vorm dus een van die algemene grondslae waarop sy navorsingspraktyk berus en is verantwoordelik vir die funksionalistiese aard daarvan.

(b) Die begrip instelling :

Een van die belangrikste algemene grondslae van Malinowski se (funksionalistiese) navorsingspraktyk is ongetwyfeld die begrip Instelling. Volgens Malinowski het elke instelling 'n funksie nl. dat dit 'n behoefte bevredig. (5) Hy aanvaar dan ook die instelling as die ware eenheid waarvolgens kultuursontleding gedoen kan word. (6) In die veld tydens waarneming en optekening van gegewens moet die navorser hom dus instel op die bestudering van instellings en hulle funksies want alleen daardeur kan die kultuur ten volle verstaan word. Firth (7) vestig die aandag daarop dat Malinowski die begrip instelling gebruik as basis vir skemas wat opgestel is met die doel om die navorser te help in die versameling van feite in die veld.

Die/.....

---

(4) Ibid. p. 43
(5) Malinowski, B. - "A Scientific Theory of Culture" p.47
(6) Ibid. p. 54
(7) Firth, R.(red) - Op. cit. p. 24

Die begrip instelling het egter vir Malinowski ook nog die waarde dat dit dien as basis vir die vergelyking en korrelering van verskillende aspekte van die gemeenskap. In hierdie vergelyking en korrelering blyk Malinowski se funksionalisme nogeens baie duidelik. Malinowski onderneem dit eintlik met twee doelstellings nl. (8):

(1) Om 'n beter begrip te kan vorm van die funksionering van die betrokke aktiwiteit en dus daarmee te kom tot 'n nog duideliker begrip van die gemeenskap, en,

(2) om 'n begrip te kan vorm van die verhouding van die betrokke aktiwiteit, wat in die instelling sentreer, tot ander aktiwiteite van die gemeenskap as 'n geheel.

Die kernwaarde van die begrip instelling lê dus vir Malinowski ten opsigte van navorsingspraktyke daarin dat dit 'n funksie het. Daar is vir Malinowski geen ander eenheid of aspek van kultuur wat hom so volledig leen vir die bestudering van kulturele en sosiale funksies as die instelling nie. Dit is as grondslag vir sy navorsingspraktyk en metode dus van die uiterste belang.

(c) Teorie van behoeftes:

Daar is reeds gesien dat Malinowski onderskei tussen basiese behoeftes en afgeleide behoeftes. Basiese behoeftes moet bevredig word teneinde die voortbestaan van die organisme en dus die gemeenskap te verseker. Die mens doen dit deur 'n sekondêre omgewing te skep en hierdie sekondêre omgewing is kultuur. (9) Kultuur lei weer tot afgeleide behoeftes wat bevredig moet word teneinde die kultuur in stand te hou en dus indirek die organisme self. Die teorie van behoeftes lei dus daartoe dat Malinowski kultuur ontleed in imperatiewe. Ekonomiese organisasie, wet en opvoeding is dan instrumentale imperatiewe en magie, godsdiens, kennis, kuns en simbolisme is

integrerende/.....

---

(8) Loc. cit.
(9) Malinowski, B. - Op. cit. p. 37

integrerende imperatiewe. Malinowski se teorie van behoeftes is nog 'n bewys vir sy neiging tot skematisme. Hy wil in die navorsingspraktyk dus hierdie skema van behoeftes aanwend as basis vir die versameling en ontleding van etnografiese gegewens. Weer eens blyk sy funksionalisme ook duidelik uit hierdie skema van behoeftes want hy gebruik dit teneinde tot 'n beter begrip te kan kom van die reaksie van kultuur op basiese en afgeleide behoeftes wat noodsaaklik is om die interafhanklikheid van verskillende aspekte van kultuur vollediger te verstaan. Die teorie van behoeftes het in Malinowski se metodologie ook nog die betekenis dat sy begrip instelling daaruit voortspruit.(10) Die kultuur bevredig die behoefte deur middel van die instelling, met ander woorde die bevrediging vind plaas as gevolg van die feit dat die mense wat die behoefte voel hulself organiseer met die doel om die behoefte te bevredig en toegerus is met sekere materiele apparaat. Die vorm wat hierdie organisasie aanneem is die instelling.

(d) Holistiese beskouing van kultuur:

Ook die holistiese beskouing van kultuur lê ten grondslag van Malinowski se navorsingspraktyk. Vir Malinowski vorm kultuur 'n eenheid waarin die verskillende aspekte interafhanklik is.(11) Dit blyk duidelik as in ag geneem word dat Malinowski reken dat 'n kultuur bestudeer kan word met enige aspek daarvan as uitgangspunt - die verskillende aspekte is so interafhanklik dat al het die navorser slegs een aspek as uitgangspunt dit hom nog sal lei tot die geheel van die kultuur. Verder wys Malinowski daarop dat 'n instelling nie slegs beperk is tot een stel behoeftes nie maar dat 'n instelling op verskeie behoeftes gebaseer kan wees. Malinowski se kritiek teen die historiese skool is juis gegrond op sy holistiese beskouing van

kultuur/.....

---

(10) Firth, R.(red) - Op. cit. 24

(11) Malinowski, B. - Op. cit. p. 40. p.150.

kultuur daarom kan sekere aspekte van kultuur nie afgesonder word vir vergelyking met aspekte van 'n ander kultuur nie want sodra so 'n aspek uit die kultuur uitgelig word, waarin dit as deel van die geheel funksioneer, verloor dit alle betekenis. Die ware funksie en waarde van enige aspek van kultuur kan alleen bepaal word soos dit funksioneer as deel van 'n geheel en soos dit aansluit by ander dele van die geheel. Daarom ook is aspekte uit die verlede van 'n kultuur vir Malinowski van geen belang nie omdat dit nie funksioneer as deel van die kultuur soos hy vandag bestaan nie. 'n Aspek van kultuur is vir Malinowski slegs van belang soos dit op die huidige tydstip funksioneer as deel van die geheel van die kultuur.

(e) Funksie:

Kaberry (12) beweer dat funksie in drie opsigte van belang was vir Malinowski se navorsingspraktyk en metode. In die eerste plek is dit belangrik omdat die funksie van 'n instelling en/of gebruik die instelling en/of gebruik se invloed is op ander instellings en gebruike. So is 'n instelling en/of gebruik organies verwant aan die res van die kultuur. So kan slegs die funksionalistiese metode die verhouding tussen verskillende instellinge en/of gebruike bepaal. Ten tweede: die bestudering van funksie sluit in 'n ontleding van die invloed van die instelling op die instandhouding van spesifieke onderlinge verhoudings en die bereiking van vooropgestelde doelstellings deur die lede van die besondere gemeenskap. Derdens kan funksie ook beskou word as die aandeel van 'n aanstelling in die behoud van sosiale samehang en die versekering van die voortbestaan van 'n spesifieke lewenswyse of kultuur in 'n omgewing. Deur dus funksie-ontleding te betrek by sy navorsingspraktyk reken Malinowski om tot drie dinge te kom nl:

(1)/.....

---

(12) Firth, R. (red.) - Op. cit. p. 81. p.82

(1) 'n beter begrip van die verhouding tussen die verskillende instellings,

(2) 'n beter begrip van die verhouding tussen die instelling en die mense wat die instelling organiseer en dus ook die doel van die instelling, en

(3) 'n beter begrip van die verhouding tussen die instelling en die kultuur in die algemeen soos dit binne 'n gegewe omgewing bestaan.

Funksie is dus vir die navorsingspraktyk belangrik omdat dit lig werp of die verhouding tussen instellings, instellings en spesifieke vooropgestelde doeleindes van die gemeenskap, instellings en die kultuur in die algemeen binne die besondere omgewing en die verhouding van al bogenoemde aspekte soos dit voorkom elkeen as graad van abstraksie binne die geheel van die kultuur. Die begrip funksie lê dus ook ten grondslag aan Malinowski se metodologie in die navorsingspraktyk want die navorser moet hom by die bestudering van die funksie van instellings in die veld instel op al drie grade van abstraksie wat bo genoem is.

(f) Empirisme:

Die vyfde en laaste belangrike grondslag van Malinowski se funksionalistiese metodologie in sy navorsingspraktyk is sy empirisme. Dit volg feitlik outomaties op die ander grondslae van sy metodologie. Die navorser moet self die waarneming in sy navorsing doen sodat niks sy oog ontgaan nie. Omdat aspekte en instellings in 'n kultuur slegs belangrik is soos dit op die huidige tydstip funksioneer, impliseer dit dat die navorser slegs die belangrikheid daarvan kan bereken as hy dit self in die huidige vorm waarneem. Sake uit die verlede wat dus nie empiries waargeneem is nie is waardeloos; dit is oorbodig want dit vorm nie deel van die kultuur soos dit op die huidige tydstip funksioneer nie. Kultuur kan slegs verklaar en verstaan word soos die onderskeie dele of aspekte op die huidige tydstip binne die geheel funksioneer en daarvoor is eerstehandse empiriese kennis onontbeerlik.

(c)/.....

(C) ALGEMENE TEGNIEK VAN MALINOWSKI SE NAVORSINGSPRAKTYK EN METODES.

(a) Algemeen:

Dit is nodig om altyd in aanmerking te neem dat Malinowski by uitstek 'n veldnavorser was. (13) Sy besoeke aan Nu-Guinea lê ten grondslag van al sy werk; al sy studies wortel daarin. (14)

Hy openbaar dwarsdeur sy studies en ook in sy navorsingmetodes 'n opvatting dat daar altyd konflik sal wees tussen teorie en praktyk. (15) Ook dit moet in aanmerking geneem word wanneer sy navorsingsmetodes ondersoek word.

In die werk van Malinowski, nes in dié van Boas en Bastiaan merk ons 'n koorsagtige haas na feiteversameling. Soos Firth, (16) Haddon (17) en andere was Malinowski deeglik bewus daarvan dat die primitiewe kulture in hulle tradisionele vorme vinnig besig was om te verdwyn as gevolg van die aanraking met ander, en meer beskaafde kulture.

"Just now, when the methods and aims of scientific field ethnology have taken shape, when men fully trained for the work have begun to travel into savage countries and study their inhabitants - these die away under our very eyes." (18)

Malinowski wys tereg daarop dat behoefte aan energieke navorsing bestaan, maar ook dat die tyd kort is om dit te doen. (19)

Malinowski/.....

---

(13) Lowie, R.H. - "History of Ethnological Theory" p. 231
(14) Loc. cit.
Firth, R.(red)- Op. cit. p.33
(15) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 232
(16) Firth, R. - "Elements of Social Organization" p.1
(17) Haddon, A.C. - "History of Anthropology" p.141
(18) Malinowski, B.- "Argonauts of the Western Pacific" p.xv
(19) Ibid. p. xvi

Malinowski huldig die mening dat die navorser moet teoretiseer, selfs induktiewe veralgemenings maak, teorië opbou;[20] maar dan moet die feite waarop dit gedoen word altyd empiries waargeneem gewees het, hetsy direk of indirek.[21] Maar nog meer : hy dring daarop aan dat die teoretisering mag plaasvind in die veld waar die navorser besig is,[22] en beskou dit as deel van die navorser se taak.[23]

"There is no such thing as description completely devoid of theory. Whether you reconstruct historic scenes, carry out an field investigation, analyze statistics, - every statement and every argument has been made in words, that is, concepts. Each concept in turn is the result of theory....." [24]

Evans - Pritchard [25] sien dieselfde saak as volg :-

"An established theory is only a generalization from experience which has again been confirmed by it, and a hypothesis is merely an unconfirmed opinion that, judging by what is already known, it is reasonable to assume."

Op Malinowski moet ons dus die woorde van Herrkovits [26] tuisbring word :

"We must accept the portulate that the term method implies more than actual procedures employed in prosecuting a given research..... the techniques are essentially no more than ways of implementing the testing of hypothesis, and that there is no hypothesis which does not arise from a body of theory and concept ..... it is therefore no anomaly that developments in procedure have closely followed the development of theory."

Getoets/.....

---

(20)Radin, P. - "The Method and Theory of Ethnology" p.255
(21)Firth, R.(red) - "Man and Culture" p. 78
(22)Radin, R. - Op. cit. p.255
(23)Loc. cit.
(24)Malinowski, B. - "A Scientific Theory of Culture" p.7
(25)Evans-Pritchard- "Social Anthropology" p.9
(26) Spencer (red.)- "Method and Perspective in Anthropology" p. 5

Getoets aan Warner [27] se vereiste dat, hoewel metodologie 'n ideologiese inslag mag hê, dit noodsaaklik is dat dit geskei moet word van die teoretiese begrippe teneinde objektiwiteit te verkry, slaag Malinowski nie.

Tot die beskrywing van 'n ganse kultuur in een werk het Malinowski nooit gekom nie. [28] Hy het 'n tema vir elk van sy werke gekoem en al sy studie vir daardie spesifieke projek daarop toegespits. Die tema of aspek [29] bespreek hy dan in die breë verhouding daarvan tot ander aspekte van die kultuur. [30] Hoewel sy hele lewe daaraan gewy was, het hy selfs nie eens die Trobrianders se kultuur ten volle nagevors nie. [31]

(b) Voorbereiding:

Malinowski het altyd baie deeglik voorbereid na sy studiemateriaal gegaan : gewoonlik deur homself deeglik op hoogte te bring met die reeds bestaande literatuur en feite. [32] Evans-Pritchard deel ook mee dat dit 'n vereiste aan die Universiteit Oxford is voordat 'n student 'n projek van veldnavorsing mag aanpak [33] en dit wys sekerlik op die belangrikheid daarvan.

(c)

---

(27) Warner - "Africa" Vol. VI Jan. 1933 No.1 p.51.

(28) Lowie, R.H. - Op. cit. p.231
Firth, R.(red) - Op. cit. p. 17
Evans-Pritchard - Op. cit. p.93

(29) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change" p.19
Dit moet gesien word teen sy funksionalistiese opvatting van kultuur nl. dat 'n kultuur met enige aspek daarvan as uitgangspunt bestudeer kan word.

(30) Die twee beste voorbeelde is ongetwyfeld :
"The Sexual Life of Savages."
"Coral Gardens and their Magic."

(31) Evans-Pritchard - Op. cit. p.93

(32) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 232

(33) Evans-Pritchard - Op. cit. p. 76

(c) Taal:

Malinowski het dit as van die intersste belang beskou vir die navorsingsmetode van die volkekunde dat die navorser die taal van die mense onder wie sy navorsing plaasvind, moet ken. (34) Onder andere dring ook Radin, (35) Herskovits (36) en Goldenweiser (37) op die belangrike beginsel aan. In S.A. is die beginsel onder andere deur Eiselen, Engelbrecht, Myburgh en Van Warmelo gevolg. (38) Evans-Pritchard (39) wys daarop dat Malinowski die eerste professionele volkekundige was wat sy ondersoek in die inboorlingtaal gedoen het tydens sy besoek aan Melanesië in 1914 en 1918.

"I think that a complete knowledge of any native language is much more a matter of acquaintance with their social ways and cultural arrangements than of memorising long lists of words or grasping the principles of grammar and Syntax....." (40)

Selfs bogenoemde opvatting is 'n uiting van Malinowski se funksionalistiese benadering want hy gee daarmee te kenne dat die navorser self moet optree as deel van die gemeenskap.

Malinowski hou ook vol dat navorsing altyd voorsien moet wees van 'n "corpus inscriptionum" (41) wat bestaan uit mites, etnografiese verklarings, tipiese spreekwoorde ens. wat uit die aard van die saak in die inboorlingtaal moet wees. (42) Sy werke is dan ook almal voorsien van so 'n "corpus inscriptionum", somtyds deurvleg met die

aanbieding/.....

---

(34) Coertze,P.J. (red.) - "Inleiding tot die Algemene Volkekunde". p. 196
(35) Radin, P. - Op. cit. p. 103
(36) Spencer (red.) - Op. cit. p. 9
(37) Goldenweiser. - "Anthropology" p. 56 punt 9.
(38) Coertze, P.J.(red.) - Op. cit. p. 196
(39) Evans - Pritchard - Op. cit. p. 74. p. 93
(40) Malinowski, B. - "Coral Gardens and their Magic" p. 453
(41) Dit is wat later bekend geword het as die "teksmetode"
(42) Malinowski, B. - Op. cit. p. 453.
Firth, R. (red.) - Op. cit. p. 79

aanbieding van sy navorsing.(43) Hierdie notas moet uit die aard van die saak in die inboorlingtaal afgeneem word; daarna kan dit bestudeer en deeglik vertaal word.(44)

(d) Die beginsel van "going native" :

Dit bring ons vervolgens by een van Malinowski se belangrikste opvattinge in die tegniek van veldnavorsing nl. "going native."

"I have several times insisted on the fact that satisfactory fieldwork can only be done by one who lives right among natives."(45)

Die navorser moet egter nie slegs tussen hulle woon nie maar ook aktief deelneem aan wat hulle doen.(46) Hierdie geloof dat die navorser self 'n deel van sy studieveld moet word, openbaar nogeens duidelik Malinowski se funksionalisme : die navorser moet self aktief, funksioneer, deelneem as lid van die gemeenskap om hulle en hulle kulture ten regte te kan waardeer. Malinowski beskou hierdie "going native" as die ideale omstandigheid waaronder die navorser sy werk moet doen;(47) hy gaan selfs sover om te stel dat die navorser hom moet afskei van alle blanke geselskap .(48)

(e) Gebruik van informante:

Aan die begin van sy navorsing het Malinowski wel van informante gebruik gemaak maar hy het dit heel gou laat vaar omdat dit geblyk het dat hulle nie betroubaar is nie.(49) So deel Malinowski ons die interessante geval(50)

mee/.....

---

(43) Vgl.: "The Sexual Life of Savages" p.p. 394, 406, 423
"Coral Gardens and their Magic" p.p. 435 - 451

(44) Malinowski, B. - "Coral Gardens and their Magic"p.453
Malinowski, B. - "Argonauts of the Western Pacific" p. 23
Coertze, P.J. (red.) - Op. cit. p. 196

(45) Malinowski, B. - "Argonauts of the Western Pacific" p.453

(46) Ibid. p.21
Firth, R. (red.) - Op. cit. p. 77
Coertze, P.J. (red.) - Op. cit. p. 196

(47) Malinowski, B. - Op. cit. p. 6

(48) Loc. cit.

(49) Goldenweiser - Op. cit. p. 54

(50) Loc. cit.

mee dat hy aan 'n Trobriand-tuinwerker gevra het aan wie die grond behoort. Die antwoord was dat dit aan hom die tuinbouer behoort. 'n Ander het geantwoord dat dit aan die hoofman behoort en nog 'n ander het gesê dat dit aan die tuin-toordokter behoort. Die drie uitsprake kom verwarrend voor maar inderdaad het al drie aanspraak op die grond gehad - die tuinbouer omdat hy dit bewerk, die hoofman omdat alle grond aan hom behoort en die tuindokter omdat hy moet sorg dat die grond vrugbaar is. Malinowski kan hom egter nooit heeltemaal losmaak van informante nie omdat sy "corpus inscriptionum" ook tot 'n mate op informante berus; dit is egter moontlik om in die geval van "corpus inscriptionum" die betroubaarheid van die informante te toets omdat hulle uitsprake met mekaar gekontroleer kan word.

(f) Gebruik van tabelle, statistieke ens:

'n Verdere belangrike beskouing van Malinowski met betrekking tot navorsingsmetodes is die gebruik van tabelle. Hy glo vas daaraan dat resultate bewys moet word deur opnames van werklike gevalle in die vorm van diagramme, sketsplanne, tabelle ens. (51) So bv. moet verwantskapsterme duidelik in tabelle aangegee word. (52) Die organisasie van die stam en ontleding van kultuur moet deur "concrete statistycal documentation" (53) weergegee word. Hy dring ook aan op 'n "Imponderablia of actual life", dit wil sê 'n verslag van hoe die daaglikse lewe

van/.....

---

(51) Malinowski, B. - "Argonauts of the Western Pacific" p. 14

(52) Loc. cit.

(53) Ibid. p.24
Vir voorbeelde vgl.
"Coral Gardens and their Magic" p. 430. p.424. p.406
"The Sexual Life of Savages" p. 444
"Argonauts of the Western Pacific" p.415. p.416

van die gemeenskap verloop. Met hierdie gebruik van "imponderablia", "corpus inscriptionum", diagramme, sketse en statistiese hulpmiddels word 'n neiging bemerk tot eksaktheid as gevolg van sy vroeëre skoling in die natuurwetenskappe waaraan hy nie ontkom nie. Dit toon ook verder duidelik die materialistiese inslag in sy navorsing nl. die herleiding van lewende kultuur tot statistiese tabelle, syfers, diagramme ens. Dit is ook 'n bewys, soos vroeër opgemerk is, vir sy neiging tot skematisme.

(g) Benadering tydens navorsing:

Volgens Malinowski moet die navorsing langs drie lyne verloop (54) wat genoem kan word die doel, wyse en inhoud van die navorsing.

(1) Doel van navorsing:

Dit moet gemik wees op 'n deeglike ondersoek na die organisasie van die inboorlingvolk, en die ontleding van sodanige kultuur. Bogenoemde moet dan baie duidelik omlyn in die resultate van die navorsing weergegee word.

(2) Wyse van navorsing:

Binne die raamwerk van bogenoemde moet duidelike imponderabilia van die werklike lewe gegee word. Dit vereis absolute vertroulike kontak met die inboorlinge.

(3) Inhoud van navorsing:

Die navorsing moet gemik wees op die versameling van etnologiese verklarings, mites, tipiese spreekwoorde, ens. om die resultaat of gevolgtrekking te bewys. Dit is veral van die uiterste belang by die bestudering van geestelike gesteldheid en mentaliteit.

Alleen/.....

---

(54) Malinowski, B. - "Argonauts of the Western Pacific" p. 24

Alleen daarmee kan die werklike konkrete situasie in die inboorlinglewe na reg gewaardeer word. Malinowski meen dat alleen wanneer al drie bogenoemde aspekte in aanmerking geneem is in die studie kan by die werklike doel van die etnologie uitgekom word.

Om na te gaan hoe die proses van navorsing verloop het tydens een van Malinowski se projekte word die werk "Coral Gardens and their Magic" (55) as voorbeeld geneem. Die totale duur van sy verblyf aldaar was ongeveer twee en 'n half jaar en versprei oor 'n tydperk van vier jaar nl. September 1914 tot Oktobor 1918. Hy het die navorsing in drie besoeke verrig nl. :- (56)

Eerste besoek : September 1914 - Maart 1915.
Tweede besoek : Junie 1915 - Mei 1916.
Derde besoek : Augustus 1917 - Oktober 1918.

Malinowski het homself afgeskei van alle blankes en probeer om werklik as een van die gemeenskap te leef en om die gebruik van informante te vermy en alle pogings aangewend om die mededelers se verklarings vir juistheid te toets. Tussen elke besoek het hy 'n paar maande oopgelaat om sy notas te verwerk, ens. (57)

Malinowski se navorsing het dus in drie stadiums verloop en wel as volg :

(1) In die eerste stadium versamel hy die gegewens wat duidelik waarneembaar is.

(2) In die tweede stadium het hy hom toegespits op die verhouding tussen die verskillende feite wat in die eerste stadium waargeneem is. Hieruit kry hy dan feite wat verlore sou gegaan het as hy dit direk probeer waarneem het: feite wat hoewel afgelei tog empiries gegrond is omdat hulle op waarneming berus het.

(3)/.....

---

(55) Sien genoemde werk p.p. 453 - 457.
(56) Firth, R.(Red.) - Op. cit. p.77
(57) Loc. cit.

(3) In die derde stadium het Malinowski probeer om te kom tot 'n wetenskaplike en versigtige sintese van die interverhoudings tussen die verskillende waargenome feite (eerste stadium) en afgeleide feite (tweede stadium) soos hulle saamsmelt in die geheel.

In bogenoemde drieledige benadering kan Malinowski se funksionalisme waargenoem word want dit gaan om "interafhanklikheid van aspekte soos hulle in die geheel" voorkom. Malinowski is die mening toegedaan dat alleen met bogenoemde metodologiese benadering daar ten volle gekom kan word tot 'n funksionalistiese geheelbeskouing van die betrokke kultuur. Interressant is 'n aanmerking van hom in die verband ook met betrekking tot sy drieledige benadering wat bo bespreek is.

"To put it paradoxly, one could say that "facts" do not exist in sociological any more than in physical reality; that is, they do not dwell in the spacial and temporal continuum open to the untutored eye"(58)

Malinowski wys ook op nog twee belangrike riglyne wat in die benadering van die navorsing altyd rigting moet aandui nl. : (59)

(1) Die navorser moet met soveel presiesheid as moontlik die beginsels van sosiale organisasie, die reëls en wette van die stam en tradisies, opvattings ten opsigte van magiese, religieuse, tegnologiese, ens. weergee.

(2) Die navorser moet egter nie abstrak raak nie; die mense wie se kultuur hy verhaal moet steeds mense bly, die omgewing waarin dit alles staan moet steeds werklikheid bly.

(h)

---

(58) Goldenweiser - Op. cit. p.53

(59) Firth, R.(red.)- Op. cit. p.71

(h) Tydsduur van navorsing:

Volgens Evans-Pritchard [60] is Malinowski die volkekundige wat die langste tydperk in die veld onder sy studiemateriaal deurgebring het. Malinowski [61] se mening is dat die navorsing behoort plaas te vind in twee of drie besoeke van ongeveer 'n jaar elk met tussenposes van ook ongeveer 'n jaar. Hy dring daarop aan dat die onderbreking in die besoeke gedoen moet word sodat die navorser kan besin, verwerk en waardeer aan sy ingesamelende feite.

(D) GEVOLGTREKKINGS EN SAMEVATTING:

Na bogenoemde analise van die algemene grondslae van Malinowski se navorsingspraktyk, asook 'n oorsig van sy navorsingstegniek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word :

(a) Hy verwerp enige rekonstruksie van oorspronge, tensy dit gegrond is op wetenskaplike verantwoordbare feite. Hy verwerp ook historiese rekonstruksie op grond van sy funksionalistiese beskouing nl. dat aspekte uit die verlede nie nodig is om te verstaan hoe 'n kultuur teenwoordig funksioneer nie omdat aspekte alleen van belang is by kultuurbeskouing soos hulle nou funksioneer as deel van 'n groter geheel.

(b) Malinowski beskryf sosiale en kulturele verskynsels deurgaans in sosiologiese terme omdat eerder 'n sosiologiese as psigologiese verklaring aanvaar word. [62]

(c) Hy beskou kultuur as 'n geintegreerde stelsel en ondersoek die funksies van sosiale instellings, gewoontes, gebruike, ens. as dele van 'n groter geheel wat onderling interafhanklik is. Hy beskou dit as die enigste geldige metode vir die volkekundige ondersoek. [63] In wese is sy navorsing dus funksionalisties, veralgemenend en sosiologiese in grondslag. [64]

(d)/....

---

(60) Evans-Pritchard - Op. cit. p. 74
(61) Firth, R.(Red.) - Op. cit. p. 77
(62) Radin, P. - Op. cit. p. 171
(63) Loc. cit.
(64) Ibid. p. 172

(d) Dit gee ons waardevolle inligting omtrent omgeformuleerde aspekte van kultuur.[65] Dit is miskien die uitstaande verdienste van sy navorsingspraktyk.

(e) Ons kan die kernaspekte van sy navorsingstegniek as volg opsom:-

(1) Die navorser moet soveel moontlik gegewens omtrent sy studiemateriaal bekom reeds voor hy na die veld vertrek.

(2) Die navorser moet die taal van die Inboorlinge onder wie hy navorsing doen verstaan.

(3) Die navorser moet tussen die mense wat sy studiemateriaal vorm, woon en homself absoluut een van hulle maak.

(4) Die navorser moet besondere noukeurige oplettendheid aan die dag lê.

(5) Notas ens. in die veld moet sovêr as moontlik in die inboorlingtaal afgeneem word en kan dan later verwerk en vertaal word.

(6) Gegewens en feite moet altyd deur die navorser self waargeneem wees of andersins minstens wetenskaplik aanvaarbaar en geregverdig wees. Die gebruik van informante moet, waar moontlik, vermy word.

(7) Waarneming in die veld moet onderbreek word vir insinking, verwerking en sistematisering van versamelde gegewens.

(8) "Corpus Inscriptionum", "imponderabilia", tabelle, kaarte, diagramme ens. moet sover moontlik opgestel word sodat dit as bewysmateriaal aangewend kan word.

(9) Waargenome feite moet in die finale vorm konkreet, wetenskaplik en duidelik weergegee word. Dit moet egter nie abstrak raak nie maar altyd verband hou met die geaardheid en lewensopvatting van die mense en die omgewing waarin dit waargeneem is. Dit beskou Malinowski as baie belangrik indien 'n gebalanseerde verslag gegee wil word.

(f)/.....

---

(65) Loc. cit.

(f) Oral in Malinowski se navorsingspraktyk blyk dit dat hy geneig is tot eksaktheid en skematisme. Dit blyk uit sy aanwending van statistiese hulpmiddels, konkrete skemas wat altyd in 'n aantal punte ontleed kan word, die materialistiese inslag wat in sy navorsing na vore kom ens. Blykbaar kon hy nooit ten volle aan sy natuurwetenskaplike skoling ontkom nie. Dit is dan ook een van Radin (66) se besware teen hom nl. dat hy 'n natuurwetenskaplike inslag in die volkekundige navorsingspraktyk wou inbring.

--oOo--

(66) Ibid.

H O O F S T U K V

WAARDERING VAN MALINOWSKI SE NAVORSINGS-PRAKTYK EN METODES.

(A) ALGEMENE GRONDSLAG IN SY NAVORSINGSPRAKTYK EN METODES:

(a) Biologiese fundering van kultuur:

Malinowski se opvatting dat "each phase of culture corresponds to some fundamental tendency of human organism" (1) het die konsekwensie dat sy teorie daardeur 'n biologiese-deterministiese inslag kry. Werklik volkekundige vrae wat nie altyd deur genetiese menslike tendense verklaar kan word nie word dus nie deur hom beantwoord nie. (2) Skynbaar voel Malinowski in sy kultuurbeskouing die gebreke aan van sy verabsolutering van die biologiese want hy bring ook 'n tweede determinant na vore nl. "cultural determinants". (3) Sy verklaring daarvan is egter nie bevredigend nie. As kultuur by alle mense dieselfde basiese behoefte bevredig moet daar tog 'n verklaring wees vir die verskeidenheid kultuurpraktyke wat om dieselfde behoefte bestaan. Ten einde dit te kan verklaar stel Malinowski dat die graad van bevrediging die faktor is wat dit moet verklaar. Die mens pas hom in sekere grade van geslaagdheid aan. Sekere aanpassings moet noodwendig beter wees as ander. Volgens Malinowski verklaar dit die groot verskeidenheid van kultuurpraktyke wat om een menslike behoefte gesentreer is. Op dié vraag of twee vorme van bevrediging nie ewe-geslaagd kan wees en dan naas mekaar in die kultuur bestaan nie gee Malinowski geen antwoord nie. In hierdie verklaring van Malinowski is die verabsolutering van die biologiese baie duidelik. Dit is egter geen voldoende verklaring nie omdat soos reeds

gesê/.....

---

(1) Lowie, R.H. - Op. cit. p.236

(2) Ibid. p. 237

(3) Malinowski, B. - "A Scientific Theory of Culture" p. 86

gesê alle kultuur nie in verband staan met genetiese menslike tendense nie. By die dier is daar ook biologiese impulse maar dit lei nie tot die daarstel van kultuur nie! Die duidelike verband tussen die biologiese en kulturele wat Malinowski veronderstel, word nie altyd bevredigend deur hom aangetoon nie. Die vraag hoe die universieël-biologiese die groot kulturele verskeidenheid tot gevolg kan hê word nie bevredigend beantwoord nie juis omdat hy die biologiese te veel verabsoluteer.

Lowie (4) wys daarop dat ons aanvaar dat alle huweliksvorme verband hou met seksuele gemeenskap. Dit kan egter nie aan ons verklaar waarom sekere groepe monogamie, ander poligamie en selfs nog ander poliandrie beoefen nie. Hierdie kultuurverskynsels se verklaring is nie herleibaar tot basiese biologiese behoeftes nie. Deurdat alle kultuur, volgens Malinowski, biologies gefundeer is en dus by alle mense dieselfde biologiese fundering gevind sal word, beteken dit dat kulturele verskynsels respektiewelik oral dieselfde oorsake en oorsprong sal hê. In die geval van huweliksvorme het ons egter gesien dat hulle nie verband het met die biologiese nie. Die biologiese is nie die verklaring vir die verskeidenheid van huweliksvorme nie. Neem nog hierby in aanmerking dat die biologiese seksuele drif buite enige huweliksverband bevredig kan word. As Malinowski nou beweer dat die huweliksvorm die resultaat is van die kondisionering van die biologiese drif deur die kulturele determinant weerspreek hy homself want dan is dit die nuwer kulturele determinant wat die huwelik, as instelling self en die vorm daarvan, bepaal het. Boas (5) se aanmerking sal miskien hier van pas wees :

"The biological approach is not promising when we wish to understand the history of cultures. We have also shown the limitations of the attempts to explain culture as due to environmental and economic factors. These have their influence upon existing culture, but they do not create culture, they do not explain the foundations of the fabric."

Lowie/....

---

(4) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 236, 237

(5) Boas - "General Anthropology" Neath & Co. New York. 1938 p.668

Lowie (6) wys daarop dat Malinowski se veronderstellings te vaag is om te interpreteer wat hy daarmee wou verduidelik het. Daar bestaan in menslike gemeenskappe tog nie slegs net een kultuurpatroon, 'n "restricted culture pattern" soos Benedict (7) dit noem nie. Die variasie in kultuurpatrone kan Malinowski nie met sy biologiese uitgangspunt verklaar nie.

Volgens hierdie funksionalistiese opvatting van Malinowski nl. die biologiese fundering van kultuur kan die oorsprong van kulturele instellings selfs op die huidige tydstip vasgestel word deur die betrokke kultuur te ontleed en vas te stel watter verband daar bestaan tussen die kultuuraspek en die mens se biologiese behoefte aan die een kant en die verband wat daar bestaan met die natuurlike omgewing aan die ander kant. (8) Bidney (9) wys daarop dat volgens Malinowski, die oorsprong van familie en huwelik gevind word in die mens se universele behoefte aan 'n maat en nakomelinge maar dat dit geensins die betrokke historiese vorm en toestande verduidelik nie. Malinowski se opvatting kan slegs tot vae algemeenhede lei en nie tot 'n werklike verklaring van oorsprong nie. Met hierdie opvatting van oorsprong in kultuur het Malinowski totaal alle verbintenis met die historiese verbreek. Bidney (10) is korrek as hy daarop wys dat die behoefte alleen wat ons aan iets het dit nie 'n ontstaan kan gee nie, ook nie die spesifieke aard daarvan kan bepaal nie. Reeds

Durkheim/.....

---

(6) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 236
(7) Benedict, R. - "Patterns of Culture" Routledge & Paul. London. 1955
(8) Malinowski, B. - Op. cit. p.p. 202, 203
(9) Bidney, D. - "Theoretical Anthropology" p.225
(10) Ibid. p.227

Durkheim [11] het besef dat oorsprong, in die sin van oorsaak vir ontstaan, en funksie van 'n kulturele skepping nie identies is nie. Malinowski verwar egter steeds oorsaak vir ontstaan en funksie op grond van sy biologiese fundering van kultuur en in sy navorsingspraktyk moet dit nadelig wees want die biologiese fundering van kultuur lê ten grondslag daarvan. Nou juis die eienaardigheid, die tweeslagtigheid waarop gewys is, nl. dat in sy navorsingswerk self daar geen spore aanwesig is van hierdie swakheid van sy teoretiese grondslag van die navorsingspraktyk nie. Wat die teoretiese egter betref, as die oorsprong van 'n kultuuraspek verklaar wil word, is nie slegs net 'n psigo-biologiese analise, soos Malinowski voorgee, nodig nie maar ook nog sosiale en suiwer historiese oorwegings daarby.

Maar Malinowski se metodologiese fundering van kultuur stel hom voor nog 'n probleem nl. die van "<u>survivals</u>" dit wil sê, daardie elemente van kultuur wat geen funksie meer het nie maar nog in die betrokke kultuur bestaan. Malinowski ontken eenvoudig die bestaan van kultuurreste (survivals) en verklaar dat dit wat as kultuurreste aangegee word, so besou word omdat die feite nog nie genoegsaam ontleed is om die funksie aan te toon nie. [12] Malinowski se wegredenering van kultuurreste is egter geensins bevredigend nie. Die etnologiese feit bly dat daar in sekere kulture elemente is wat geen funksie meer het nie maar tog nog voortbestaan. Soos Nadel [13] opmerk, dinge wat 'n funksie het moet gevolge hê. As hulle dus geen resultaat of gevolge het nie het hulle ook geen funksie nie en dan is hulle reste.

Interessant/.....

---

(11) <u>Loc. cit.</u>

(12) <u>Ibid.</u> p.230
Vgl.: Nadel - "<u>Foundations of Social Anthropology</u>" p. 369

(13) Nadel - <u>Op. cit.</u> p. 369

Interessant is dit om op te merk dat die inboorling of primitiewe mens self selde glo aan Malinowski se biologiese fundering van kultuur. Vir die inboorling hang sy fisiese voortbestaan en ook die voortbestaan van sy kultuur nie soseer af van slegs die bevrediging van sy basiese behoefte nie; dit hang minstens ook eweveel af van sy geloof in die supernaturalistiese. In die teorie sal Malinowski met sy teoretiese begrippe hierdie opvatting by die inboorling moeilik kan verklaar. Maar weereens die tweeslagtigheid tussen Malinowski se teorie en praktyk. In sy navorsing begryp hy hierdie standpunt van die inboorling baie duidelik en dit is moeilik om te aanvaar dat hierdie begrip van hulle standpunt gebaseer kan wees op sy metodologiese eis vir die navorsingspraktyk.

(b) Teorie van behoeftes:

Die teorie van behoeftes van Malinowski hou in dat sekere behoeftes meer basies is as ander, veral in die genetiese of kousale sin. Dit beteken eintlik dat Malinowski 'n hierargie van behoeftes daarstel waarin die bevredeging van die basiese of biologiese behoeftes die fondament van kultuur vorm. (14) Uit hierdie kulturele bevrediging van die basiese behoeftes tree dan afgeleide behoeftes, imperatiewe, na vore wat weer bevredig moet word teneinde die instansies in stand te hou wat die basiese behoefte bevredig. Uit hierdie hierargie spruit daar 'n aantal noodwendighede voort; Malinowski noem hulle nie self nie :

(1) Daar is sekere elemente van kultuur wat as 'basiese kultuur' beskou kan word en ander elemente van kultuur wat weer beskou kan word as 'afgeleide kultuurelemente' .

(2)/.....

---

(14) Nadel - Op. cit. p.378
Vgl. ook: Firth, R.(Red.) - Op. cit. p.38

(2) Die 'basiese kultuur' is gebou om die basiese behoeftes en die 'afgeleide kultuur' is gebou om die afgeleide behoeftes.

(3) Die 'basiese kultuur' is dus direk verwant aan die biologiese en die 'afgeleide kultuur' is indirek verwant daaraan.

(4) Dit impliseer dat die imperatiewe nie sou bestaan het indien die basiese behoefte nie daar was nie met ander woord kultuurelemente soos godsdiens, ekonomiese organisasie en politieke organisasie sou nie bestaan het indien daar nie kultuur was wat aan die vereistes van metabolisme, voortplanting, beweeging, ens voldoen het nie.

Van hierdie hierargie van behoeftes verklaar Nadel: (15)

"Surely this sweeping scheme is only another though non-ethical, philosophy of culture; at least, only as a philosophy - and with certain corrections - is it defensible".

As swak plekke en hoogs aanvegbaar, in hierdie hierargie van behoefte wys Nadel (16) op die volgende :

(1) Die gelykmaking van basiese behoeftes met biologiese noodwendighede tot uitsluiting van ander psigo-fisiese drifte.

(2)/.....

---

(15) Nadel - Op. cit. p. 379

(16) Loc. cit.

(2) Die betekenislose aanname dat bestaan in groepe dit wil sê gemeenskappe slegs een van die wyses is waarbinne die mens sy basiese behoeftes kan bevredig.

(3) Die aanname van sosiale organisasie as 'n afgeleide behoefte.

(4) Malinowski se aanmatigende houding van self-voldaanheid met sy skema. Sy teorie van behoeftes is een van die algemene grondslae van die metodologie waarop hy sy navorsingspraktyk plaas maar as 'n skema vir navorsing in konkrete gemeenskappe moet dit faal. Ten opsigte van punte (3) en (4) bo genoem kan die volgende opgemerk word. Dit word vandag algemeen aanvaar dat menslike behoeftes deur die groep, gemeenskap, bevredig word omdat die individu nie kultuur met 'n "surviving value" kan skep nie. (17) Die versadiging van behoeftes van die individu is alleen moontlik deur sy medebestaan in die gemeenskap. Sosiale organisasie moet dus in die lig van bogenoemde nie alleen beskou word as 'n basiese behoefte, en nie as 'n afgeleide behoefte nie, maar dit moet ook beskou word as die enigste wyse waarop die mens kan kom tot die bevrediging van sy basiese behoeftes. Van die feit dat Malinowski die saam-woon van mense in gemeenskappe maar as een van die wyses vir die bevrediging van basiese behoeftes sien; verklaar Nadel (18) dat die mens tot op die huidige in gemeenskappe voortbestaan gevind het, en dat dit waarskynlik in die toe-koms ook so sal wees; hoewel ons daar geen empiriese bewys voor het nie kan ons dit aanvaar as een van die nood-saaklikhede vir menslike voortbestaan. (19)

Gluckman/.....

---

(17) Beals & Hoijer - "An Introduction to Anthropology" p. 225
Kroeber - "Anthropology" p.252
Lowie, R.H. - "Cultural Anthropology" p. 3
Shapiro, H.L. - "Man, Culture and Society" p.168
Nadel - Op. cit. p.373

(18) Nadel - Op. cit. p.373

(19) Vgl. ook: Firth, R. - "Elements of Social Organization" p.250

Gluckman [20] wys daarop dat Malinowski herhaaldelik terugkom tot die biologiese kondisionering van die mens omdat met sy begrippe (waarop sy navorsingspraktyk gebaseer is) hy moeilik vergelykende probleme op suiwer kulturele vlak kan formuleer. Weereens tree die tweeslagtigheid van sy praktyk en teorie na vore want in sy praktiese navorsing slaag hy wel daarin om vergelykende probleme op suiwer kulturele vlak te beskryf. Malinowski kan in sy begrippe bv. nie godsdiens as suiwer kulturele verskynsel verklaar nie en daarom moet hy dit herlei as kulturele reaksie op 'n behoefte gegrond op die biologiese. Godsdiens het sekerlik nie ontstaan as 'n rekondisionering van ander kultuur wat 'n biologiese behoefte bevredig nie. Sekerlik het godsdiens (hier bedoelende nie in die christelike vorm nie) sy ontstaan te danke aan die mens se opvatting van die onsterflikheid van die siel :

"This belief is held by practically all society and finds a rational explanation in the inability of the individual to imagine either homself or those who are closely associated with him as nonexistent." [21]

'n Fees het bv. volgens Malinowski die doel om mense in staat te stel om voedsel te eet. Dit lei hy volgens sy biologiese fundering van kultuur af. Maar dit is nie al doel wat die fees het nie. Malinowski sal egter beswaarlik daarin slaag om die "separate ultimate ends - those which give basic signifigance to the activity as part of the total pattern of the social life " [22] op bevredigende wyse te verklaar; omdat dit nie gedoen kan word binne die raamwerk van sy behoeftehierargie nie. Sy behoeftehierargie wat ten grondslag lê van sy funksionalistiese metodologie in sy navorsingspraktyk moet dus faal.

Terug/.....

---

(20) Gluckman, M. - "Malinowski's Sociological Theories" p. 26

(21) Spencer, R.F. (red.) - Op. cit. p. 153

(22) Firth, R. - Op. cit. p. 34

Terog beklemtoon Malinowski die belangrikheid van waardes vir die mens en gemeenskap. Maar en dit is die beswaar, by Malinowski val die klem van waardes hoofsaaklik op die materiele,omdat sy hele behoefte-skema materialisties gegrond is. In dié teorie val die klem hoofsaaklik op die materiële in die kultuurreaksie op die behoefte. Hy maak dus nie genoegsaam onderskeid tussen materiele waardes en voorstellingswaardes nie. Dit is van hierdie voorstellingswaardes wat Linton (23) verklaar:

"Every culture includes a number of values which are so abstract and so generalized in their expression that they carry little emotional effect in themselves, although they be at the base of the whole cultural structure."

Dit is alleen met hierdie voorstellingswaardes, wat Malinowski vanweë sy behoefte-teorie nie dadelik onderskei nie, dat sulke kultuurelemente en -aktiwiteite verklaar kan word soos die toets van die maagdelikheid van 'n bruid in die Moslemlande. (24) Met sy skema kan Malinowski dit nie verklaar nie.

Word Malinowski se basiese behoefte nl. seksuele drif geneem en die kulturele reaksie daarop ontleed dan blyk dit gou dat Malinowski se redenasies nie korrek is nie. Die behoefte aan seksuele gemeenskap eis alleen van die mens versadiging daarvan en dit het hoegenaamd niks te doen met die vorm waarin dit plaasvind nie; dit veronderstel nie eens 'n permanente band tussen die deelnemers daaraan nie, en die kind wat daaruit gebore mag word kan opgroei en bestaan buite enige reëling van verwantskap. Familiebande en verwantskapsreëling ontstaan op heel ander gronde as biologiese gronde. Dit bring ons weereens by die tweeslagtigheid in Malinowski se navorsings-

praktyk/.....

---

(23) Spencer, R.F. (red.) - Op. cit. p. 151

(24) Ibid. p. 161

praktyk - teorie en praktyk in botsing : hyself ontleed die hele aangeleentheid van seksuele verhouding in die lig van die omvattende antropologie nl. op grond van alle kulturele aspekte, psigologiese, emosionele, religeuse, biologiese ens. Weereens is dit moeilik om te aanvaar dat hierdie navorsing gebaseer was op sy teoretiese grondslag van die navorsingspraktyk. Dit is duidelik dat Malinowski nie die reëling van verwantskap, huwelik ens. met sy behoefte-hierargie kan verklaar nie. Onder die Trobrianders van noordwes Melanesië bestaan die opvatting dat die vader geen deel het aan geboorte van 'n kind of bydra tot die verwekking daarvan nie. (25) Die daad van geslagsgemeenskap het niks te doen met die verwekking van die kind nie. Dit is te betwyfel of Malinowski dit met sy teoretiese behoefte-hierargie sal kan verklaar, in die praktyk verklaar hy dit tog bevredigend. Kan hierdie teoretiese hierargie dan werklik ten grondslag van sy navorsingspraktyk gelê het! Of,kan Malinowski met sy behoefteteorie verklaar waarom die Todas streng endogamië in formele huwelike vereis maar tog eksogamiese verhoudinge toelaat! (26)

Piddington (27) wys ook op sekere gebreke ten opsigte van Malinowski se terminologie in sy teorie van behoeftes, bv. sy verwarrende gebruik van die begrippe "basies", "biologies" en "primêr". Hy praat van "basiese behoeftes" of "afgeleide behoeftes" of "imperatiewe" en laasgenoemde onderskei hy nog in "insturumentele imperatiewe" en "integrerende imperatiewe"! maar hy is inkonsekwent met dié terme wat hy gebruik.

Volgens/.....

---

(25) Goldenweiser - Op. cit. p. 419

(26) Boas - Op. cit. p. 679

(27) Firth, R.(red.) - "Man and Culture" p.43

Volgens Piddington (28) slaag Malinowski ook nie altyd daarin om duidelik die verband aan te toon tussen sekere behoeftes en die biologiese voortbestaan van die mens nie. Die gebrek blyk nog groter te wees as ons in aanmerking neem dat Malinowski herhaaldelik beklemtoon dat die afgeleide behoeftes van net soveel belang is vir die biologiese voortbestaan van die mens as die basiese behoeftes self. (29)

In die geheel geneem, blyk hierdie grondslag van sy navorsingspraktyk nl. die behoefte-teorie slegs 'n teoretiese bespiegeling te wees wat in die praktyk in die algemeen en vir Malinowski spesifiek min waarde het, te oordeel aan die geslaagdheid van sy navorsing waarin hy skynbaar weining daarvan gebruik gemaak het.

"Every scientist turned philosopher tends to find support in his special studies for the metaphysical theory which on other grounds he tends to find attractive." (30)

(c) Die begrip instelling en funksie:

Die begrip funksie is by Malinowski die primêre basis van onderskeiding tussen verskillende instellings van 'n kultuur. Daar is ook gesien hoe belangrik die begrip instelling en funksie is vir sy navorsingspraktyk. So is een van sy benaderingswyses tydens sy navorsing daarop gebaseer nl. die waarneming van die funksie van instellings waarvan afgelei kan word:

(1)/.....

---

(28) Ibid. p.44

(29) Malinowski, B. -"A Scientific Theory of Culture" p.p. 99, 121, 124

(30) Firth, R. -"Elements of Social Organization" p.217

(1) die verhouding tussen die verskillende instellings;

(2) die verhouding tussen die instelling en die doel waarvoor dit georganiseer is, en

(3) die verhouding van die instellings teenoor die omgewing en in die kultuur as 'n geheel.

Instellings verskil dus van mekaar daarin dat hulle georganiseer is om verskillende funksies.(31) Dit impliseer dat elke instelling dus 'n funksie het. (Wanneer Malinowski verklaar dat elke instelling 'n funksie het, is dit gewaagd - geen mens het nog ooit elke instelling nagegaan om te sien of dit 'n funksie het nie - wat hy behoort te verklaar is dat elke instelling 'n funksie behoort te hê) Nadel (32) deel mee dat die funksie-begrip op vier wyses gebruik kan word nl.:

(1) Funksie kan gebruik word as sinoniem vir aktief wees. (33) Die nog funksionerende kultuur soos dit dinamies bestaan teenoor die statiese kultuur van bv. die steentydperk. Nadel beskou hierdie gebruik egter as oorbodig.

(2) Funksie kan ook gebruik word in die sin van nie-willekeurig dit wil sê bepaald.

(3) Funksie kan gebruik word in die sin dat dit 'n inter-afhanklikheid van elemente aandui, sulke elemente is kompleks,intermediêr en wedersyds.

(4)/.....

---

(31) Firth, R. (red.) - "Man and Culture" p.60.

(32) Nadel - Op. cit. p.369

(33) "operating" ; "playing a part" ; "being active"

(4) Funksie kan gebruik word om die spesifieke effektiwiteit van 'n element aan te dui in die voldoening aan die vereistes van 'n besondere situasie.

Nadel wys daarop dat Malinowski dit gebruik in die tweede sin bo genoem (34) en verwerp dit met die volgende verklaring :-

"Things that have a function, that is, play a part, must have consequences. For my part, I have seen cultural facts which are thus unique and unconnected even with imaginable consequences. So that I would discard this meaning of function." (35)

Vervolgens word gelet op 'n besondere eienaardigheid in sy klassifikasie van instellings. Daar is reeds gesien dat kultuur by hom sterk biologies gefundeer is. Die eienaardige is nou dat in sy klassifikasie van instellings daar slegs twee tipes van instellings is wat eintlik na die biologiese neig; dié wat gegrond is op die beginsels van reproduksie en op die fisiologiese verskille van die mens. (36) Selfs hulle is slegs biologies in die sin dat hulle op biologiese kriteria gebaseer is. Parsons merk op:

"This is a classification which any sociologist might take as a promising beginning..... Malinowski however, showed surprisingly little interest in exploring such posibilities at all. In what was unquestionably meant to be his major theoretical work, after setting forth the classification he immediately went off on another track and never returned to it." (37)

Dat die begrip instelling vir die volkekundige navorsingspraktyk van geweldige belang kon gewees het is duidelik. Malinowski het dit egter nie uitgebou nie. In

die/.....

---

(34) Nadel - Op. cit. p.369
Vgl. ook: Gluckman - Op. cit. p.23
(35) Nadel - Ibid. p. 369
(36) Firth, R.(red.) - Op. cit. p. 60
(37) Loc. cit.

die vorm wat hy dit wel gebruik het wil dit weereens voorkom of hoewel dit 'n belangrike vereiste van sy teoretiese navorsingsmetodologie was, hy dit in sy praktiese navorsing nie tot 'n groot mate toegepas het nie; of dan minstens dat hy dit anders toegepas het as wat dit in sy metodologie staan.

Vir Malinowski vorm instellings niks anders as 'n brug tussen sy basiese behoefte en die kulturele reaksie daarop nie.(38) Die kritiek gaan dus nie teen die begrip instelling as sodanig nie, want dit is sekerlik 'n goeie en bruikbare begrip, maar teen Malinowski se plasing daarvan in teoretiese verband. Dit is vir hom in teoretiese verband niks anders as 'n middel tot 'n doel nie; hy offer dit op aan sy funksionalistiese beskouing.

Hy kan egter met behulp van instellings soos hy dit toepas nie direk kom tot die oorbrugging van die basiese behoefte en die kulturele reaksie nie. Malinowski skep om hierdie probleem te oorkom, dan afgeleide behoeftes of imperatiewe. Die klem skuif hy daarmee vanaf basiese behoeftes na afgeleide behoeftes. Parsons(39) verklaar dan ook dat daar weinig twyfel bestaan dat Malinowski in hierdie deel van sy teorie gepraat het van die relatiewe inter-afhanklikheid van kultuur en instellings op 'n wyse wat in opvallende kontras gestaan het teenoor sy vroeëre uitsprake van die funksionele belang van basiese behoeftes.

Gluckman(40) vestig die aandag daarop dat Malinowski slegs belang gestel het in sy teorie van behoeftes; instellings is heeltemaal ondergeskik daaraan. Hy los vir die res sy analise van instellings net daar op 'n beskrywende vlak. Hy ontleed dit nie verder sodat dit ook vir vergelykende studie aangewend kan word nie. Dit hou die gebrek in dat sy ontleding van kultuur daarmee slegs op 'n beskrywende vlak bly.(41)

Dit/.....

---

(38) Ibid. p. 62
(39) Ibid. p. 64
(40) Gluckman, M. - Op. cit. p. 15
(41) Ibid. p. 16

Dit wil skyn of die begrip instelling dus hoewel dit oënskynlik 'n belangrike grondslag van Malinowski se navorsingspraktyk is, eintlik deur hom geskep is om sy teorie van behoeftes uit te bou. Daar moet dus in sy navorsingspraktyk nie 'n oorbeklemtoonde waarde aan die begrip instelling gegee word nie.

Malinowski maak nie soos bv. Maclver 'n verskil tussen 'n vereniging en 'n instelling nie. Richards (42) verklaar ten opsigte van bogenoemde dat Malinowski skynbaar verward geraak het met instellings soos die familie en hoofmanskap en verenigings (associations) soos die kerk dit wil sê in die sin wat Maclver dit gebruik.

Malinowski was die eerste Britse volkekundige om die belangrikheid van die sogenaamde persoonlikheidstudies te bemerk. (43) In hierdie persoonlikheidstudies speel die kondisionering van die individu se persoonlikheid deur die betrokke kultuur 'n belangrike rol. Hy kon dit egter nie met vrug aanwend nie omdat sy metodologie te verknog was aan sy instellings-analise van kultuur.

Malinowski wou sy funksionalistiese studies, vanweë sy holistiese beskouing van kultuur, tot slegs een gemeenskap beperk. (44) Die vraag is waarom? 'n Logiese antwoord skyn te wees omdat sy begrip van instellings nie ruimte het vir vergelykende studies nie.

"There is only one natural unit for the ethnologist - the culture of all humanity at all periods and in all places; only when the functionalist has,.....defined his particular culture within that frame of reference, does he know what he is talking about. ..... In short, spuring isolated facts as supercitiously as does, Malinowski, we shall seek meaningful relations in all directions, not within the supposedly watertight compartments of a single body of social traditions." (45)

Sy/....

---

(42) Firth, R. (red.) - Op. cit. p.26
(43) Ibid. p.22
(44) Thomas, W.L. (red.)- "Current Anthropology" p. 250
(45) Lowie, R.H. - Op cit. p.236

Sy neiging om sy studie tot een gemeenskap te beperk, as gevolg van sy holistiese beskouing van kultuur en die beperkte gebruik van die instelling, skiet ver te kort by die bogenoemde normatiewe eise wat Lowie stel.

Malinowski kon nooit sy begrip van sosiale stelsel, gebaseer op instellings, wat andersins heel bruikbaar is, losmaak van sy ensiklopediese begrip van kultuur nie. Met betrekking tot teoretiese behandeling van sosiale stelsels verklaar Parsons :

"the verdict must be that on the level of general theory his contribution left much to be desired."

(d) Empirisme en a-historiese opvatting:

Afgesien van die tyd, sosiaal en andersins, waaraan Malinowski gebonde was, was daar ook nog 'n ander faktor wat verantwoordelik was vir sy empirisme nl. sy funksionalistiese beskouings. Funksies van instellings wat waargeneem moes word, talle verhoudinge wat bepaal moes word, die holisme van kultuur, ens. - alles deel van sy funksionalisme, het bepaal dat sy navorsingspraktyk empiries in grondslag was. Met betrekking tot sy empirisme moet sy skoling in die natuurwetenskappe ook nie uit die oog verloor word nie.

Die a-historiese inslag in sy navorsingspraktyk moet dus aan twee faktore toegeskryf word, nl. :

(1) sy empirisme wat 'n direkte uitvloeisel was van sy funksionalistiese en holistiese beskouing van kultuur en,

(2) sy funksionalistiese navorsingspraktyk wat ook 'n direkte uitvloeisel was van sy funksionalistiese en holistiese beskouing van kultuur.

Omdat volgens sy kultuurbeskouing die verlede oorbodig is en niks te doen het met die kultuur soos dit vir die huidige funksioneer nie hoef sy navorsingspraktyk daar nie voorsiening voor te maak nie en daarom die a-historiese grondslag daarvan.

Daar/....

Daar is reeds in die vorige hoofstuk stilgestaan by Malinowski se beskouing oor die historiese. Die noodsaaklikste met betrekking tot sy metodologie en dus navorsingspraktyk is daar genoem. Hier word volstaan met die uitspraak dat dit hom nadelig getref het in sy navorsingspraktyk en dat dit hom van een van die bruikbaarste metodes in die volkekunde uitgesluit het. Dit geld egter net op teoretiese vlak want weer eens die tweeslagtigheid in sy volkekundige beoefening; in die praktyk maak hy wel gebruik van die historiese metode.

(B) ALGEMENE TEGNIEK IN SY NAVORSINGPRAKTYK EN METODES:-

Hoewel Malinowski blykbaar veel baat vind by die gebruik van tabelle en diagramme in sy studie kan dit nie nagelaat word om te noem dat hierdie tabelle, diagramme, ens., soms so ingewikkeld en vervlegd is dat die leser, as gevolg daarvan, dit nie altyd nie alleen duidelik begryp nie, maar dat daar dan ook nie veel baat by gevind word nie. Die metode word nie veroordeel nie, dit word slegs gestel dat dit by Malinowski tot oordrywing kom en die leser se begrip dan nie daardeur verbreed word nie.

Radin (46) merk heel tereg op dat by Malinowski die feite van sy navorsing so deurvleg is met besprekings, indrukke, reïnterpretasies, implikasies, ens, dat dit later moeilik gaan om die oorspronklike feite te onderskei; dit maak sy werke uiters ingewikkeld. Die navorser moet darem tog die navorsingsresultate eenkant hou van sy eie indrukke en besprekinge.

"Fundamental to scientific procedure is the principle that data must be presented in such a manner that they can be checked by independent observers." (47)

Malinowski/....

---

(46) Radin, P. - Op. cit. p. 119
(47) Spencer (red.) - Op. cit. p. 21

Malinowski is altyd grootmoedig genoem om sy foute te erken. So bv. gee hy in "Coral Gardens and their Magic" (p.p. 452 - 482) 'n volledige opsomming van die foute, wat volgens sy mening in sy navorsing voorgekom het.

"Malinowski considered it the duty of the anthropologist to render a careful and sincere account of his credentials and his mistakes in the field." (48)

Samehangend met die vorige punt moet ons ook noem dat hy altyd sover moontlik 'n volledige verslag gee van die navorsingsmetodes toegepas in sy navorsing. (49) Vergelyk bv. "Argonauts of the Western Pacific", Inleiding: 11 - 1X (p.p. 2 - 25) en Hoofstuk xviii (dele 14 - 18)

Hy stel 'n baie gesonde beginsel as hy daarop aandring dat die navorser die inboorlinge onder wie sy navorsing plaasvind se taal moet ken. Dit is ongelukkig nie altyd moontlik nie.

Aansluitend by bogenoemde saak is die metode van die gebruikmaking van informante. Ons moet Malinowski se mening aanvaar dat die navorser sover as moontlik sonder hulle moet klaarkom. Dit is egter nie altyd moontlik nie. Waar die navorser nie die inboorlingtaal magtig is nie moet hy van informante gebruik maak. Hulle betroubaarheid moet egter deeglik getoets word. Vir sy algemene inligting is hy buitendien afhanklik van informante.

By Malinowski se beginsel van "going native" moet breedvoeriger stil gestaan word. Dit is nodig om dadelik op 'n teenspraak in sy werk te wys. Hy staan "going native" voor en tog ontken hy dat die amptenaar deel is van die kontaksituasie. Dit is duidelik weersprekking. Onder volkekundiges bestaan daar meningsverskil omtrent "going native". Die vernaamste teenstanders daarvan is Radin en Linton. (50) Radin voel so sterk oor die saak dat ons graag sy eie woorde wil weergee:

True/....

---

(48) Firth, R. (red.) - Op. cit. p.79
(49) Vgl. Nadel, S.F. - Op. cit. p.34
(50) Spencer (red.) - Op. cit. p.146

"True participation is simply out of the question... For any ethnologist to imagine that anything can be gained by 'going native' is a delution and a snare." (51)

Hierdie verwerping deur Radin vind veral op vier gronde plaas nl. :

(1) Die verhouding tussen navorser en sy studiemateriaal bly altyd oppervlakkig. (52)

(2) Die navorser kan nooit kom tot 'n psigo-analitiese identifikasie met sy studiemateriaal nie. (52)

(3) Hy kan daarmee nooit die gaping tussen hom en sy materiaal oorbrug nie omdat die wetenskap van hom vereis om steeds objektief te bly. Sy wetenskaplike dissiplinering verhoed hom dus want indien hy daartoe kan kom dat hy homself volkome identifiseer met sy studiemateriaal, gaan hy uit die aard van die saak en volgens menslikheid subjektief oordeel. (54)

(4) Die navorser verval uit die menslike aard dikwels in flaters soos irrasionele neigings en egoïstiese streling en dit kan maklik in sulke omstandighede na vore kom. (55)

Radin ly egter aan dieselfde soort absolutisme as Malinowski met sy a-historiese opvatting. Omdat 'going native' in absolute sin onmoontlik is, beteken dit nie dat dit as sodanig verwerp moet word nie. Die navorser moet bewus wees van die gebreke in die metode soos van enige metode - alle metodes het een of ander gebreke.

Onder/.....

---

(51) Radin, P. - Op. cit. 101
(52) Loc. cit.
(53) Loc. cit.
(54) Ibid. 102
(55) Loc. cit.

Onder die voorstanders van die metode van "going native" is daar onder andere Evans-Pritchard ,(56) Leith-Ross (57) wat Malinowski ten volle onderskryf. Nes hy glo hulle dat dit die enigste metode is waarmee gekom kan word tot die verstaan van die inboorling en dus van sy kultuur.

Die gesonde posisie om in te neem sal min of meer die van Nadel (58) wees wat 'n duidelike begrip het van die voordele maar ook die nadele van "going native". Samevattend blyk dit dat daar wel tot 'n mate waarheid steek in Radin en Linton se besware en in Nadel se waarskuwing teen die gevare daaraan verbonde. Daar moet egter teen gewaak word dat die navorser se houding in verband met "going native" nie dalk negatief word nie omdat wanneer die navorser hom weerhou van "going native" dit sy posisie geensins verbeter nie. Wanneer gelet word op watter sukses met die metode behaal is, veral ook deur Malinowski, dan moet dit aanvaar word as 'n geldige metode met miskien dié gedagte van Radin in die oog :

"A method, after all, is a varying procedure, changing with the nature of the facts studied and the problems posited." (59)

en

"The only question of importance, then, is to discover some means whereby we can best obtain a complete account of an aboriginal culture." (60)

Volgens Evans-Pritchard (61) is Malinowski die volkekundige wat die langste tydperk in die veld onder sy studiemateriaal deurgebring het.

Herskovits/.....

---

(56) Evans Pritchard - Op. cit. p. 78
(57) Leith-Ross - "African Women" Faber & Faber London McM xxxix p. 44 - 46
(58) Nadel, S.F. - Op. cit. p. 18
(59) Radin, P. - Op. cit. p. ix
(60) Ibid. p. xi
(61) Evans-Pritchard - Op. cit.

Herskovits [62] dring daarop aan dat dit nie korter as 'n jaar moet wees nie sodat al die seisoene en wat daarmee gepaard gaan bv. feeste, seremonies, ens. waargeneem kan word. Piddington [63] vereis 'n minimum van een tot drie jaar na gelang van omstandighede. Goldenweiser [64] vereis van nege tot twaalf maande as die minimum tyd vir produktiewe navorsing in die veld. Malinowski meen dat die navorsing behoort plaas te vind in twee of drie besoeke van elk ongeveer 'n jaar met tussenposes van ook ongeveer 'n jaar. Hy dring daarop aan dat die onderbreking in die besoeke gedoen moet word sodat die navorser kan besin, verwerk en waardeer aan sy ingesamelde feite. Alle volkekundiges meen dat 'n tweede en derde besoek wenslik is maar dit kan bepaal word deur omstandighede, koste ens.

Lowie [65] wys heel paslik daarop dat Malinowski die volste reg het om sy opvattings en beskouings in sy navorsing toe te pas maar wanneer hy dit ook vir ander wil voorskryf raak hy dogmaties. Om slegs sy eie voor te hou as die alfa en omega vir volkekunde is nie die regte benadering nie. Tog toon hy dit telkens sterk in sy kritiek op ander. Geen wonder dat Nadel [66] praat van Malinowski se "presumption of adequacy" nie. Van deterministiese en dogmatiese neigings is Malinowski glad nie vry te spreek nie.

Wat ookal van Malinowski se navorsingspraktyk gesê word; die verskille tussen teorie en praktyk daarin in ag geneem, is een feit vasstaande : met sy eie navorsingswerk onder die Trobrianders het hy 'n reus in die moderne volkekunde geword.

Die/.....

---

(62) Spencer (red.) - Op. cit. p.7
(63) Piddington, R. - Op. cit. p. 561
(64) Goldenweiser - Op. cit. p. 56 punt 8
(65) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 239
(66) Nadel, S.F. - Op. cit. p. 379

Die hele aangeleentheid van grondslae in en tegniek van die navorsingspraktyk moet gesien word in die lig van 'n opmerking wat Radin (67) maak :

"Discussions on theory and methodology, so a very acute English art critic has recently observed, caused the chatter on the scafolding of the Tower of Babel. They are only too frequantly a substitute for real work."

Daar moet altyd teen gewaak word in enige wetenskap dat die navorsingspraktyk nie ontaard in 'n "methodenstreit" nie, en dat weens metodologiese probleme die navorsing self wat die belangrikste bly, verlore gaan nie.

(C) BEPERKING OP MALINOWSKI SE NAVORSINGSPRAKTYK EN METODES:

Daar moet ten slotte op gelet word hoedat Malinowski deur sy funksionalisme sekere beperkings op sy eie navorsingspraktyk en metodes lê.

(1) Kultuurhistoriese ontledings-werk is nie die taak van die volkekunde nie (68) en daarmee sluit hy 'n baie belangrike deel van die volkekunde uit.

(2) Die oorbeklemtoning van die biologiese mens lei hom daartoe dat hy bepaalde handelinge ter bevrediging van bestaansnoodsaaklikhede onderskei (69) wat nadelig inwerk op sy metodologie.

(3) Dit lei hom daartoe om te glo dat 'n kultuuraspek bestudeer kan word slegs soos dit as instelling funksioneer en deur manifestasies daarvan ook in ander aspekte van kultuur, dit wil sê die funksionalistiese verband tussen die dele wat die geheel van die kultuur vorm. (70) Hierdie opvatting lei noodwendig tot die uitsluiting van ander metodes soos bv. die historiese metode en vergelykende metode. So wys Richards (71) ons op 'n baie goeie voorbeeld om bogenoemde stelling te illustreer. Malinowski

is/...

---

(67) Radin, P. - Op. cit. p. x
(68) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change " p.28
(69) Gluckman, M. - "Malinowski's Sociological Theories" p. 14
(70) Malinowski, B. - "The Sexual Life of Savages" p.xxix p.xx
Firth, R.(red.) - Op. cit. p. 16
(71) Firth, R.(red.) - Op. cit. p. 17

is nie geinteresseerd in die werklike geskiedenis van 'n gemeenskap nie maar wel in hulle opvatting van hulle geskiedenis omdat dit hulle opvatting is wat nog daagliks aktief funksioneer in hulle gemeenskap by inisiasie byvoorbeeld. Na aanleiding van wat vroeër op gewys is - weereens die ambiralensie tussen teorie en praktyk.

(4) Die funksie van 'n instelling kan slegs bestudeer word soos dit op die huidige moment bestaan en funksioneer [72] met ander woorde die navorsingsmetodes sal alleen op die empiriese gerig wees. Feite wat nie deur die navorser waargeneem kan word nie moet dus gelaat word. Dit bring noodwendig 'n verenging in die navorsingsmetodes van Malinowski.

(5) Die verlede van 'n volk en sy kultuur is van geen belang nie; slegs die hede soos dit nou bestaan en funksioneer is van belang en kan wetenskaplik bestudeer word. [73] Hierdie opvatting lei daartoe dat hy in sy navorsingsmetodes van 'n a-historiese siening uitgaan. [74] Hy erken wel dat historiese rekonstruksie vir die volkekunde belangrik kan wees [75] maar ontken die geldigheid daarvan as metode. [76]

(6) Vir Malinowski lê die hele navorsingsmetode opgesluit in die funksionalistiese benadering [77] van kultuur.

"just the functional approach which should be the alpha and omega of all field work" [78]

Geen duideliker voorbeeld is nodig om aan te toon tot watter mate sy funksionalistiese kultuurbeskouing sy navorsingspraktyk beperk het nie.

(7) Daar moet nie vergeet word dat Malinowski die meeste van sy navorsing, en dus die toepassing van sy navorsingspraktyk, op 'n klein eiland gedoen het waar die holisme van die kultuur duidelik waarneembaar was. Maar

selfs/...

---

(72) Malinowski, B. -"The Dynamics of Culture Change" p.29
(73) Loc. cit.
(74) Coetzee, J.H. - "Koers" Junie 1956. p.324
(75) Malinowski, B. - Op. cit. p. 28
(76) Loc. cit.
(77) Vgl. Firth, R.(red.) - Op. cit. p. 81 p. 82
(78) Malinowski, B. - Op. cit. p. 35

selfs hier kom Malinowski nie tot die geheelbeskrywing van die kultuur van die Trobrianders nie. Soortgelyke funksionalistiese studies is nog nie onderneem in groter gemeenskappe waar die holisme van die kultuur nie so duidelik is nie. Dit is dus moeilik om die werklike waarde van sy navorsingspraktyk in die verband vas te stel.

Dit wil lyk of Malinowski wat die tegniek van metode betref dit wil sê die direkte navorsingsmetodes van waarneming, verblyf, bedrewenheid in inboorlingtaal, ens. hom min of meer gehou het aan die algemeen bestaande en aanvaarde norme in die volkekunde maar dat hy wat betref algemene grondslae van die navorsingspraktyk afgewyk het van die bestaande en aanvaarde norme van sy tyd. Teoreties plaas hy sy navorsingspraktyk op 'n geheel-en-al nuwe grondslag nl. die funksionalistiese. Hoewel funksionalisme voorheen in die volkekunde aanwesig was, was dit Malinowski wat dit teoreties uitgebou het tot 'n metodologie en dit ten grondslag gelê het van sy normatiewe navorsingspraktyk. Tot hoe 'n mate hy dit werklik in sy eie navorsing toegepas het is moeilik om vas te stel. Wanneer egter die talle teoretiese en metodologiese besware opgeweeg word teen die geslaagdheid van sy navorsing blyk dit dat daar 'n tweeslagtigheid in sy volkekundige beoefening was nl. teorie en praktyk.

Dit wil al skyn of hy in die praktyk, beoordeel aan die geslaagdheid van sy eie navorsing, nie soveel van sy teoretiese navorsingsgrondslae kon toegepas het nie. Dit wil dus lyk of hy in die praktyk nie werklik van die funksionalistiese grondslag gebruik gemaak het nie; of tenminste tot 'n veel minder mate as wat hy daarop aandring in sy teoreties -normatiewe en suiwer metodologiese eise. Malinowski se ganse volkekundige beoefening kan eintlik in twee dele geskei word naamlik sy teoretiese beskouings en sy praktiese navorsing. Laasgenoemde is deurgans uiters suksesvol terwyl eersgenoemde vandag feitlik geheel en al verwerp is. Wanneer hierdie twee pole teen mekaar opgeweeg word is dit moeilik om te aanvaar dat hy met sy normatief-teoretiese en metodologiese basis kon kom tot sulke geslaagde navorsing. Daar is dus in Malinowski se volkekundige beoefening 'n duidelike dubbelslagtigheid naamlik teorie en praktyk en dit skyn onaanvaarbaar te wees dat sy praktyk werklik in sy teorie gewortel het. As 'n positiewe

resultaat/.....

resultaat moet byvoorbeeld erken word dat Malinowski kom tot 'n goeie sintese tussen psigo-analitiese opvattings en navorsingsresultaat (79). Met betrekking tot die tweeslagtigheid waarna verwys is, kom die vraag op : is die suksesvolle sintese werklik toe te skryf aan sy funksionalistiese navorsingsgrondslag? Sonder om in besonderhede daarop in te gaan skyn die antwoord tog negatief te wees.

--oOo--

(79) Lowie, R.H. - Op. cit. p.234

H O O F S T U K VI.

WAARDERING VAN MALINOWSKI SE OPVATTINGS VAN DIE HISTORIESE EN KULTUURKONTAK EN -VERANDERING.

(A) DIE HISTORIESE

Daar steek elemente van waarheid in al Malinowski se besware teen die misbruik van die historiese metode in die volkekunde maar om op grond daarvan die historiese metode as sodanig te veroordeel is om die baba met die badwater weg te gooi. In die verband verklaar Linton (1) :

"Since the contents of a culture at any point in its development is very largely determined by past events any method which makes it possible for us to ascertain these events is of great value for an understanding of the present."

Ook moet onthou word dat "history is the time aspect of all things." (2) Geen metode kan volmaak wees nie; as dit kan help om tot 'n duideliker formulering van volkekundige kennis te kom moet dit aangewend word. Daar moet egter steeds gewaak word teen oor- en onderskatting van enige metode.

Geen duideliker bewys vir die noodsaaklikheid van die gebruik van die historiese metode in die volkekunde kan gekry word as juis Malinowski self nie: daarin dat

hy/.....

---

(1) Linton, R. - "The Study of Man" p. 367

(2) Rowse, A.L. - "The Use of History" English U.P. London 1948.

hy self keer op keer gebruik maak van die historiese metode en veral historiese rekonstruksie. Vergelyk sy beredeneringe oor die Glen Grey wet (3); sy beredenering van en oor oorlog en die rol daarvan in die mensegeskiedenis (4); hyself verklaar dat dit die geskiedenis is, wat oorbly in tradisionele vorm of in die werking van 'n instelling wat van belang is (5); nes Morgan, wat hy juis veroordeel, gebruik hyself die woord "savagery" in historiese sin (6). Dit alles dui daarop dat hoewel Malinowski die historiese in die volkekunde verwerp het hyself wel gekom het tot die gebruik van die historiese en die tekening van situasies in suiwer historiese terme. Dit is so noodsaaklik en so 'n vereiste dat selfs hy, wat die historiese verfoei, gedwing is om daarvan gebruik te maak. Net so min as wat dit geoorloof is om die historiese metode te verwerp,omdat Malinowski meen dat die een nie tesame met die ander gebruik kan word nie, net so min is dit nodig om die funksionalistiese metode te verwerp. Die twee benaderings naamlik die funksionalistiese en historiese kan, en moet, saam gebruik word. Radcliffe-Brown, self 'n sterk voorstander van die funksionalisme, merk dan ook tereg op:- (7)

"I see no reason at all why the two kinds of study - the historical and the functional - should not be carried on side by side in perfect harmony. I do not think that there are many disatvantages in mixing the two subjects together and confusing them"

Penniman/.....

---

(3) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change" p. 117
(4) Malinowski, B. - "A Scientific Theory of Culture" p.215
(5) Malinowski, B. - "Dynamics of Culture Change" p.34
(6) Malinowski, B. - "Freedom and Civilization" p.280
Malinowski, B. - "A Scientific Theory of Culture" p.p. 16-17
(7) Radcliffe-Brown - "Structure and Function in Primitive Society" p.186

Penniman sluit hom hierby aan [8]:

"In our summary of sociological work since 1900, it will be well to treat three different groups, those who approached the subject psychologically and on the whole, from an evolutionay standpoint, those who follow the diffusionist and historical method, and those who employ the functional. It is a pity that any of them should ever be at loggerheads with each other, for their work is strictly complementary, and all sides are needed to make a complete picture."

Geeneen van die metodes of benaderings, dit wil sê funksionalistiese en historiese, mag verwerp word nie. Hulle moet saam gebruik word en aangewend word tot en vir die sistematisering van volkekundige kennis. Met albei benaderinge moet rekening gehou word want die een sal feite verskaf en interpretasies moontlik maak waar die ander faal en omgekeerd. Ons het vir 'n ware en korrekte siening albei nodig. Die volkekundige moet altyd waak dat hy nie, deur die historiese oor te beklemtoon of deur die funksionalistiese benadering te verwerp, homself skuldig maak aan die foute wat Malinowski begaan het nie. Die volkekundige kan wel van die funksionele metode gebruik maak maar dan ontdaan van die verabsolutering van die biologiese en van die a-historiese en veral van sy opvatting dat dit die enigste geldige metode is. Daar is wel 'n meer gematigde funksionele siening, soos byvoorbeeld by Radcliffe-Brown, wat aanvaarbaar is.

Malinowski/.....

---

(8) Penniman, T.K. - Op. cit. p. 299

Malinowski moet egter nie te hard veroordeel word nie want wesentlik het hy nie veel skade aan die volkekunde gedoen nie. Daar is geen moderne volkekundige waarvan skrywer kennis het, wat die uiterste standpunt ten opsigte van die historiese, werklik nagevolg het nie. Radcliffe-Brown verklaar dan ook :

"This functional school (bedoelende soos deur Malinowski voorgestaan - skrywer) does not really exist: it is a myth invented by Professor Malinowski." (9)

Tereg verklaar Malinowski self : (10)

"..... the magnificent title of the Functional School of Anthropology has been bestowed by myself, in a way on myself, and to a large extent out of my own sense of irresponsibility....."

Die vernaamste kritiek op Malinowski se benadering in verband met die historiese kan gedoen word na aanleiding van sy toepassing daarvan in die studie van kultuurkontak.

(1) Malinowski ontleed geensins logies watter bydrae historiese studies kan lewer tot ons kennis van kultuurverandering nie. (11) Hy verwys ook nie na die werk van enige erkende historikus nie maar gee slegs die sienings van sy eie studente. Hy verwys na twee Volkekundiges, Hunter en Mair, as "typical historians" en verwys nie na erkende historici soos Maine, Power, Toynbee ens. nie. (12) Hy noem selfs nie eens daardie sosiologiese historici soos MacMillan, Marais en De Kiewiet wat op Afrika gekonsentreer het nie. (13) Laat ons hierdie beswaar teen Malinowski ondersoek na aanleiding van die praktiese ondervinding van Read. (14) Read verklaar: (15)

Education/ .....

---

(9) Radcliffe-Brown - Op. cit. p. 188
(10) Loc. cit.
(11) Gluckman, M. - "Malinowski's Sociological Theories" p.2
(12) Loc. cit.
(13) Loc. cit.
(14) Vgl. Read, M. - "Education and Social Change in Africa".
(15) Ibid. p. 96

"Education in its broadest aspect is a process of cultural contact. Some of these contacts are with contemporary culture, some with the culture of the past; some of them are with indigenous national cultures, some with foreign cultures."

Hoe is dit dan moontlik om sonder kennis van die verlede 'n studie te maak van onderwys as proses van kultuurkontak? Read wys verder daarop (16) dat daar 6 stadiums onderskei kan word in die onderwys as proses van kultuurkontak in Afrika nl. :

Stadium 1:
Hier vereis ons 'n historiese benadering. In Stadium een kry ons 'n konserwatisme by die inboorling teenoor die nuwe onderwys. Hy hou aan die ou stam en tradisionele waardes vas. Dit het soms gelei tot openlike konflik.

Stadium 2:
Geleidelike aanvaarding deur die inboorlinge van die nuwe idees.

Stadium 3:
Die verwerping deur die inboorling van sekere tradisionele idees en gebruike van die verlede.

Stadium 4:
Die volle aangryping van die nuwe moontlikhede wat hulle gebied word.

Stadium 5:
Hier kry ons weer 'n element van selektiwiteit. Die inboorling het nou die vrees oorkom dat sy ou kultuur hom terughou. Hy gryp die nuwe geleentheid aan maar verwerk dit in sy besondere sosiale opset.

Stadium 6/.....

---

(16) Ibid. p.p. 106 - 110

Stadium 6:
Die stadium word gekenmerk deur 'n verdere gebruikmaking van elemente uit die tradisionele kultuur wat in die nuwe stelsel opgeneem word.

Wanneer die 6 punt-analise van Read in aanmerking geneem word is dit duidelik dat geen proses van kultuurkontak met betrekking tot onderwys bestudeer kan word sonder 'n kennis van die verlede nie. Die kritiek op Malinowski is dus geregverdig as ons sê dat Malinowski die bydrae van historiese studies nie ten regte evalueer nie.

(2) Daar kan ook gesê word dat in die algemeen Malinowski geheel en al in die war is oor wat geskiedenis is.(17) Hy verloor uit die oog, soos Gluckman dit stel dat "physically people are moved by what they believe their history to be and not by what it was." (18) Die geskiedenis van mense en volke is nie dood en begrawe nie maar werk nog daagliks aktief in die volkslewe en om dit te verstaan moet die buitestander daardie kennis van hulle geskiedenis hê. Die geskiedenis van 'n volk is tot 'n groot mate die indrukking van sodanige volk se geesteswaardes en so moet dit waargeneem word. Die bring onmiddelik 'n epistomologiese verskil tussen historiese studies en natuurwetenskaplike studies. (19) Malinowski se gebrek om hierdie verskil te sien lei tot sy verkeerde beeld van wat geskiedenis is en dat hy van historiese studies verwag wat natuurwetenskaplike metodes bied. Veel van Malinowski se besware gaan eintlik teen die evolusionisme maar hy verwar deurgaans evolusionisme met die suiwer historiese metode as sodanig. Rowse(20) wys duidelik daarop dat hulle parallele ontwikkelings was maar nie dieselfde wetenskaplike

begrip/....

---

(17) Gluckman, M. - Op. cit. p.2
(18) Ibid. p. 3
(19) Rowse, A.L. - Op. cit. p. 107
(20) Ibid. p. 118

begrip nie. Marx se pogings om die natuurwetenskaplike idees in die sosiale wetenskappe uit te werk, en wat uitloop op sy "historiese materialisme", en die mislukking daarvan toon duidelik aan dat die historiese metode en die evolusionistiese metode (natuurwetenskaplik georiënteerd) twee verskillende sake is, al is beide die produk van die gedagtegang van die negentiende eeu. Afgesien van bogenoemde erken Malinowski tradisie as 'n faktor in kultuur - hy kan dus nie die historiese minag sonder om met homself in teenspraak te kom nie.

(3) Historiese rekonstruksies het twee doelstellings naamlik [21]:-

(i) Dit gee aan ons 'n noodsaaklike deel van ons begrip van die hede - hoekom dinge is soos dit is.

(ii) Dit voorsien data en feite vir die ontleding van sosiale prosesse, beide in 'n statiese en in 'n veranderende gemeenskap. Volgens Read [22] is daar in enige kontaksituasie twee elemente aanwesig naamlik eerstens die nuwe idees ens. wat aan die werk is en tweedens die ontvangs daarvan deur mense wat op 'n tradisionele manier leef. Beide aspekte moet baie deeglik in aanmerking geneem word. Hoe Malinowski dus kontaksituasies deeglik kan ontleed sonder om gebruik te maak van historiese rekonstruksie is moeilik te begryp.

(4) Malinowski maak veralgemenings wat geensins geldig is nie. So byvoorbeeld redeneer hy dat vroeëre kannibalisme onbeduidend is vir die studie van moderne voeding by die groep.

"He is not justified in arguing from this, and similar examples, that there is no value in historical study." [23]

5/....

---

(21) Gluckman, M. - Op. cit. p.4
(22) Read, M. - Op. cit. p.ix
(23) Gluckman, M. - Op. cit. p.2

(5) Sonder historiese studies kan ons nooit die motiewe verstaan wat verandering in houding tussen mense en groepe veroorsaak nie. So beredeneer Malinowski die Glen-Grey wet en hoekom dit misluk het - sy ontleding daarvan is self 'n suiwer historiese ontleding. (24)

(6) Malinowski self word telkens daartoe gedwing om probleme in historiese terme te formuleer. (25)

"Malinowski's theoretical denial of the value of historical reconstruction is thus contradicted by his constant use of it, wherever he makes a good analysis." (26)

(7) Malinowski se obsessie teen die gebruik van die historiese lei dikwels tot egosentrisme. So beweer hy dat as daar vroeër van sy studiemetodes gebruik gemaak is, die grondbeleid van S.A. ten opsigte van die naturel vandag daar heel anders sou uitgesien het. (27)

Wanneer Malinowski se eie praktiese navorsing vergelyk word met sy eise ten opsigte van die historiese dan moet genoem word dat hy skynbaar hierdie eise wat hy in die teorie stel nie werklik in sy praktiese navorsing toegepas het nie. Die teenstellings tussen sy teoretiese eise ten opsigte van die historiese en sy praktiese navorsing is te groot om te aanvaar dat die een ten grondslag van die ander lê. Weereens skyn dit dat die onderskeiding van sy werk in praktiese navorsing en teoretiese bespiegeling duidelik gesien moet word.

Die ouer volkekundiges het historiese rekonstruksies gedoen sonder genoegsame en geldige bronne en hulle het ook getrag om sosiologiese wetmatighede daar te stel deur 'n metode wat hom nie daartoe geleen het nie. (28)

Dit/.....

---

(24) Ibid. p.3
(25) Vgl.: "The Sexual Life of Savages" p. xxiii
"Sex and Repression in Savage Society"
p. 120. p.228
(26) Gluckman, M. - Op. cit. p.5
(27) Ibid. p.3
(28) Evans-Pritchard - Op. cit. p.48

Dit is egter geen grond waarom die historiese metode nie gebruik kan word nie. Ook Malinowski se besware daarteen is nie voldoende om te lei tot 'n verwerping daarvan as 'n geldige metode vir die volkekunde nie.

"<u>.... to know a society's past gives one a deeper understanding of its social life at the present time; for history is not merely a succession of changes but, as others have said, a growth. The past is contained in the present as the present is in the future. It is also evident that problems of social development can only be studied in terms of history</u>." (29)

(B) <u>KULTUURKONTAK EN -VERANDERING</u>.

Sekerlik is Malinowski korrek as hy die waarde van studies van kultuurkontak en -verandering telkens beklemtoon. Dat dit vir administrateurs en amptenare van groot belang is vir hulle optrede, bepaling van beleid, ens. ten opsigte van die minder ontwikkelde mense en hulle gebied is vandag nie meer te betwyfel nie.

Die volkekundige kan deur sy ondervinding dikwels die invloed, nadele en voordele wat sekere administratiewe optrede en beleid sal hê vooraf bepaal. (30) Om byvoorbeeld die bruidsprys onmiddelik by ons Bantoe weg te neem sal groot leemtes in die Bantoe se ekonomie, onderlinge verhoudings, huweliksgewoontes ens. bring. Wanneer dus die raad van die volkekundige, wat die Bantoe ken, eers ingewin word, kan dit vermy word. Die volkekunde het dan hier die waarde vir die administrasie dat dit ongewensde situasies kan voorsien en verhoed.

"<u>The understanding of a people's way of life generally arouses sympathy for them, and sometimes deep devotion to their service and interests. The native as well as the European is then benefited</u>." (31)

Heel/.....

---

(29) <u>Ibid</u>. p.p. 59 - 60

(30) Evans-Pritchard - <u>Op. cit</u>. p. 119

(31) <u>Ibid</u>. p. 122
Vgl. ook:
Hoebel, Jenning & Smith - "<u>Readings in Anthropology</u>" p.382

Heel besonder word die posisie van die volkekundige in die verband deur Firth opgesom as hy sê : [32]

"His ideal role, as I see it, is that of diagnoses and prediction. His function is to be able from the results of his analysis to state what a situation is, and that if certain results are desired, then certain methods should be followed. But he should not be expected as a scientist to agree with the aims that are, in fact, desired."

Tereg merk Evans-Pritchard [33] op dat die volkekundige nie die beleid moet wil voorskryf nie want dan waag hy homself op gevaarlike grondse. Ewemin soos Firth opgemerk het moet die administrasie van die volkekundige verwag om met die beleid saam te stem teen sy oortuiging. Die waarde van die volkekunde lê juis daarin dat, aangesien hy buite die beleid staan, hy dit die beste objektief kan waardeer. Wanneer die volkekundige vir die administrasie van waarde is lê sy waarde juis in sy objektiwiteit.

Piddington [34] wys ons daarop dat die volkekundige, in die verband, een van drie houdings kan inneem.

(a) Hy kan hom met betrekking tot die probleem afsydig hou. Sy belangstelling daarin sal dan bloot wetenskaplik en akademies wees, niks meer nie. Sy taak sal dan wees om die situasie soos dit voorkom wetenskaplik te beskryf; met die beleid ens. wat daarmee gepaard gaan sal hy niks te doen hê nie. Sy aandeel sal dan slegs 'n beskrywing van die situasie wees. As redes waarom die houding ingeneem behoort te word, word gewoonlik die volgende genoem:

(1)/.....

---

(32) Hoebel, Jenning & Smith - Op. cit. p.380
(33) Evans-Pritchard - Op. cit. p. 119
(34) Piddington, R. - Op. cit. p. 647

(1) Dit is die beste en veiligste manier om wetenskaplike objektiwiteit te handhaaf;

(2) indien hy bogenoemde houding inneem, is sy studie nie aan bande gelê deur praktiese implikasies en hulle bespreking wat eintlik nie die taak van die volkekundige is nie;

(3) indien die volkekundige dié houding inneem, word hy ook nie 'n instrument van die partye by die beleid betrokke nie en hy beskerm dus sy wetenskaplike status. Dit is egter die minderheid van volkekundiges wat die mening van 'n algehele afsydigheid met betrekking tot praktiese implikasies handhaaf. Een van die volkekundiges wat baie beslis die mening huldig is Radin. (35)

(b) 'n Tweede houding wat die volkekundige kan inneem, is dat hy sy bevindinge so bekend kan maak dat dit wel kan dien as riglyn vir 'n beleid. Hy skryf dan egter nie voor hoe dit toegepas moet word nie met ander woorde hy het objektief sy bevindinge op 'n wetenskaplike manier gegee en daarmee is sy bydrae afgehandel. Dit bly dan die verantwoordelikheid van die administrasie of hulle daarvan wil gebruik maak of nie. Sekerlik bly hy dan nog 'n objektiewe wetenskaplike en vrywaar hy homself nogtans teen enige politieke implikasie. Dat dit die houding van die volkekundige behoort te wees het ons reeds genoem.

(c)/.....

---

(35) Vgl. Radin, P. - Op. cit. p.p. x - xi

(c) Die derde houding kan wees dat die volkekundige nie alleen sy bevindinge bekend maak nie maar ook aanbevelings doen en daardie metodes en rigtings waarlangs hy glo die situasie die beste gestuur kan word aktief sal propageer. Nou is daar veel wat vir die houding genoem kan word [36] maar daar is miskien meer gevare aan verbonde. Dat Malinowski in die derde klas van volkekundiges val is baie duidelik uit wat reeds genoem is. Gluckman [37] beskou dit as 'n belangrike oorsaak vir Malinowski se egosentrisme.

Tax [38] wys daarop dat dit wil skyn of daar drie maniere is waarop die volkekunde en gegewens en bevindings van die volkekunde deur die administrasie gebruik kan word.

(a) Die personeel van die administrasie kan hulself op hoogte bring met die bestaande volkekundige literatuur oor die groep waarby hulle belang het. Dit is egter onbevredigend veral om die volgende redes :

(1) Die literatuur is gewoonlik nie voldoende nie omdat die data versamel is vanuit wetenskaplike oogpunt en nie vanuit die administrasie se oogpunt nie.

(2) Die administrateur, omdat hy nie onderrig is in die teorie van die volkekunde nie kan nie ten volle van die verstrekte gegewens gebruik maak nie. Vir hom bly die feite slegs geisoleerde verskynsels aangesien hy hulle nie in verband kan bring nie.

(3)/.....

---

(36) Piddington, R. - Op. cit. p. 650
(37) Gluckman, M. - Op. cit. p. 3
(38) Hoebel, Jenning & Smith - Op. cit. p. 390

(3) Hy is nie in staat om van breëre volkekundige veralgemenings gebruik te maak nie aangesien sy volkekundige kennis slegs beperk sal wees tot die groep waarin hy belang stel.

(b) Die administrasie kan opgeleide volkekundiges huur om spesifieke studies vanuit die oogpunt van die administrasie te maak. Vir die volkekundige beteken dit dat hy eintlik die volkekunde vir die oomblik moet vergeet aangesien sy belangstelling in die geval sosiale probleme sal wees en nie soseer wetenskaplike probleme nie.

(c) Die personeel van die administrasie kan opgelei word as volkekundiges. Hulle is dan wat Tax noem "anthropologist-turned-administrator." (39) Sy bydrae is dan nie gerig op die uitbou van wetenskaplike teorie nie maar op die oplos van spesifieke probleme waarvoor die administrasie staan. Dit is vandag die mees algemene wyse waarop die administrasie van volkekundige kennis gebruik maak. Hailey (40) gee 'n hele reeks van instellings waar soortgelyke onderrig van administrateurs in die volkekunde gedoen word. Die belangrikste is :-

(1) Britse gebiede:

"East African Institute of Social Research." (1948)

"West African Institute of Social and Economic Research." (1951)

(2) Franse gebiede:

"Institut d'Ethnologie".
"Institut Francais d'Afrique Noire" (1938)
"Institut d'Etudes Centrafricaines" (1947)

(3) Belgiese gebiede:

"Institut pour la Recherche Scientifique en Afrique Centrale" (1947)
" Centre d'Etudes des Problenies Sociaux Indigenes" (1946)

(4)/....

---

(39) Ibid. p. 391
(40) Hailey, Lord - "An African Survey" p.p. 62 - 67

(4) Portugese en Spaanse gebiede:

"Sociedade de Estudos de Mocambique"
"Centro de Estudos da Guine Portugeusa"
(1945)

Veel diskussie het al plaasgevind oor die vraag of dit wel die taak van die volkekunde is om kultuurkontak en -verandering te bestudeer. Malinowski voël sterk ten gunste van die saak. Weer eens, soos vroeër aangetoon is, bestaan daar hoofsaaklik twee redes waarom hy dit voorstaan.

(a) Sy empirisme: Malinowski glo dat dit eintlik die gebied van die volkekunde is waar die naaste aan eksperimente gekom kan word.

(b) Sy funksionalisme en daaruit voortspruitende teenstand teen historiese rekonstruksie. Dit bring mee dat Malinowski glo dat kultuur alleen bestudeer kan word soos dit tans funksioneer. Kultuurkontak en -verandering is dan juis een van die gebiede waar kultuurwerking soos dit tans voorkom bestudeer kan word.

Heeltemal reg dus as Malinowski kultuurkontak en -verandering as 'n deel van die volkekunde beskou. Dit is geensins iets nuuts nie; deur al die eeue heen het kulture met mekaar kontak gehad, basies was die patroon ook altyd dieselfde naamlik die een kultuur meer of min in 'n dominerende posisie bo die ander. Die taak van die volkekunde is om kultuur te bestudeer en die vernaamste oogpunt is om vas te stel of daar nie sekere geldende wetmatighede en veralgemenings vir alle kultuur vasgelê kan word nie. Sekerlik is dit dus ook die taak van die volkekunde om op die gebied van kontak van kulture na sulke wetmatighede en veralgemenings te soek, temeer nog as ons in gedagte hou dat die kontak van kulture nie 'n geisoleerde verskynsel is nie maar 'n universele verskynsel. Heeltemaal tereg verklaar Krause (41):-

"By adding this new task the scope of ethnology is expanded beyond the world of primitive man into the whole range of humanity."

Ons/.....

---

(41) Krause - "Africa" Vol. V. 1932. p.387

Ons het ook duidelik gesien dat op die gebied van die studie van kultuurkontak en -verandering Malinowski steeds afsydig staan van die historiese elemente en veral historiese rekonstruksie. Ons het in die bespreking van Malinowski se opvattings ten opsigte van die historiese reeds gewys waar hy fouteer. Ons kan hier, in beklemtoning daarvan, dus kortliks let op wat ander volkekundiges omtrent die historiese opmerk ten opsigte van kultuurkontak en -verandering. Krause verklaar :

"If we want to arrive at a full understanding of the cultural life of a people, it is not sufficient, therefore, to know every detail, each element entering into the constitution of the particular culture, nor is it sufficientt to know the complexes within the culture, or the spheres of life and their structure, and finally the structure of the culture as a whole; but it is absolutely necessary, in addition to all this, to know how the present culture came about: out of what previous structure; and under what influences; by what process of change it has developed to its present form." (42)

Herskovits (43) wys ons duidelik daarop dat enige studie van kultuurkontak as uitgangspunt een of ander tydstip in die kultuur se verlede neem en Mair (44) merk op dat dit nie noodwendig beteken dat die uitgangspunt die "zero point" moet wees nie. Bogenoemde is ook 'n verdere bevestiging van Gluckman (45) se kritiek dat Malinowski nie altyd verstaan wat onder historiese bedoel word nie. Dit is die mening van Hunter (46) dat die situasie van kultuurkontak slegs verstaan kan word wanneer die "parent culture" bekend/.....

---

(42) Ibid. p. 385
(43) Spencer (red.) - "Method and Perspective in Anthropology" p. 19
(44) Mair - "Africa" Vol. VII 1934. p. 418
(45) Gluckman, M. - Op. cit. p. 3
(46) Hunter, M. - "Africa" Vol. viii 1934 p. 336

bekend is; Schapera [47] dring aan op historiese kennis van die "tribal culture" ; Krause [48] se vereiste is 'n kennis van die "historical growth of culture". Die belangrikste rede waarom historiese rekonstruksie ook in situasies van kultuurkontak en -verandering gedoen moet word, gee Wagner [49] as hy sê :-

"It is obvious that one cannot study the response alone without knowing in some detail what it is that provokes the response."

Dat Malinowski ook in die studie van kultuurkontak en -verandering na sekere algemene wetmatighede en algemene verskynsels soek, is duidelik [50]. Veral sal hy met sy besondere funksionalistiese opvattings daarna streef om sulke wetmatighede en veralgemenings vas te lê. Malinowski self onderskei byvoorbeeld duidelik die volgende algemene wetmatighede ten opsigte van kultuurkontak en -verandering:

(1) Dat die instansie van verandering die instelling is, [51] naamlik die funksie van die instelling.

(2) Dat verandering, in die sin van aanpassing en in die sin van nuwe skepping, alleen plaasvind wanneer daar nuwe behoeftes ontstaan. [52]

(3) Dat so iets as kultuurreste (survivals) nie bestaan nie. [53]

Ook in hierdie soektog na wetmatighede en algemeenhede regverdig Malinowski homself hoewel daar oor sy metodes meningsverskil sal bestaan, want dit bly per slot van sake die taak van die wetenskap om sulke wetmatighede, algemeen geldende beginsels, ens. aan te toon. Hierdie soektog van Malinowski na wetmatighede, ook die metode

waarop/....

---

(47) Schapera - "Africa" Vol. viii 1934 p.321
(48) Krause - Op. cit. p. 389
(49) Wagner - "Africa" Vol. VI p. 317
(50) Vgl. Radin, P.- Op. cit. p. 172
(51) Malinowski, B.- "Culture"
"Encyclopaedia of Social Sciences" p.625
Malinowski, B.- "A Scientific Theory of Culture" p.41
(52) Malinowski, B.- "A Scientific Theory of Culture" p.41
(53) Ibid. p. 27 p. 28

waarop hy dit probeer vasstel moet gesien word teen die algemene filosofiese erfenis van sy tyd en veral dat alle wetenskaplike studie toe gerig was op die model van die natuurwetenskappe.(54) Of daar werklik sulke wetmatighede in sosiale verband bestaan is geen uitgemaakte saak nie (55)..... maar selfs al sou daar nie op die oomblik sulke wetmatighede bestaan nie, beteken dit nie dat daar nie meer daarvoor gesoek hoef te word nie. Per slot van sake of dit aanvaar word of nie, Malinowski het deur sy navorsing gekom tot sodanige wetmatighede --- en vir wat hy bereik het is sekerlik ook veel te sê!(56)

Ten opsigte van Malinowski se metode vir die bestudering van kultuurkontak en -verandering moet nog enkele opmerkings gemaak word. Daar is gesien hoedat hy 3 ordes of stadia onderskei in so 'n situasie van kontak. Dit is opmerklik dat ook ander volkekundiges drie soortgelyke stadiums onderskei, met hier en daar beklemtoning van ander aspekte. Wagner (57) se drie ordes is :

(a) die aard van die kontak instansies met ander woorde die aard van die bemiddeling wat die kontak meebring;

(b) die tradisionele kultuur vóór die kontak;

(c) die resultaat van die proses van kontak in terme van hoe dit funksioneer na die kontak.

Schapera (58) onderskei die volgende drie ordes:

(a)/.....

---

(54) Malinowski had self ook 'n natuurwetenskaplikeskoling.

(55) Vgl. die menings van Nadel en Evans-Pritchard:
Nadel - Op. cit. p. 101
Evans-Pritchard - Op. cit. p. 117

(56) Dit is die skrywer se mening dat kritiek op Malinowski meestal te negatief is en dat sy positiewe bydrae nie genoeg beklemtoning ontvang nie. Veral die kritiek van Gluckman en Bidney is nie altyd vry te spreek nie.

(57) Wagner - "Africa" Vol. IX 1936 p.317

(58) Schapera - Op. cit. p. 321

(a) rekonstruksie van die tradisionele kultuur;

(b) aard van die kontak met besondere aandag aan die posisie van die dominerende groep;

(c) die resultaat van die proses van kontak dit wil sê die veranderings wat ingetree het.

Net soos bogenoemde skemas van Schapera en Wagner pas ook Malinowski se drieledige benadering hom korrek aan by die situasie van kultuurkontak en -verandering want dit bevat die hele proses van die kontak en verandering. Daar is in enige situasie van kultuurkontak en -verandering drie kulturele realiteite, naamlik die dominerende faktor, die ontvangde element en die verandering wat as gevolg van die kontak intree. Al drie bogenoemde realiteite is ook deeglik in sy skema in aanmerking geneem deur Malinowski.

Aan sy kolommestelsel vir die bestudering van kultuurkontak en -verandering is ook sekere voordele verbonde naamlik :-

(1) Alle aspekte (met uitsondering van kolom D) bestaan nog en kan dus empiries bestudeer word;

(2) daar kan altyd nog verdere kolomme toegevoeg word as dit nodig blyk te wees;

(3) elke probleem kan volgens die metode op eie meriete behandel word;

(4) die metode leen hom vir die maklike en vinnige korrelasie van gegewens, en

(5) dit is 'n metode wat beide waarneem en ontleed en dus baie prakties is. Dit is ook beslis wetenskaplik want gegewens is empiries waargeneem.

In wese breek Malinowski ook nie met hierdie kolomme-stelsel weg van die historiese metode nie. In sy stelsel word deeglik plek gelaat vir die bestudering van die betrokke verlede van die kultuur. Dus hoewel hy in die teorie die historiese metode verwerp kom dit tog in sy praktiese navorsing en sy skema wat hy daarvoor daarstel na vore. Dus weereens die teespraak tussen teorie en praktyk wat in sy studies telkens na vore kom.

In/.....

In sy beskouing van kultuurkontak en -verandering blyk die funksionalisme nogeens duidelik. Daaruit vloei sy empirisme en pragmatisme en afkeur van die historiese metode voort. Verandering in 'n kultuur kan weereens slegs ten volle waardeur word wanneer die verandering ook in die funksies bestudeer word. Daarom sy slotsom dat dit nie die instelling self is wat verander nie maar die funksies van sodanige instellings. Funksie van 'n instelling is primêr en vorm slegs sekonder: funksie van 'n instelling is dus die dinamiese in die proses. Bogenoemde lê ten grondslag van sy beskouing van kultuurkontak en -verandering. Van die historiese metode kan hy egter nooit volkome wegkom nie want selfs sy funksionalisme dra in die kiem 'n mate van historiese inslag. Hyself erken dat kultuurverandering nie in dramatiese ontwikkelingsprongo plaasvind nie maar geleidelik met verloop van tyd. Daar is dus in enige funksie van 'n instelling 'n mate van historiese kontinuiteit. Om dus te kan verstaan hoe die funksie verander het met ander woorde wat die proses van verandering is moet gewoet word wat die funksie was, watter invloede die verandering teweeg gebring het, wat die omstandighede was, ens. Die funksie van 'n instelling verander soos hy self erken, nie binne oomblikke nie en daar sal altyd tot 'n mate sprake wees van die verlede van 'n funksie. Die funksionalisme kan dus selfs nie in die strengste vorm ontkom aan historiese inslag nie.

Dit blyk veral duidelik uit sy opvatting van kultuurkontak en-verandering dat daar vir Malinowski nie so 'n spesifieke verskil was tussen wat destyds bekend was as "<u>cultural change</u>" en "<u>social change</u>" nie. Hyself neem die twee begrippe saam as hy daarop aandring dat dit die instellings is wat by sodanige prossesse bestudeer moet word. Deur sy funksionalisme vorm kultuur en die persone wat dit daarstel nie twee aparte itentiteite nie maar is hulle interafhanklik. Die behoefte van die mens verklaar die funksie van die instelling: die twee sake naamlik die suiwer kulturele en suiwer sosiale staan nie los van mekaar nie, die een is onontbeerlik vir die ander. Dat hierdie opvatting vir die volkekunde behoudend was moet erken word. Die oorbeklemtoning van die kulturele deur die Amerikaanse volkekunde en die sosiale deur die Engelse volkekunde

(Amerika-/..

(Amerika - cultural anthropology; England-social anthropology) is dus deur hom vermy in 'n sintese van beide gedagterigtings wanneer hy weereens beklemtoon dat dit die funksie van instellings is wat bestudeer moet word. In die begrip instelling is beide die personeel (sosiale) van die instelling en die doel (funksie) van die instelling belangrik. Veral die oordrewe standaardisasie van kulture soos in die Amerikaanse volkekunde (cultural patterns) het hy deur sy benadering vrygespring. 'n Verdere bewys vir sy meer geballenseerde beskouing in die verband kan gesien word in die feit dat hy 'n instelling soms beskryf as 'n stelsel van aktiwiteite en weer soms as 'n groep persone met 'n gemeenskaplike doel voor oë. Ongelukkig breek hyself nie volkome met die kultuurkompleks en -patroon teorieë nie omdat meeste van sy werk op die gebied juis in Amerika gedoen is en hy nie volkome vry is van hulle taal nie. Hy onderskei homself egter voldoende van hulle deurdat hy nie hulle opvattings toepas nie. Anders as hulle praat hy van nuwe kulturele realiteite wat tot stand kom en nie van 'n kombinasie van voorheenbestaande of oorgeneemde realiteite nie.

Ongelukkig,nes in die geval van sy suiwer etnografiese navorsing, is sy navorsing op die gebied van die studie van kultuurkontak en - verandering geografies beperk tot Afrika waar die algemene patroon die aanslag van 'n tegnies ontwikkelde blanke kultuur op 'n landelike inboorlingkultuur was. Sy illustrasies is deurgaans uit Afrika, ook nie deur homself waargeneem nie maar uit die resultate van sy studente se navorsing. Sy idees kan dus moeilik toegepas word in situasies waar die verskille nie so groot is tussen die betrokke partye nie en waar omstandighede op ekonomiese, sosiale, politieke en religieuse gebied verskil. Sy veld van ondersoek laat hom weens die beperktheid daarvan nie toe om breë veralgemenings te maak nie - tog maak hy homself skuldig aan sulke veralgemenings soos vroeër genoem is.

Met betrekking tot sy metode vir die bestudering van kultuurverandering is reeds gesien dat hy telkens daarop aandring dat die instelling en die funksie daarvan bestudeer moet word. Sy hele tabelle-skema is daarop gebaseer. Word die kolomme deur hom ingevul egter beskou dan word heel gou opgemerk dat in die kolom vir blanke belange daar

weinig/.....

weinig inskrywings is wat op die instelling betrekking het. Waaroor die genoemde inskrywings wel gaan,is beleid wat niks met instellings te doen het nie en waardeur hy hom vanselfsprekend met die historiese verbind. Weereens dus die teëspraak tussen sy teorie en praktyk. Net so is die inskrywings onder die kolom oorblyfsels van die tradisionele kultuur niks anders as wat ander volkekundiges verstaan as die gerekonstrueerde verlede nie. Sy praktiese skema is niks anders as dieselfde begrippe net onder 'n ander naam nie.

'n Feit wat deur Malinowski oor die hoof gesien word, omdat hyself nooit eintlik praktiese navorsing op die gebied gedoen het nie, is dat tydens empiriese waarneming van kultuurverandering dit die reaksie van individue is wat waargeneem word. Hoewel dit tot 'n mate die optrede van die groep verteenwoordig is dit baie moeilik om presies vas te stel tot watter mate dit die geval is, en wat presies die invloed van andersdenkendes sal wees. Met betrekking tot bogenoemde saak het Malinowski homself nie duidelik uitgelaat nie. Dit is jammer, want dit bly 'n belangrike saak in enige situasie van kontak en verandering en die uitspraak van 'n volkekundige soos Malinowski sou beslis interessant gewees het. Veral sou dit interessant gewees het om te sien hoe hy hier van die historiese element soos sentiment, invloed van die verlede, tradisie, ens. sou losgekom het.

--oOo--

H O O F S T U K VII

SAMEVATTENDE WAARDERING.

(A) NEGATIEWE ASPEKTE.

(a) Biologies-materiële determinisme:

Met sy biologiese fundering van kultuur en teorie van behoeftes is Malinowski streng dogmaties en sy kultuuropvatting en teoretiese navorsingsmetodologie oordrewe biologies - en materieël deterministies; dit lei noodwendig daartoe dat sy logika nie vry is nie, omdat die biologies-materiële determinisme van sy beskouing dit langs bepaalde rigtings stuur. Dit lei in sy teoretiese beskouings tot skematisme waardeur veel van die lewende, dinamiese tendense daarvan verlore gaan. As gevolg van die verabsolutering van die biologiese kom Malinowski tot 'n kunsmatige onderskeiding tussen basiese en biologiese behoeftes. Die verband wat hy aantoon tussen biologiese behoeftes en kultuuruiting is nie alleen nie altyd duidelik nie maar dit is ook baie onoortuigend. As gevolg van hierdie verabsolutering van die biologiese en materiële verwar Malinowski oorsaak vir ontstaan en funksie van kultuurelemente. Sy biologiese verabsolutering lei herhaaldelik daartoe dat hy die mens biologies moet rekondisioneer. Selfs kultuurelemente soos godsdiens, wet, sosiale organisasie ens. herlei hy indirek tot biologiese determinisme. So kom hy dikwels tot 'n onbevredigende verklaring van kultuurelemente. Sy benaderingswyses, gebruik van tabelle, skematisme ens. is alles duidelike tekens van sy vroeëre natuurwetenskaplike skoling waaraan hy blykbaar nie kon ontkom nie en ook dit moet in sy materiële en biologiese determinisme in aanmerking geneem word. Weens die tweeslagtigheid van sy volkekundige beoefening het hierdie determinisme egter net in die teorie geblyk want in sy praktiese navorsing is dit nie merkbaar nie.

(b) Gebrek in terminologie:

Daar bestaan sekere gebreke ten opsigte van sy terminologie. So byvoorbeeld is sy gebruik van die begrip funksie soms verwarrend. Ook sy aanwending van biologiese-,basiese-, primêre-, afgeleide - en sekondêre behoeftes is verwarrend. Die verskil tussen biologiese

impuls/.....

impuls, biologiese behoefte en basiese behoefte is nie bevredigend nie.

(c) Gebruik van die begrip instelling:

By Malinowski se beskouings oor instellings tref een feit dadelik naamlik dat daar eintlik net twee tipes instellings is wat na die biologiese neig. Vir hom is instellings niks anders as 'n brug tussen sy basiese behoeftes en kulturele reaksies nie. Dit is vir hom slegs belangrik en bruikbaar sover dit daardie doel dien. Die beperking in die gebruik daarvan is weereens toe te skryf aan sy biologiese determinisme. Sy aanwending daarvan, as oorbrugging, is dus nie bevredigend nie. Met sy aanwending van die begrip instelling bly die begrip slegs op beskrywende vlak en kan dit nie ook aangewend word vir vergelykende studies nie. Hy beperk dus met sy biologiese determinisme 'n baie bruikbare begrip.

(d) a-Historiese opvatting:

Sy a-historiese opvatting wortel in twee feite:

(1) empirisme: Sy funksionalistiese navorsingspraktyk wat op 'n empiriese grondslag berus verhoed die gebruik van historiese metodes.

(2) funksionalistiese kultuurbeskouing: Volgens hierdie kultuurbeskouing kan 'n kultuur slegs verstaan word soos,op 'n gegewe tydstip, die instellinge waaruit dit bestaan, onderling funksioneer, elkeen as 'n inter-afhanklike deel van die groter geheel van die kultuur. Sake uit die verlede van 'n kultuur kan volgens hierdie beskouing geen lig werp om die kultuur te verstaan soos hy op daardie tydstip funksioneer nie en dit is dus oorbodig.

Die oorbeklemtoning van die dinamiese, wat deur sy funksionalistiese beskouing meegebring word lei dus tot die uitsluiting van die historiese. Die groot gebrek in sy metodologie is dan ook hierdie verwerping van die historiese as 'n geldige metode in die Volkekundige navorsingspraktyk.

Bidney (1) wys daarop dat Malinowski die kulturele nominalisme of pluralisme voorstaan wat beteken dat daar 'n universele kultuur is en dit veronderstel in alle

kultuur/...

---

(1) Bidney, D. - "Theoretical Anthropology" p. 368

kultuur 'n mate van historiese kontinuiteit; nogtans ontken Malinowski die historiese tegnieke as geldig vir die volkekunde. Deurdat hy funksie primêr en vorm sekondêr maak slaag hy nie daarin om die kultuur-geskiedenis te sien as integrale deel van die volkekunde nie. (2) Malinowski verloor uit gedagte dat elke gebeurtenis van die hede die produk is van 'n gebeurtenis van die verlede; die hede kan nooit sonder die verlede verstaan word nie. Bruwer (3) wys daarop dat die probleme wat kultuurkontak met die blanke meebring nie verstaan kan word sonder 'n grondige kennis van die Bantoe se tradisionele kultuur nie.

(e) Beperktheid van sy navorsing:

Malinowski het die meeste van sy veldnavorsing slegs in een gebied gedoen naamlik onder die Trobrianders van Nieu-Guinea; ander gebiede is wel deur hom besoek maar sy navorsing daar het nooit die diepte bereik van die in Nieu-Guinea nie. Sy hele loopbaan as volkekundige wortel in hierdie besoeke aan Nieu-Guinea. (4) Die Trobrianders se kultuur vorm egter 'n betreklike klein samehangende eenheid; omdat sy navorsingspraktyk nooit op groter kultuureenhede toegepas is nie is dit moeilik om dit te beoordeel en die werklike waarde daarvan te bepaal. In teorie het sy funksionalistiese beskouing ook sy bespiegelinge meestal tot die beskrywende vlak beperk.

(f) Veralgemenings:

'n Verdere groot gebrek in die werk van Malinowski is sy veralgemenings. (5) Benedict (6) wys

daarop/...

(2) Ibid. 275
(3) Bruwer - "Die Bantoe van Suid-Afrika" Voorwoord.
(4) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 231. p.240
(5) Ibid. p. 239
(6) Benedict, R. - "Pattern of Culture" p. 35

daarop dat Malinowski sy bevindinge in Nieu-Guinea onder die Trobrianders veralgemeen en as geldend beskou vir alle kulture. Herskovits (7), Ackerknecht (8) en Nadel (9) wys almal op sodanige veralgemenings.

(g) Malinowski se onregverdige kritiek:

Daar mag nie nagelaat word om te noem dat Malinowski se kritiek op ander soms onregverdig en heeldikwels onverdraagsaam is nie, (10) soos ook in Hoofstuk III aangetoon is.

"Malinowski was a controversial figure whose final position was an eclectic synthesis of views which he had subjected to harsh, often unfair criticism." (11)

(h) Weersprekings:

Aansluitend by sy dikwels onregverdige kritiek moet ook nog genoem word dat hy homself dikwels weerspreek.(12) So doen hyself dikwels dinge byvoorbeeld gebruikmaking van historiese metode, wat hy in beginsel en in sy kritiek verwerp. (13) Sy tweeslagtige beoefening van die volkekunde moet ook in die verband in aanmerking kom naamlik dat sy teorie en praktyk in konflik staan met mekaar. Hieruit spruit juis baie van sy eie teësprake: in sy teorie is hy tot skematisme en eensydigheid geneig; hy is egter so 'n bekwame praktiese navorser dat hy met sy eie teoretiese uitsprake in konflik kom en dit eenvoudig dan net veronagsaam.

Bogenoemde is dan die belangrikste negatiewe aspekte wat uit sy volkekundige beoefening blyk.

(B)/.....

---

(7) Herskovits, M. - "Cultural Anthropology" p.372
(8) Spencer (red.) - "Method and Perspective in Anthropology" p. 123
(9) Nadel, S.F. - Op. cit. p. 27
(10) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 234
(11) Bidney, D. - Op. cit. p. 235
(12) Lowie, R.H. - Op. cit. p. 238
(13) Ibid. p. 239

(B) POSITIEWE ASPEKTE:

Daar was veral twee positiewe aspekte in Malinowski se volkekundige beoefening naamlik sy eie briljante navorsing en sy stimulerende invloed op die volkekunde.

(a) Stimulerende invloed:

Daar kan geen twyfel bestaan dat Malinowski aan die volkekunde 'n hoogs nodige stimulus gegee het nie. Sy bydrae tot die volkekunde was veelvuldig; so bring hy spesialisasie in die volkekunde wat voorheen ontbreek het; stel hy nuwe standaarde vir veldnavorsing; laat hy 'n indrukwekkende aantal navorsingspublikasies na wat die Trobrianders wêreldbekend gemaak het; is sy erflating aan die volkekunde 'n aantal volkekundiges opgelei in die wetenskaplike geskooldheid van die volkekunde; kortom, sy bydrae was van onskatbare waarde. Malinowski se teoretiese beskouings het nie werklik skade in die volkekunde aangerig nie, want :

(1) Dit blyk nie sterk in sy eie monografieë nie.

(2) Dit was beperk tot die teoretiese vlak en het daar eerder stimulerende invloed gehad.

(3) Geen navorser na hom het werklik hierdie teoretiese idees van hom nagevolg nie.

(b) Sy eie veldnavorsing:

Dit was ongetwyfeld sy grootste bydrae tot die volkekunde. Die vooruitgang wat volkekunde op die gebied van tegniek van veldnavorsing gemaak het in die afgelope sestig jaar moet grootliks aan die nuwe en hoër standaarde toegeskryf word wat Malinowski vir veldnavorsing daargestel het. Met sy eie veldnavorsing onder die Trobrianders het hy aan die etnografie 'n demensie gegee wat voorheen geheel en al ontbreek het. By die volkekundiges van vandag het Malinowski se veldnavorsingstandaarde al so 'n vanselfsprekenheid geword dat hy dikwels as die vader daarvan vergeet word.

Metodologies kan 'n persoon die beste getoets word aan sy eie praktiese navorsing.[14] Malinowski

daurstaan/...

(14) Van Jaarsveld, F. - "Oor Metodologiese ondersoek in ons geskiedbeskrywing."
Tydskrif vir Wetenskap & Kuns.
Oktober 1953.

deurstaan, wat sy praktiese navorsing betref, hierdie toets besonder goed:

(1) sy praktiese navorsing staan altyd los van hom en sy persoonlikheid kom nooit daarby in gedrang nie;

(2) sy praktiese navorsing kan 'n eie bestaan voer in die wêreld van die objektiewe gees. Geen groter kwalifikasie is seker daarvoor nodig nie.

(c) Tweeslagtigheid van sy navorsing:

Dit word hier as 'n positiewe aspek genoem want dit was die behoud van sy praktiese navorsing. Ons het reeds daarop gewys dat dit ontstaan het as gevolg van die konflik tussen sy teoretiese norme vir die metodologie van veldnavorsing en sy eie praktiese beoefening van die metodologie van die volkekunde. Waar sy teoretiese uitsprake egter in konflik gekom het met sy praktiese navorsing het hy dit veronagsaam.

(C) ALGEMENE SLOTSOM:

As samevattend 'n uitspraak oor sy funksionalistiese opvattings en navorsingspraktyk gegee moet word sal dit kan wees : in die algemeen moet sy teoretiese opvattings en eise verwerp word, in die besonder moet sy praktiese navorsingspraktyk en die resultate wat hy daarmee behaal het hoelhartig aanvaar word; teoretiese beskouings en praktiese navorsing is by hom maar baie oppervlakkig verwant en kan beskou word as vallende op twee heel verskillende vlakke.

As veldnavorser troon hy uit in die volkekunde as 'n reus onder die reuse; as teoretikus en volkekundige filosoof is hy veel minder indrukwekkend.

--oOo--

B R O N N E L Y S

1. Bartlett. - Psychological Methods and Anthropological Problems. Africa. Vol. 10. 1937 Oxford. U.P. London.

2. Beals en Hoijer. - Introduction to Anthropology. MacMillan Co. New York. 1959.

3. Benedict, R. - Patterns of Culture. Routledge & Kegan Paul. London 1955.

4. Bidney, D. - Theoretical Anthropology. Columbia U.P. New York. 1960.

5. Boas, F. - Race, Language and Culture. MacMillan Co. New York. 1948.

6. Boas, F. - General Anthropology. Heath & Co. New York. 1938.

7. Bruwer, J.P. - Die Bantoe van Suid Afrika. A.P.B. Jphannesburg. MCMLVII.

8. Chapin. - Culture Change. W.C. Brown & Co. Iowa. 1928.

9. Coertze, (red.) - Inleiding tot die Algemene Volkekunde. Voortrekkerpers. Johannesburg. 1960.

10. Coetzee, J.H. - Die Volkekunde in U. Lig." Koers. Junie 1956.

11. Coser en Rosenberg. - Sociological Theory. MacMillan Co. New York. 1959.

12. Driberg. - At Home with the Savage. Routledge & Co. London. +

13. du Plessis, L.J. - Aard, Doel en Uitingsvorme van Kultuur in die Menslike Samelewing. Kulturele Roepingsleer. P.U. vir C.H.O. (Ongepubliseerd).

14. Elkin, A.P. - Australian Aborigenes. Argus & Robertson, Sydney 1956.

15. Evans-Pritchard, Firth et.al. - The Institutions of Primitive Society. Blackwell. Oxford. 1959.

16. Evans-Pritchard. - Social Anthropology. Cohen & West Ltd. London 1952.

+ Datum van uitgawe nie aangegee nie.

17. Firth, R. (red.) - Man and Culture: an Evaluation of the Work of Malinowski. Routledge & Kegan Paul. London 1957.

18. Firth, R. - Elements of Social Organization. Watts & Co., London 1956.

19. Gluckman, M. - Malinowski's Sociological Theories. Rhodes-Livingston Paper 16. Oxford U.P. London 1949.

20. Goldenweiser, A. - Anthropology. Crofts & Co. New York 1946.

21. Goodfellow. - Principles of Economic Sociology. Routledge & Co. London 1939.

22. Haddon, A.C. - History of Anthropology. Watts & Co. London. 1949.

23. Haily, Lord. - An African Survey. Oxford U.P. London 1957.

24. Haring, D.G. - Personal Character and Cultural Milieu. Syracuse U.P. Syracuse 1956.

25. Herskovits, M.J. - Cultural Anthropology. A.E. Knopf. New York 1958.

26. Hoebel, E.A. - Man in the Primitive World. MacGraw Hill. New York 1958.

27. Hoebel, Jenning & Smith. - Readings in Anthropology. MacGraw Hill. New York. 1958.

28. Hunter. - Methods of Study in Culture Contact. Africa. Vol. 7. 1934. Oxford U.P. London.

29. Krause. - Ethnology and the Study of Culture Change. Africa. Vol. 5. 1932 Oxford. U.P. London.

30. Kelley en Rasey. - Education and the Nature of Man. Harper Co. New York. 1952.

31. Kroeber, A.L. - Anthropology. Harcourt Brace & Co. New York. 1948.

32. Leith-Ross. - African Women. Faber & Faber. London MCMXXXIX.

33. Linton, R. - The Study of Man. Appleton-Century-Croft. New York. +

34. Lowie, R.H. - The History of Ethnological Theory. Harrap & Co. London +

+ Datum van uitgawe nie aangegee nie.

35. Lowie, R.H. - Cultural Anthropology.
Harrap & Co. London. +

36. Mair. - The Study of Culture Contact as a Practical Problem.
Africa. Vol. 7.
Oxford. U.P. London. 1934.

37. Maclver & Page. - Society.
MacMillan. London. 1959.

38. Malinowski, B. - Crime and Custom in Savage Society.
Paul, Trench, Trubner Ltd. London 1932.

39. Malinowski, B. - Argonauts of the Western Pacific.
Routledge & Paul. London. 1950.

40. Malinowski, B. - Practical Anthropology.
Africa. Vol. 2.
Oxford. U.P. London. 1929.

41. Malinowski, B. - Coral Gardens and their Magic.
Allen & Unwin Ltd. London. +

42. Malinowski, B. - The Rationalization of Anthropology and of Administration.
Africa. Vol. 3.
Oxford. U.P. London. 1930.

43. Malinowski, B. - A Scientific Theory of Culture and other Essays.
North Carolina U.P. 1944.

44. Malinowski, B. - The Present State of Studies in Culture Contact: some comments on American Approach.
Africa. Vol. 12.
Oxford. U.P. London. 1939.

45. Malinowski, B. - Dynamics of Culture Change.
Yale U.P. New Haven. 1958.

46. Malinowski, B. - Culture.
Encyclopaedia of Social Science.
Vol. 4. p.p. 621 - 626.
MacMillan Co. London 1930.

47. Malinowski, B. - The Sexual Life of Savages.
Routledge & Kegan Paul.
London, 1957.

48. Malinowski, B. - Sex and Repression in Savage Society.
Meridian Books. New York. 1959.

49. Mitchell. - The Anthropologist and the Practical Man.
Africa. Vol 3.
Oxford. U.P. London. 1930.

+ Datum van uitgawe nie aangegee nie.

50. Mühlmann, W. - Methodik der Völkerkunde.
Enke Verlag. Stuttgart. 1938.

51. Nadel, S.F. - The foundations of Social Anthropology.
Cohen & West Ltd. London. 1951.

52. Nadel, S.F. - The Theory of Social Structure.
Cohen and West. London 1957.

53. Nadel, S.F. - A Black Byzantium.
Oxford. U.P. London. 1946.

54. Penniman, T.K. - A Hundred Years of Anthropology.
Duckworth & Co. London 1952.

55. Piddington, R. - Introduction to Social Anthropology.
Oliver & Boyd. London 1957.

56. Potgieter, E.F. - Die Taak van die Volkekunde.
Universiteit van S.A. A.5 1956.

57. Radcliff-Brown. - Structure and function in Primitive Society.
Cohen & West. Ltd. London 1952.

58. Radin, P. - Method and Theory of Ethnology.
MacGraw Hill. New York. 1933.

59. Read, M. - Education and Social Change in Tropical Areas.
Nelson & Sons Ltd. London. 1956.

60. Rowse, A.L. - The Use of History.
English U.P. London. 1948.

61. Ruxton. - An Anthropological no-mans-land.
Africa. Vol. 3,
Oxford U.P. London 1930.

62. Schapera, I. - Select Bibliography of South African Native Life and Problems.
Oxford U.P. London 1941.

63. Schapera, I. - Field Methods in the Study of Modern Culture Contact.
Africa. Vol. 8. 1936.

64. Schapiro, H.L. - Man, Culture and Society.
Oxford U.P. New York. 1956.

65. Spencer, (red.) - Method and Perspective in Anthropology.
Minnesota U.P. Minneapolis 1954.

66. Strauss, H.J. - Christlike Wetenskap.
S.A.C.U.M. Bloemfontein 1953.

67. Stoker, H.G. - Die Mensbeskouing in die Wysbegeerte.
Koers. Jan - Feb. 1960.

68. Stoker, H.G. - Praktiese Calvinisme.
Pro Rege-Pers. Potchefstroom 1956.

69. Thomas, W.L. - Current Anthropology.
Chicago U.P. Chicago. 1956.

70. van Jaarsveld, F. - Oor metodologiese Ondersoek in ons Geskiedbeskrywing.
Tydskrif vir Wetenskap en Kuns.
S.A. Akademie Oktober 1953.

71. Wagner. - The Study of Culture Contact and the Determination of Policy.
Africa. Vol. 9.
Oxford U.P. London. 1936.

72. Warner. - Methodology and Field Research in Africa.
Africa. Vol. 6.
Oxford. U.P. London. 1933.

73. Ward, I. - Practical Suggestions for learning an African Language in the Field.
Africa. Vol. 10.
Oxford U.P. London. 1937.

Skrywer onbekend. - Die mens se Roeping ten opsigte van Kultuur.
Kulturele Roepingsleer.
P.U. vir C.H.O.
(Ongepubliseerd).

74. Wright, W.K. - A History of Modern Philosophy.
MacMillan Co. New York. 1946.

--oOo--